

2017

Waarnemende Dekaan:
Prof DJ Malan
DPhil (Stell)

**Fakulteit
Ekonomiese en
Bestuurswetenskappe**



Akademiese Programme en Fakulteitsinligting

JAARBOEK DEEL 10



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

Jaarboek

Wysigings, aanspreeklikheid en akkuraatheid

- In hierdie publikasie sluit woorde wat die manlike geslag aandui die vroulike geslag in, tensy die samehang van die woorde uitdruklik daarmee strydig is of die teendeel aandui.
- Die Universiteit behou hom die reg voor om te eniger tyd wysigings aan die Jaarboekdele aan te bring.
- Die Raad en die Senaat van die universiteit aanvaar geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat in die inhoud van Jaarboekdele mag voorkom nie.
- Alle redelike sorg is egter gedra om te verseker dat die Jaarboekdele die tersaaklike inligting wat met die ter perse gaan beskikbaar was, akkuraat en volledig weergee.

Waar vind ek die gedrukte weergawes van die Jaarboekdele?

- Die gedrukte weergawes van die Jaarboekdele kan by die Hulptoonbank in die Admin A-gebou verkry word.
- Afrikaanse (Deel 1 tot 12) en Engelse kopieë van die afsonderlike dele is beskikbaar.

Waar vind ek die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele?

- Die elektroniese weergawe van die Jaarboekdele is by www.sun.ac.za/Jaarboek beskikbaar.

Die verdeling van die Jaarboek

- Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.
- Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Studente word versoek om hulle veral te vergewis van al die bepalings in Deel 1 van die Jaarboek wat op hulle van toepassing is.
- Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die fakulteitsjaarboekdele.

Deel	Jaarboek
Deel 1	Algemeen
Deel 2	Beurse en Lenings
Deel 3	Studentegelde
Deel 4	Lettere en Sosiale Wetenskappe
Deel 5	Natuurwetenskappe
Deel 6	Opvoedkunde
Deel 7	AgriWetenskappe
Deel 8	Regsgeleerdheid
Deel 9	Teologie
Deel 10	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Deel 11	Ingenieurswese
Deel 12	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Deel 13	Krygskunde

Inhoudsopgawe

Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik.....	1
1. Voornemende voorgraadse studente.....	1
2. Voornemende nagraadse studente	1
3. Geregistreerde voorgraadse studente.....	2
4. Geregistreerde nagraadse studente	2
Algemene Inligting.....	3
1. Agtergrond en struktuur van die fakulteit	3
2. Taal aan die Universiteit	3
3. Hoe om met die Universiteit te kommunikeer.....	3
4. Hoe om met die Fakulteit te kommunikeer.....	4
5. Graadprogramme van die Fakulteit	4
6. Voorgraadse programme aangebied en kredietwaardes.....	5
7. Nagraadse diplomas.....	6
8. Minimum programspesifieke toelatingsvereistes vir 2017	6
9. Hoofvakvereistes	8
10. Ekstra vakke.....	8
11. Voorgraadse newe-, voor- en slaagvoorvereistes	8
12. Eksamenleenthede	21
13. Roosterbetsings.....	21
14. Dekaanvergunningseksamens (DVE's).....	22
15. Unisa registrasie vir nie-graaddoeleindes	22
16. Aansoekprosedures, keuringsbeginsels en die registrasieproses	22
Voorgraadse Programme.....	26
1. Breë programme.....	26
1.1 BCom-programme.....	26
1.1.1 BCom	26
1.2 BCom (Bestuurswetenskappe)	29
1.2.1 BCom (Bestuurswetenskappe) Algemeen	29
1.2.2 BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Bemarkingsbestuur	31

1.2.3	BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Entrepreneurskap en Innovasiebestuur.....	33
1.2.4	BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Finansiële Bestuur.....	34
1.2.5	BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Innovasiestelselbestuur	36
1.2.6	BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Kwantitatiewe Bestuur.....	38
1.2.7	BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Landbou-ekonomie	40
1.2.8	BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Logistieke Bestuur	42
1.2.9	BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Menslike Hulpbronbestuur	44
1.2.10	BCom (Bestuurswetenskappe): Fokusarea Openbare en Ontwikkelingsbestuur	46
1.3	BCom (Ekonomiese Wetenskappe)-programme	48
1.3.1	BCom (Ekonomiese Wetenskappe) Algemeen	48
1.3.2	BCom (Ekonomiese Wetenskappe): Fokusarea Ekonometrici	51
1.3.3	BCom (Ekonomiese Wetenskappe): Fokusarea Ekonomiese en Bestuurskonsultante.....	52
1.3.4	BCom (Ekonomiese Wetenskappe): Fokusarea Finansiële Sektor	53
1.3.5	BCom (Ekonomiese Wetenskappe): Fokusarea Vervoerekonomie	55
1.4	BCom (Wiskundige Wetenskappe)-programme.....	57
1.4.1	BCom (Wiskundige Wetenskappe) Algemeen	57
1.4.2	BCom (Wiskundige Wetenskappe) Fokusarea Finansiële Risikobestuur.....	59
1.4.3	BCom (Wiskundige Wetenskappe) Fokusarea Operasionele Navorsing	60
1.4.4	BCom (Wiskundige Wetenskappe) Fokusarea Rekenaarwetenskap....	62
1.4.5	BCom (Wiskundige Wetenskappe) Fokusarea Wiskundige Statistiek	64
1.5	BCom (Internasionale Besigheid)	66
2.	Professionele Programme.....	69
2.1	BRek.....	69
2.2	BCom (Aktuariële Wetenskap)	70
2.3	BCom (Bedryfsielkunde).....	72
2.4	BCom (Bestuursrekeningkunde)	74
2.5	BCom (Finansiële Rekeningkunde).....	75
2.6	BCom: Fokusarea Beleggingsbestuur.....	76
2.7	BCom: Fokusarea Finansiële Beplanning	78

3.	Programme wat studie in Regsgeleerdheid insluit	79
3.1	BCom (Regsgeleerdheid)	79
3.2	BRekLLB	81
4.	Vierjarige Baccalaureusprogram (Verlengde graadprogram): BCom (Bestuurswetenskappe) VGP	83
4.1	BCom (Bestuurswetenskappe) VGP (Verlengde graadprogram)	84
Nagraadse Programme.....		87
Voorgraadse modulevereistes vir nagraadse programme.....		87
1.	Nagraadse diplomaprogramme.....	90
1.1	Nagraadse Diploma in Aktuariële Wetenskap.....	90
1.2	Nagraadse Diploma in Bemaking	92
1.3	Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en administrasie (Bellvillepark- kampus).....	93
1.4	Nagraadse Diploma in Dispuutbeslegting (Bellvillepark-kampus)	95
1.5	Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning (Bellvillepark-kampus).....	96
1.6	Nagraadse Diploma in Leierskapontwikkeling (Bellvillepark-kampus).....	97
1.7	Nagraadse Diploma in MIV/Vigs-bestuur	99
1.8	Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur	100
1.9	Nagraadse Diploma in Ontwikkelingsfinansies (Bellvillepark-kampus).....	102
1.10	Nagraadse Diploma in Projekbestuur (Bellvillepark-kampus)	103
1.11	Nagraadse Diploma in Toekomststudie (Bellvillepark-kampus).....	105
1.12	Nagraadse Diploma in Vervoer en Logistiek (Bellvillepark-kampus).....	106
1.13	Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling (Bellvillepark-kampus)...	109
2.	Honneursprogramme.....	120
2.1	HonsBCom.....	120
2.1.1	HonsBCom (Aktuariële Wetenskap)	120
2.1.2	HonsBCom (Bedryfsielkunde)	121
2.1.3	HonsBCom (Bestuursrekeningkunde)	124
2.1.4	HonsBCom (Ekonomie)	125
2.1.5	HonsBCom (Ekonomie en Wiskundige Statistiek).....	128
2.1.6	HonsBCom (Finansiële Analise)	130
2.1.7	HonsBCom (Finansiële Risikobestuur)	132
2.1.8	HonsBCom (Informasiestelselbestuur).....	133
2.1.9	HonsBCom (Kwantitatiewe Bestuur)	134

2.1.10	HonsBCom (Landbou-ekonomie).....	135
2.1.11	HonsBCom (Logistieke Bestuur).....	136
2.1.12	HonsBCom (Menslike Hulpbronbestuur).....	138
2.1.13	HonsBCom (Ondernemingsbestuur).....	140
2.1.14	HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Bemarkingsbestuur).....	143
2.1.15	HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Finansiële Bestuur).....	144
2.1.16	HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Strategie en Innovasie).....	145
2.1.17	HonsBCom (Openbare en Ontwikkelingsbestuur).....	147
2.1.18	HonsBCom (Operasionele Navorsing).....	149
2.1.19	HonsBCom (Statistiek).....	150
2.1.20	HonsBCom (Vervoerekonomie).....	152
2.1.21	HonsBCom (Wiskundige Statistiek).....	153
2.1.22	HonsBCom (Wiskundige Statistiek): Fokus Datawetenskap.....	154
2.2	HonsBA.....	156
2.2.1	HonsBA (Publieke Administrasie).....	156
2.3	BHons.....	158
2.3.1	BPubAdminHons.....	158
2.4	HonsBRek.....	161
3.	Magisterprogramme	163
3.1	MCom.....	163
3.1.1	MCom (Aktuariële Wetenskap).....	163
3.1.2	MCom (Bedryfsielkunde).....	164
3.1.3	MCom (Belasting).....	166
3.1.4	MCom (Ekonomie).....	168
3.1.5	MCom (Finansiële Risikobestuur).....	171
3.1.6	MCom (Kwantitatiewe Bestuur).....	173
3.1.7	MCom (Landbou-ekonomie).....	174
3.1.8	MCom (Logistieke Bestuur).....	175
3.1.9	MCom (Menslike Hulpbronbestuur).....	176
3.1.10	MCom (Ondernemingsbestuur).....	178
3.1.11	MCom (Openbare en Ontwikkelingsbestuur).....	179
3.1.12	MCom (Operasionele Navorsing).....	182
3.1.13	MCom (Rekenaarouditering).....	183

3.1.14	MCom (Statistiek)	184
3.1.15	MCom (Vervoereconomie)	186
3.1.16	MCom (Wiskundige Statistiek)	187
3.2	MRek.....	189
3.2.1	MRek (Belasting)	189
3.3	MA (Openbare en Ontwikkelingsbestuur).....	191
3.4	M (Publieke Administrasie)	193
3.5	MPhil.....	196
3.5.1	MPhil (Bestuursafrigting).....	196
3.5.2	MPhil (MIV/Vigs-bestuur).....	198
3.5.3	MPhil (Omgewingsbestuur).....	199
3.5.4	MPhil (Ontwikkelingsfinansies)	201
3.5.5	MPhil (Toekomsstudie).....	204
3.5.6	MPhil (Volhoubare Ontwikkeling).....	205
3.6	Magister in Besigheidsbestuur en Administrasie (Bellvillepark-kampus).....	210
4.	Doktorale Programme	215
4.1	Die PhD-graad.....	215
4.2	Transdissiplinêre doktorale program toegespits op kompleksiteit en volhoubaarheidstudies	216
4.3	Die Nagraadse Skool van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (GEM)	218
Vakke, Modules en Module-inhoude	220
Verklaring van nommers en afkortings	220
Slaag-, voor en newevereistes	221
Departement Algemene Taalwetenskap.....	222
Departement Bedryfsielkunde	222
Departement Ekonomie.....	226
Departement Handelsreg	229
Departement Inligtingswetenskap	230
Departement Landbou-ekonomie	231
Departement Logistiek	233
Departement Ondernemingsbestuur	241
Skool vir Rekeningkunde	250
Skool vir Publieke Leierskap	255
Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap	258

Departement Wiskundige Wetenskappe (Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap.....	272
US Taalsentrum.....	277
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.....	278
Navorsings- en Diensinstansies.....	280
Afrika-sentrum vir Dispuutbeslegting (US Nagraadse Bestuurskool).....	280
Afrika-sentrum vir MIV/Vigs-bestuur	280
Die Buro vir Ekonomiese Onderzoek (BEO)	280
Instituut vir Toekomstnavorsing (ITN) (US Nagraadse Bestuurskool)	280
Sentrum vir Korporatiewe Bestuur.....	281
Sentrum vir Statistiese Konsultasie	281
Skool vir Publieke Leierskap (SPL).....	281
Alfabetiese Vaklys.....	282

Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik

Hiermee riglyne van waar om inligting in die verskeie hoofstukke in hierdie Jaarboekdeel op te spoor. Raadpleeg die inhoudsopgawe vir die bladsynommers van die hoofstukke waarna hieronder verwys word.

1. Voornemende voorgraadse studente

- Voorgraadse Programme-afdeling
 - Inligting oor voorgraadse studieprogramme wat aangebied word;
 - Die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme; en
 - Die vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing.
- Vakke, Modules en Module-inhoude-afdeling
 - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
 - Definisies van slaagvoorvereiste, voorvereiste en newevereiste modules; en
 - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van modules in die afdeling Voorgraadse Programme gebruik word.
- Algemene Inligting-afdeling
 - Inligting oor die Taal aan die Universiteit;
 - Inligting oor die proses van inskrywingsbestuur, wat neerkom op keuring vir toelating tot studieprogramme; en
 - Inligting oor kommunikasie met die Universiteit, wat 'n verduideliking van die begrip “studentenommer” insluit en relevante navraagpunte met kontak-besonderhede aandui.
- Indeks
 - 'n Indeks van voorgraadse vakke wat in studieprogramme van die Fakulteit gevolg kan word (soos die vakke in die afdeling Vakke, Modules en Module-inhoude voorkom), is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

2. Voornemende nagraadse studente

- Nagraadse Programme-afdeling
 - Inligting oor nagraadse studieprogramme wat aangebied word;
 - Die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme;
 - Inligting oor spesifieke sluitingsdatums vir aansoeke, en ander relevante inligting, byvoorbeeld keuring vir toelating; en
 - Die vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing.
- Vakke, Modules en Module-inhoude-afdeling
 - 'n Verduideliking wat vakke teenoor modules; en
 - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van modules in die afdeling Nagraadse Programme gebruik word.

- Algemene Inligting-afdeling
 - Inligting oor die Taalbeleid van die Universiteit; en
 - Inligting oor kommunikasie met die Universiteit, wat ’n verduideliking van die begrip “studentenommer” insluit en relevante navraagpunte met kontakbesonderhede aandui.

3. Geregistreerde voorgraadse studente

- Voorgraadse Programme-afdeling
 - Inligting oor voorgraadse studieprogramme wat aangebied word; en
 - Die vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing.
- Vakke, Modules en Module-inhoude-afdeling
 - ’n Verduideliking van vakke teenoor modules;
 - ’n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van die modules in die afdeling Voorgraadse Programme gebruik word;
 - Die afkortings en definisies wat vir die doseerlading van individuele modules gebruik word;
 - ’n Aanduiding by die individuele modules wat die doseerlading daarvan is;
 - Die definisies van slaag-, voorvereiste en newevereiste modules, asook ’n aanduiding by die individuele modules watter van hierdie vereistes daarvoor geld, indien enige; en
 - Die wyse waarop individuele modules geassesseer word, veral waar ’n module deurlopend of buigsam geassesseer word.
- Algemene Inligting-afdeling
 - Die Fakulteit se beleid oor die toestaan van Dekaaansvergunningseksamens aan finalejaarstudente;
 - Inligting oor die Taalbeleid van die Universiteit en die Fakulteit; en
 - Inligting oor kommunikasie met die Universiteit, asook relevante navraagpunte met kontakbesonderhede.
- Indeks
 - ’n Indeks van voorgraadse vakke wat in studieprogramme van die Fakulteit gevolg kan word (soos die vakke in die afdeling Vakke, Modules en Module-inhoude voorkom), is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

4. Geregistreerde nagraadse studente

- Nagraadse Programme-afdeling
 - Inligting oor nagraadse studieprogramme wat aangebied word; en
 - Die vakke en modules wat vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing.

Algemene Inligting

1. Agtergrond en struktuur van die Fakulteit

Sedert sy totstandkoming in 1925 het die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) van slegs 15 studente tot 8 000 gegroei. Dit is die grootste van die Universiteit Stellenbosch se tien fakulteite. Die Fakulteit dien as bakermat vir vooraanstaande sakeleiers en entrepreneurs deur goed opgeleide en afgeronde graduueerdes te lewer wat toegegerus is om die sakesektor te dien.

Vyf akademiese departemente, drie skole, vyf navorsingsentrums en 'n instituut is verantwoordelik vir die Fakulteit se onderrig en navorsing. Dit sluit die volgende departemente en skole in: Bedryfsielkunde, Ekonomie, Logistiek, Ondernemingsbestuur, Publieke Leierskap, Rekeningkunde, Statistiek en Aktuariële Wetenskap, asook die Bestuurskool (USB).

2. Taal aan die Universiteit

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in 'n diverse samelewing en streef deur die Taalbeleid daarna om billike toegang tot die US uit te brei vir alle studente en personeellede. Meertaligheid word as 'n belangrike onderskeidende kenmerk van die US bevorder. Afrikaans, Engels en isiXhosa word in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste gebruik. Pedagogies verantwoordbare onderrig en leer word deur middel van Afrikaans en Engels gefasiliteer. Meer inligting oor taal aan die US is beskikbaar op die webwerf www.sun.ac.za/taal.

3. Hoe om met die Universiteit te kommunikeer

3.1 Gebruik van studentenummer

- By die hantering van nuwe formele aansoeke ken die Universiteit aan elke aansoeker 'n studentenummer toe. Die studentenummer dien as unieke identifikasie van die betrokke individu om toekomstige kommunikasie te vergemaklik.
- Wanneer u studentenummer aan u bekend gemaak is, moet u dit asseblief in alle toekomstige korrespondensie met die Universiteit vermeld.

3.2 Stuur korrespondensie aan die volgende adresse

- Korrespondensie in verband met akademiese aangeleenthede, d.w.s. studie-aangeleenthede, beurse en lenings, ens., moet gerig word aan:

Die Registrateur
Universiteit Stellenbosch
Privaat Sak X1
MATIELAND
7602

- Korrespondensie in verband met finansiële en dienste-aangeleenthede, insluitend diensaspekte van koshuise, moet gerig word aan:

Die Bedryfshoof
 Universiteit Stellenbosch
 Privaat Sak X1
 MATIELAND
 7602

4. Hoe om met die Fakulteit te kommunikeer

4.1 Belangrike kontakinligting van die Fakulteit

	Telefoonnommer	Faksnommer	E-posadres
Kontaksentrum	021 808 9111	021 808 3822	info@sun.ac.za

4.2 Stuur korrespondensie vir die Fakulteit na die volgende adresse

Die Dekaan
 Fakulteit van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
 Universiteit van Stellenbosch
 Privaatsak X1
 Matieland
 7602

Skool vir Publieke Leierskap
 Posbus 610
 BELLVILLE
 7535

Bestuurskool
 Posbus 610
 BELLVILLE
 7535

Webtuiste van die Universiteit: www.sun.ac.za
 Webtuiste van die Fakulteit: www.sun.ac.za/ems
 Elektroniese kommunikasie: info@sun.ac.za

5. Graadprogramme van die Fakulteit

B-grade	HonsB-grade	M-grade	D-grade
BCom	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Bestuurswetenskappe)	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Ekonomiese Wetenskappe)	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Wiskundige Wetenskappe)	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Aktuariële Wetenskap)	HonsBCom	MCom	PhD

B-grade	HonsB-grade	M-grade	D-grade
BRek	HonsBRek	MRek	PhD
BCom (Bestuursrekeningkunde)	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Finansiële Rekeningkunde)	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Bedryfsielkunde)	HonsBCom (Bedryfsielkunde)	MCom (Bedryfsielkunde)	PhD
BCom (Internasionale Besigheid)	HonsBCom	MCom	PhD
BCom (Regsgeleerdheid)	HonsBCom	MCom	PhD
BRekLLB	HonsBRek	LLM of MRek	LLD of PhD
		MPhil	PhD
		MBA	PhD
	BPubAdminHons	MPA	PhD

Die programme BCom, BRek, BRekLLB, HonsBCom, HonsBRek, MPhil (uitgesonder MPhil (Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en bestuur)) word slegs op Stellenbosch aangebied. Die M in Ontwikkelingsfinansies, MBA, HonsBPA en MPA word slegs in Bellville aangebied.

6. Voorgraadse programme aangebied en kredietwaardes

Verwys na die volgende afdeling, Voorgraadse Programme, vir 'n uiteensetting van die programme wat hieronder gelys word.

Minimum krediete wat verwerf moet word

Program	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	Totale krediete
BCom	120	128	120			368
BCom (Aktuariële Wetenskap)	154	136	144			424
BCom (Bestuursrekeningkunde)	120	128	144			392
BCom (Bestuurswetenskappe)	120	128	120			368
BCom (Bestuurswetenskappe) VGP	90	104	102	120		416
BCom (Ekonomiese Wetenskappe)	120	128	120			368
BCom (Finansiële Rekeningkunde)	120	128	144			392
BCom (Regsgeleerdheid)	150	152	130			432
BCom (Internasionale Besigheid)	120	140	132 of 136	120		512
BCom (Wiskundige Wetenskappe)	128	130	120			376
BCom (Bedryfsielkunde)	138	128	144			410
BRek	138	154	156			446
BRekLLB	168	158	174	180	164	844

Let wel:

Slegs die minimum vereiste getal krediete word hierbo gemeld. Die werklike getal krediete wat vir graaddoeleindes vereis word, sal deur 'n betrokke vakkombinasie en gepaardgaande voor-, newe- en slaagvoorvereistes bepaal word.

7. Nagraadse diplomas

- Nagraadse Diploma in Aktuariële Wetenskap
- Nagraadse Diploma in Bemarking
- Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en –administrasie
- Nagraadse Diploma in Dispuutbeslegting
- Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning
- Nagraadse Diploma in Leierskapontwikkeling
- Nagraadse Diploma in MIV/Vigs-bestuur
- Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur
- Nagraadse Diploma in Ontwikkelingsfinansies
- Nagraadse Diploma in Projekbestuur
- Nagraadse Diploma in Toekomsstudie
- Nagraadse Diploma in Vervoer en Logistiek
- Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling

8. Minimum programspesifieke toelatingsvereistes vir 2017-inname

Let wel: Alle aansoeke word aan 'n keuringsprosedure onderwerp. Al voldoen studente aan die minimum toelatingsvereistes van 'n betrokke program, is hul toelating tot daardie program nie noodwendig gewaarborg nie. Vir verdere inligting, besoek www.sun.ac.za/ebw

Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes *

- Afrikaans Huistaal 50% **OF** Engels Huistaal 50% **OF**
Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60% **OF** Engels Eerste Addisionele Taal 60%

BCom, BCom (Bestuurswetenskappe), BCom (Bedryfsielkunde) en BCom (Ekonomiese Wetenskappe)

- 'n NSS gemiddeld van minstens 60%, uitgesluit Lewensoriëntering
- Wiskunde 60%
- Minimum EBW taaltoelatingsvereistes*

BCom (Finansiële Rekeningkunde) en BCom (Bestuursrekeningkunde)

- 'n NSS gemiddeld van minstens 60%, uitgesluit Lewensoriëntering
- Wiskunde 60%
- Minimum EBW taaltoelatingsvereistes*

BCom (Bestuurswetenskappe) (Verlengde graadprogram) (VGP)

- 'n NSS gemiddeld van minstens 60%, uitgesluit Lewensoriëntering
- Wiskunde 50%
- Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes*

Let wel: *Studente uit benadeelde skoolomgewings word in die program geplaas. Studente kan dus nie vir die program aansoek doen nie. Doen aansoek vir BCom (Bestuurswetenskappe).*

BCom (Internasionale Besigheid)

Dit is 'n 4-jaar **keuringsprogram** (wat 'n internasionale uitrustydperk van 6 maande insluit); daarom kan ander studente nie na hierdie program oorskakel nie

- 'n NSS gemiddeld van minstens 80%, uitgesluit Lewensoriëntering
- Wiskunde 70%
- Engels Huistaal 70% **OF** Engels Eerste Addisionele Huistaal 80%
- Enige addisionele taal 70%

BCom (Aktuariële Wetenskappe)

- 'n NSS gemiddeld van minstens 80% gebaseer op die ses beste vakke ingesluit Wiskunde maar uitgesluit Lewensoriëntering
- Wiskunde 80%
- Engels Huistaal 60% **EN** enige Eerste Addisionele Taal 60% **OF** ander Huistaal (buiten Engels) 60% **EN** Engels Eerste Addisionele Taal 75%

BCom (Wiskundige Wetenskappe)

- 'n NSS gemiddeld van minstens 60%, uitgesluit Lewensoriëntering
- Wiskunde 70%
- Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes*

BRek

Let wel: *Hierdie program word volledig in Afrikaans en Engels aangebied.*

- 'n NSS gemiddeld van minstens 70%, uitgesluit Lewensoriëntering
- Wiskunde 60%
- Rekeningkunde 70% **OF** Wiskunde 70%
- Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes*

BRekLLB

- 'n NSS gemiddeld van minstens 70%, uitgesluit Lewensoriëntering
- Wiskunde 60%
- Rekeningkunde 70% **OF** Wiskunde 70%
- Engels Huistaal 60% **OF** Afrikaans Huistaal 60% **OF**
Engels Eerste Addisionele Taal 70% **OF** Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%

Hierdie program is 'n keuringsprogram en slegs 'n beperkte getal studente sal toegelaat word.
Aansoek sluit 30 Junie.

BCom (Regsgeleerdheid)

- 'n NSS gemiddeld van minstens 60%, uitgesluit Lewensoriëntering
- Wiskunde 60%
- Engels Huistaal 60% **OF** Afrikaans Huistaal 60% **OF**
Engels Eerste Addisionele Taal 70% **OF** Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%

Hierdie program is 'n keuringsprogram en slegs 'n beperkte getal studente sal toegelaat word.
Aansoek sluit 30 Junie.

9. Hoofvakvereistes

'n Hoofvak is 'n kombinasie derdejaarsmodules met 'n totale kredietwaarde van minstens 48, behalwe in die geval van Aktuariële Wetenskap, Operasionele Navorsing, Rekenaarwetenskap, Wiskunde en Wiskundige Statistiek, waar die minimum totale kredietwaarde 64 is. 'n Student slaag in 'n hoofvak as hy al die modules van die derde en vorige jaargang(e) (indien enige) van die betrokke vak geslaag het.

10. Ekstra vakke

Vir die beperkings op die neem van ekstra vakke (nie vir graaddoeleindes nie) verwys na Universiteitseksamens in Deel 1 van die Jaarboek (Algemeen).

11. Voorgraadse newe-, voor- en slaagvoorvereistes

- 'n **Voorvereiste** module (V) is 'n module waarin 'n klaspunt van minstens 40, of 'n prestasiepunt van minstens 40 in die geval van 'n module wat buigsaam geassesseer word, behaal moet word alvorens die module waarvoor dit 'n voorvereiste is, voortgesit mag word.
- 'n **Newevereiste** module (N) is 'n module wat voor of in dieselfde jaar gevolg word as die module waarop dit betrekking het. (Voorvereiste en newevereiste modules moet geslaag word alvorens die betrokke kwalifikasie verwerf kan word.)

- 'n **Slaagvoorvereiste** module (S) is 'n module waarin 'n student eers moet slaag alvorens die module waarvoor dit 'n slaagvoorvereiste is, gevolg mag word.
- Geen kwalifikasie sal toegeken word indien die student nie al die relevante voorvereistes en newevereiste modules geslaag het nie.

Let wel:

- Indien 'n student met of sonder toestemming 'n module in 'n betrokke studiejaar gevolg het terwyl hy nie aan al die newe-, slaag- en/of voorvereistes voldoen het nie, beteken dit nie dat dit weer in 'n daaropvolgende studiejaar toegelaat sal word nie.
- Studente wat nagraads wil studeer, moet let op die voorvereiste modules soos vervat in die tabel *Modulevereistes vir nagraadse programme* soos vervat in die afdeling Nagraadse programme later in dié jaarboekdeel.

Die volgende voor-, newe- en slaagvoorvereistes is van toepassing ten opsigte van die betrokke vakke waarby dit gelys is:

Departement Afrikatale

Basiese Xhosa 144	V Basiese Xhosa 114
-------------------	---------------------

Departement Bedryfsielkunde

Bedryfsielkunde 314	N Bedryfsielkunde 244
Bedryfsielkunde 324	N Bedryfsielkunde 244

Departement Bedryfsingenieurswese

Gevorderde Statistiek 816	S Ingenieurstatistiek 314
---------------------------	---------------------------

Departement Ekonomie

Ekonomie 144	N Ekonomie 114
Ekonomie 214	S Ekonomie 114, 144
Ekonomie 244	S Ekonomie 114, 144 N Ekonomie 214
Ekonomie 281	S Ekonomie 114, 144 of 288
Ekonomie 318	S Ekonomie 214 V Ekonomie 244
Ekonomie 348	S Ekonomie 214 V Ekonomie 244 N Ekonomie 318
Ekonomie 388	S Ekonomie 214 V Ekonomie 244 N Ekonomie 318
Ekonomie 381	V Ekonomie 214, 244 of 281

Departement Genetika

Biometrie 212	V Wiskunde (Bio) 124 of V Wiskunde 114
---------------	---

Departement Geografie en Omgewingstudie

Geografie en Omgewingstudie 225	V Geo-omgewingswetenskap 124
Geografie en Omgewingstudie 265	V Geo-omgewingswetenskap 124
Geografie en Omgewingstudie 314	V Geografie en Omgewingstudie 225
Geografie en Omgewingstudie 323	V Geografie en Omgewingstudie 225
Geografie en Omgewingstudie 358	V Geografie en Omgewingstudie 265
Geografie en Omgewingstudie 363	V Geo-omgewingswetenskap 124

Departement Handelsreg

Belastingreg 411	N Handelsreg 471
Handelsreg 311	N Privaatreg 372
Handelsreg 312	N Privaatreg 372
Handelsreg 471	V Handelsreg 311 en 312 V Privaatreg 372
Handelsreg (Handel) 253	S Handelsreg (Rek) 193
Handelsreg (Rek) 292	V Handelsreg (Rek) 193

Departement Inligting Wetenskap

Informasiestelselbestuur 314	V Informasiestelselbestuur 224
Informasiestelselbestuur 354	V Informasiestelselbestuur 254 V Informasiestelselbestuur 314 V Informasiestelselbestuur 334

Departement Landbou-ekonomie

Landbou-ekonomie 782	V Biometrie 212 V Statistiek 186 of V Statistiese Metodes 176
Landbou-ekonomie 784	V Ekonomie 114, 144
Landbou-ekonomie 242	V Ekonomie 114 N Landbou-ekonomie 234
Landbou-ekonomie 314	V Landbou-ekonomie 242
Landbou-ekonomie 364	V Landbou-ekonomie 242

Departement Logistiek

Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144	V Ondernemingsbestuur 113
Kwantitatiewe Bestuur 214	S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 of S Statistiese Metodes 176 met prestasiepunt bo 60% <i>(Geen modules van Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie saam met enige Operasionele Navorsing modules geneem word nie.)</i>
Kwantitatiewe Bestuur 244	S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 of S Statistiese Metodes 176 met prestasiepunt bo 60% S Kwantitatiewe Bestuur 214 <i>(Geen Kwantitatiewe Bestuur-modules mag in kombinasie saam met enige Operasionele Navorsing-modules geneem word nie.)</i>
Kwantitatiewe Bestuur 318	S Kwantitatiewe Bestuur 214, 244 S Renterekening 152 <i>(Geen modules van Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie saam met enige Operasionele Navorsing modules geneem word nie.)</i>
Kwantitatiewe Bestuur 348	S Kwantitatiewe Bestuur 214, 244 <i>(Geen modules van Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie saam met enige Operasionele Navorsing modules geneem word nie.)</i>
Logistieke Bestuur 214	V Ondernemingsbestuur 113
Logistieke Bestuur 244	S Ondernemingsbestuur 113 S Logistieke Bestuur 214
Logistieke Bestuur 314	S Logistieke Bestuur 214, 244 V Ekonomie 114, 144 S Statistiese Metodes 176 of S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 <i>(Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)</i>
Logistieke Bestuur 324	S Logistieke Bestuur 214, 244 V Ekonomie 114, 144 S Statistiese Metodes 176 of S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 <i>(Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)</i>

Logistieke Bestuur 344	<p>S Logistieke Bestuur 214, 244 V Ekonomie 114, 144 S Statistiese Metodes 176 of S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 <i>(Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)</i> S Logistieke Bestuur 314, 324 <i>(Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)</i></p>
Logistieke Bestuur 354	<p>S Logistieke Bestuur 214, 244 V Ekonomie 114, 144 S Statistiese Metodes 176 of S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 <i>(Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)</i> S Logistieke Bestuur 314, 324 <i>(Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)</i></p>
Operasionele Navorsing 214	<p>S Wiskunde 114, 144 <i>(Geen modules in Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie met enige modules in Operasionele Navorsing geneem word nie.)</i></p>
Operasionele Navorsing 244	<p>S Wiskunde 114, 144 <i>(Geen modules in Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie met enige modules in Operasionele Navorsing geneem word nie.)</i></p>
Operasionele Navorsing 314	<p>V Operasionele Navorsing 214, 244 <i>(Geen modules vir Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie met enige modules vir Operasionele Navorsing geneem word nie.)</i></p>
Operasionele Navorsing 326	<p>V Operasionele Navorsing 244 <i>(Geen modules in Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie met enige modules in Operasionele Navorsing geneem word nie.)</i></p>
Operasionele Navorsing 344	<p>V Operasionele Navorsing 244 <i>(Geen modules vir Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie met enige modules vir Operasionele Navorsing geneem word nie.)</i></p>

Operasionele Navorsing 354	S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 (<i>Geen modules vir Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie met enige modules vir Operasionele Navorsing geneem word nie.</i>)
Vervoerekonomie 214	S Ekonomie 114, 144
Vervoerekonomie 244	V Vervoerekonomie 214 S Ekonomie 114, 144
Vervoerekonomie 318	S Statistiese Metodes 176 of S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 of S Wiskunde 114, 144 S Vervoerekonomie 214, 244
Vervoerekonomie 348	S Statistiese Metodes 176 of S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 of S Wiskunde 114, 144 S Vervoerekonomie 214, 244

Departement Ondernemingsbestuur

Beleggingsbestuur 254	N Ondernemingsbestuur 113 V Ondernemingsbestuur 142 V Statistiese Metodes 176 of V Statistiek 186 of V Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144
Beleggingsbestuur 314	V Beleggingsbestuur 254 S Statistiese Metodes 176 met 65% of S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144
Beleggingsbestuur 324	V Beleggingsbestuur 254 S Statistiese Metodes 176 met 65% of S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144
Beleggingsbestuur 344	V Beleggingsbestuur 254 S Statistiese Metodes 176 met 65% of S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144
Beleggingsbestuur 348	N Finansiële Bestuur 214 of N Finansiële Rekeningkunde 178 of 188 S Statistiese Metodes 176 met 65% of S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144

Beleggingsbestuur 354	N Beleggingsbestuur 254 S Statistiese Metodes 176 met 65% of S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144
Bemarkingsbestuur 214	N Ondernemingsbestuur 113 N Finansiële Bestuur 214 of N Finansiële Rekeningkunde 278 of 288 of N Biometrie 212
Bemarkingsbestuur 244	V Bemarkingsbestuur 214
Bemarkingsbestuur 314	V Bemarkingsbestuur 214
Bemarkingsbestuur 324	V Bemarkingsbestuur 214
Bemarkingsbestuur 344	V Bemarkingsbestuur 214, 244 V Statistiese Metodes 176 of V Statistiek 186 of V Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
Bemarkingsbestuur 354	V Bemarkingsbestuur 214, 244
Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid 314	V Ondernemingsbestuur 113
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214	N Ondernemingsbestuur 113
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 244	N Ondernemingsbestuur 113 V Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318	V Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214 of 244
Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 348	V Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214 of 244
Finansiële Bepanning 214	N Ondernemingsbestuur 113 V Ondernemingsbestuur 142 V Renterekening 152 V Statistiese Metodes 176 of V Statistiek 186 of V Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144
Finansiële Bepanning 378	S Finansiële Bepanning 214 N Beleggingsbestuur 254 N Ekonomie 214, 244 N Finansiële Rekeningkunde 288 N Handelsreg (Handel) 285

Finansiële Bestuur 214	N Ondernemingsbestuur 113, 142 of Wiskunde 114 of Wiskunde (Bio) 124
Finansiële Bestuur 244	N Finansiële Bestuur 214
Finansiële Bestuur 314	N Finansiële Bestuur 214, 244 of N Beleggingsbestuur 254
Finansiële Bestuur 332	N Finansiële Bestuur 214, 244 of N Beleggingsbestuur 254
Finansiële Bestuur 352	N Finansiële Bestuur 214, 244 of N Beleggingsbestuur 254
Finansiële Bestuur 354	N Finansiële Bestuur 214, 244 of N Beleggingsbestuur 254
Strategiese Bestuur 344	N Ondernemingsbestuur 113 **Nie van toepassing vir studente in die studierigting Boskunde nie.

Departement Privaatreg

Privaatreg 171	N Inleiding tot die Reg 171
Privaatreg 272	S Privaatreg 171 V Inleiding tot die Reg 171 N Privaatreg 273
Privaatreg 273	S Privaatreg 171 V Inleiding tot die Reg 171 N Privaatreg 272
Privaatreg 372	S Inleiding tot die Reg 171 S Privaatreg 272, 273 V Romeinse Reg 271 N Staatsreg 271 N Privaatreg 373
Privaatreg 373	S Inleiding tot die Reg 171 S Privaatreg 272, 273 V Romeinse Reg 271 N Staatsreg 271 N Privaatreg 372
Privaatreg 411	S Privaatreg 372
Regsvaardighede 411	S Privaatreg 372, 373
Romeinse Reg 271	N Privaatreg 272, 273
Siviele Prosesreg 371	S Privaatreg 171

Departement Publiekreg

Administratiefreg 411	S Staatsreg 271 V Staatsreg 312
Bewysreg 471	S Staatsreg 271 V Strafprosesreg 271
Internasionale Reg 341	V Staatsreg 271
Staatsreg 271	V Inleiding tot die Reg 171 <i>(uitgesonderd nagraadse driejaar-LLB-studente)</i>
Staatsreg 312	S Staatsreg 271
Strafprosesreg 271	V Strafreg 171
Uitleg van Wetstekste 211	V Inleiding tot die Reg 171 <i>(uitgesonderd nagraadse driejaar-LLB-studente)</i> N Staatsreg 271

Departement Rekenaarwetenskap

Rekenaarwetenskap 113	N Wiskunde 114 N Aktuariële Wetenskap 112
Rekenaarwetenskap 114	N Wiskunde 114
Rekenaarwetenskap 144	V Rekenaarwetenskap 113 of 114
Rekenaarwetenskap 214	S Rekenaarwetenskap 144 V Wiskunde 114, 144
Rekenaarwetenskap 244	N Rekenaarwetenskap 214
Rekenaarwetenskap 314	V Rekenaarwetenskap 214, 244 <i>Vir programme in Ingenieurswese:</i> V Rekenaarwetenskap E 214 V Rekenaarstelsels 245
Rekenaarwetenskap 315	S Rekenaarwetenskap 144 of V Rekenaarwetenskap E 214 V Wiskundige Statistiek 244/245, 244/246 of V Stelsels en Seine 344
Rekenaarwetenskap 324	V Rekenaarwetenskap 214
Rekenaarwetenskap 344	V Rekenaarwetenskap 214, 244 <i>Vir programme in Ingenieurswese:</i> V Rekenaarwetenskap E 214 V Rekenaarstelsels 245

Rekenaarwetenskap 354	V Rekenaarwetenskap 214, 244 <i>Vir programme in Ingenieurswese:</i> V Rekenaarwetenskap E 214 V Rekenaarstelsels 245
Rekenaarwetenskap 364	V Rekenaarwetenskap 214 of V Rekenaarwetenskap E 214 V Toegepaste Wiskunde 214 of V Toegepaste Wiskunde B 242

Departement Sielkunde

Sielkunde 213	S Sielkunde 114, 144
Sielkunde 223	S Sielkunde 114, 144
Sielkunde 243	S Sielkunde 114, 144
Sielkunde 253	S Sielkunde 114, 144
Sielkunde 314	S Sielkunde 213, 223, 243, 253
Sielkunde 324	S Sielkunde 213, 223, 243, 253
Sielkunde 348	S Sielkunde 213, 223, 243, 253

Skool vir Publieke Leierskap

Openbare en Ontwikkelingsbestuur 314	S Openbare en ontwikkelingsbestuur. 114, 144, 212, 222, 242, 252
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 324	S Openbare en ontwikkelingsbestuur. 114, 144, 212, 222, 242, 252
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 348	S Openbare en ontwikkelingsbestuur. 114, 144, 212, 222, 242, 252

Skool vir Rekeningkunde

Belasting 298	S Finansiële Rekeningkunde 178 of 188 <i>(In laasgenoemde geval moet die interne Finansiële Rekeningkunde-toets wat deur die Skool vereis word, suksesvol afgelê word.)</i> N Finansiële Rekeningkunde 278
Belasting 388	S Finansiële Rekeningkunde 178 of 188
Belasting 399	S Finansiële Rekeningkunde 278 V Belasting 298
Bestuursrekeningkunde 278	S Finansiële Rekeningkunde 178 of 188 <i>(In laasgenoemde geval moet die interne Finansiële Rekeningkunde-toets wat deur die Skool vereis word, suksesvol afgelê word.)</i> N Finansiële Rekeningkunde 278 of 288

Bestuursrekeningkunde 288	S Finansiële Rekeningkunde 188 of V Finansiële Rekeningkunde 178
Bestuursrekeningkunde 378	S Finansiële Rekeningkunde 278 V Bestuursrekeningkunde 278
Bestuursrekeningkunde 388	S Finansiële Rekeningkunde 278 of 288 V Bestuursrekeningkunde 278 of 288
Finansiële Rekeningkunde 278	S Finansiële Rekeningkunde 178 of 188 <i>(In laasgenoemde geval moet die interne Finansiële Rekeningkunde-toets deur die Skool vereis, suksesvol afgelê word.)</i>
Finansiële Rekeningkunde 288	S Finansiële Rekeningkunde 178 of 188
Finansiële Rekeningkunde 379	S Finansiële Rekeningkunde 278
Finansiële Rekeningkunde 389	S Finansiële Rekeningkunde 278 of 288 <i>(Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)</i>
Inligtingstelsels 214	N Bestuursrekeningkunde 278 of 288
Inligtingstelsels 242	V Finansiële Rekeningkunde 178 of 188 V Inligtingstelsels 188
Inligtingstelsels 312	N Finansiële Rekeningkunde 278 V Ouditkunde 288
Ouditkunde 288	V Finansiële Rekeningkunde 178 of 188
Ouditkunde 378	V Ouditkunde 288 N Finansiële Rekeningkunde 278 of 288
Ouditkunde 388	V Finansiële Rekeningkunde 178 of 188

Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

Aktuariële Wetenskap 142	S Wiskunde 114 met 'n prestasiepunt van ten minste 60% <i>(gebaseer op prestasie in die eerste eksamen-geleentheid)</i> S Aktuariële Wetenskap 112 N Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144
Aktuariële Wetenskap 242	S Wiskunde 114 en 144 met 'n gemiddelde prestasiepunt van minstens 60% S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 met 'n prestasiepunt van minstens 65% S Aktuariële Wetenskap 112 S Wiskunde 214 S Wiskundige Statistiek 214 N Aktuariële Wetenskap 142, 274

Aktuariële Wetenskap 274	S Aktuariële Wetenskap 112 S Wiskunde 114 en 144 met 'n gemiddelde prestasiepunt van minstens 60% S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 met 'n prestasiepunt van minstens 65% N Wiskunde 214, 244 N Wiskundige Statistiek 214, 244/245, 244/ 246
Aktuariële Wetenskap 326	S Aktuariële Wetenskap 112, 142, 242, 274 S Wiskundige Statistiek 214, 244/245, 244/246 S Wiskunde 214, 244 N Wiskundige Statistiek 312/318, 316/318
Aktuariële Wetenskap 346	S Aktuariële Wetenskap 112, 142, 242, 274 S Wiskundige Statistiek 214, 244/ 245, 244/246 S Wiskunde 214, 244 N Wiskundige Statistiek 312/318, 316,/318, 364
Aktuariële Wetenskap 388	S Aktuariële Wetenskap 112, 142, 242, 274 S Wiskundige Statistiek 214, 244/ 245, 244/246 S Wiskunde 214, 244 N Wiskundige Statistiek 312/318, 316,/318, 344, 364
Finansiële Risikobestuur 212	S Wiskunde 114, 144 S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 S Renterekening 152 of S Aktuariële Wetenskap 112 N Finansiële Risikobestuur 274 of N Aktuariële Wetenskap 274 N Wiskundige Statistiek 214
Finansiële Risikobestuur 242	S Wiskunde 114, 144 S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 S Renterekening 152 of S Aktuariële Wetenskap 112 V Finansiële Risikobestuur 212 N Finansiële Risikobestuur 274 of N Aktuariële Wetenskap 274 N Wiskundige Statistiek 214, 244/245, 244/246
Finansiële Risikobestuur 274	S Aktuariële Wetenskap 112 S Wiskunde 114, 144 S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144 N Finansiële Risikobestuur 212, 242 N Wiskunde 214, 244 N Wiskundige Statistiek 214, 244/245, 244/246

Finansiële Risikobestuur 314	S Finansiële Risikobestuur 212, 242 S Wiskunde 214, 244 S Wiskundige Statistiek 214, 244/245, 244/246 S Finansiële Risikobestuur 274 of N Aktuariële Wetenskap 274
Finansiële Risikobestuur 344	V Finansiële Risikobestuur 314
Ingenieurstatistiek 314	S Ingenieurswiskunde 115, 145
Statistiek 214	S Statistiese Metodes 176 met 'n prestasiepunt van minstens 60 of S Statistiek 186 of S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 N Statistiek 224 (<i>Slaag van Wiskunde 114 of 144 verleen vrystelling hiervan.</i>)
Statistiek 224	S Statistiese Metodes 176 met 'n prestasiepunt van minstens 60 of S Statistiek 186
Statistiek 244	S Statistiek 214 en V Statistiek 224
Statistiek 318	S Statistiek 214, 224, 244 of S Wiskundige Statistiek 214, 244/245, 244/246
Statistiek 348	V Statistiek 318
Wiskundige Statistiek 214	S Wiskunde 114, 144 S Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144
Wiskundige Statistiek 245	S Wiskundige Statistiek 214
Wiskundige Statistiek 246	S Wiskundige Statistiek 214
Wiskundige Statistiek 312	S Wiskundige Statistiek 244 of (S Wiskundige Statistiek 245 V Wiskundige Statistiek 246 met 'n prestasiepunt van mintens 40%) V Wiskunde 214, 244)
Wiskundige Statistiek 316	S Wiskundige Statistiek 244 of (S Wiskundige Statistiek 245 V Wiskundige Statistiek 246 met 'n prestasiepunt van mintens 40%) V Wiskunde 214, 244)
Wiskundige Statistiek 344	V Wiskundige Statistiek 312/318, 316/318
Wiskundige Statistiek 354	V Wiskundige Statistiek 312/318, 316/318
Wiskundige Statistiek 364	V Wiskundige Statistiek 312/318, 316/318

Departement Wiskunde

Finansiële Wiskunde 378	S Wiskunde 214, 244 V Wiskundige Statistiek 214, 244/245, 244/246
Ingenieurswiskunde 145	V Ingenieurswiskunde 115
Wiskunde 144	V Wiskunde 114
Wiskunde 214	S Wiskunde 114, 144
Wiskunde 244	V Wiskunde 214
Wiskunde 314	S Wiskunde 214, 244
Wiskunde 324	S Wiskunde 214, 244
Wiskunde 344	S Wiskunde 214, 244 of gelykwaardige modules
Wiskunde 345	S Wiskunde 114, 144 of ekwivalente modules
Wiskunde 365	S Wiskunde 214, 244

12. Eksamengeleenthede

Besonderhede i.v.m. die universiteitseksamens (eerste en tweede geleentede) word in Deel 1 van die Jaarboek verstrek. Studente moet let op die eksamen- en promosiebepalings soos uiteengesit in Deel 1. Ten opsigte van die toekenning van prestasiepunte het die Fakulteitsraad van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe soos volg besluit: “By die toekenning van ’n prestasiepunt (0–100) vir ’n module wat nie aan buigsame assessering onderworpe is nie word die klaspunt, wat op assessering gedurende die termyn van die betrokke module berus, en die eksamenpunt, wat die student se prestasie in die eindeksamen weergee, in aanmerking geneem, met dien verstande dat:

- indien die eksamenpunt 50 of hoër is, die prestasiepunt nie laer as 50 mag wees nie;
- die klas- en eksamenpunt saam gebruik word om die prestasiepunt te bepaal en wel in die verhouding 50 tot 50 in die geval van ’n jaarmodule en meerjarige module en 40 tot 60 in die geval van ’n semestermodule.”

13. Roosterbotsings

- Studente moet, voordat hulle finaal oor hulle keuse van modules vir ’n spesifieke akademiese jaar besluit, die klas-, toets- en eksamenroosters sorgvuldig nagaan. Waar dit dan blyk dat enige twee voorgenome modules binne dieselfde tydgleuf op ’n spesifieke rooster val, mag die twee modules nie saam gevolg word vir dieselfde jaar en/of semester nie, aangesien dit ’n ontoelaatbare kombinasie is.
- Alternatiewe reëlings om studente ten opsigte van eksamenbotsings te akkommodeer, sal slegs oorweeg word in gevalle waar geen ander alternatiewe assessering vir die betrokke modules bestaan nie. Studente sal dan uit eie keuse die tweede eksamengeleentheid van ’n module kan aflê. Studente moet vooraf reëlings by die Eksamenkantoor tref.
- Studente word aangeraai om uit ’n roosterperspektief al 24 krediete uit dieselfde vakgroep te kies (byvoorbeeld Bedryfsielkunde 114, 152 en 162; Ekonomie 214, 244; Finansiële bestuur 314, 332, 352 en 354). Wanneer modules uit verskillende vakgroepe

gekies word, bestaan die moontlikheid dat 'n roosterbotsing kan voorkom. In sulke gevalle word studente versoek om die vakkombinasie op die US se roosterstelsel te toets alvorens die modulekombinasie gekies word.

14. Dekaaansvergunningseksamens (DVE's)

- 'n Dekaaansvergunningseksamen kan slegs met die goedkeuring van die Dekaan toegestaan word en geen departement, dosent of ander amptenaar kan 'n onderneming aan 'n student in hierdie verband gee nie.
- 'n Dekaaansvergunningseksamen kan in 'n module toegestaan word slegs indien dit die enigste module van hoogstens 48 krediete is wat die student kort om te gradueer én mits 'n klaspunt van minstens 30% in die betrokke module verwerf is.
- Alle Dekaaansvergunningseksamens word tydens 'n enkele eksamen geleentheid op die laaste Vrydag voor die aanvang van voorlesings in Februarie afgelê en geen verdere eksamenvraestelle sal vir die doel van 'n Dekaaansvergunningseksamen opgestel word nie.
- Die onus rus op die student wat ingevolge paragraaf twee hierbo vir 'n Dekaaansvergunningseksamen kwalifiseer om voor of op 12 Januarie via die Dekaaansvergunning aansoekskakel (www.sun.ac.za/ems) vir die moontlike toelating tot 'n Dekaaansvergunningseksamen aansoek doen, en om die tyd en plek van hierdie eksamen te bevestig.

15. Unisa-registrasie vir nie-graaddoeleindes

Studente moet vir die akademiese jaar waarin hulle studies voltooi gaan word, aan hierdie Universiteit registreer. Die gelyktydige volg van modules aan meer as een Universiteit ter voltooiing van een kwalifikasie is nie toelaatbaar nie, terwyl die gelyktydige volg van meer as een kwalifikasie aan meer as een Universiteit ook nie toegelaat word nie. Derdejaarsmodules mag slegs aan Unisa aangevul word mits dit voorheen tydens 'n amptelike eksamen aan hierdie Universiteit gesak is (minimum eksamentoelating (predikaat) van 40 is behaal, maar het module gesak).

Finalejaarstudente word toegelaat om slegs een enkele module deur Unisa te volg, mits die betrokke module en/of inhoud in ooreenstemming met die betrokke departement uitgeklaar is en deur die Universiteit erken word.

16. Aansoekprosedures, keuringsbeginsels en die registrasieproses

16.1 Terminologie

- **Voorwaardelike toelating** – Studente ontvang voorwaardelike toelating op grond van graad 11-uitslae. Dit beteken dat die student 'n voorlopige plek in die Fakulteit het. Finale toelating hang van die NSS-uitslae af.
- **Nuweling-eerstejaars** – Studente wat vir die eerste keer aan die US registreer.
- **Inskrywings** – Getal studente wat binne 'n gegewe tydperk registreer.

- **Inskrywingsteikens** – Die Fakulteit se getalle is beperk as gevolg van beskikbare kapasiteit en hulpbronne. Teikens word dus gestel om inskrywings te beperk en seker te maak dat alle hulpbronne effektief benut word.
- **Keuringsprogramme** – Die Fakulteit se keuringskomitee keur studente vir die programme. Nie alle studente wat aan die minimum vereistes voldoen, sal noodwendig gekeur word nie.
- **Hoofstroom** – Die fakulteit se normale driejaar-graadprogramme.
- **Verlengde graadprogram (VGP)** – Die inhoud van die drie jaar lange Bestuurswetenskappe-program en bykomende ondersteuningsmodules word oor vier jaar versprei.

16.2 Keurings- en toelatingsbeginsels

- Studente kan elektronies by www.maties.com aansoek doen.
- Alle aansoeke sluit **30 Junie** (dit beteken dat u aansoek volledig gefinaliseer en **alle** dokumentasie ingehandig moet wees).
- Geen aansoeke wat die Universiteit na 30 Junie bereik sal oorweeg word nie.

16.2.1 Toelatings word volgens inskrywingsteikens beperk

Keuring vind plaas om die nuweling-eerstejaarsinname op fakulteitsvlak te bestuur. Keuring vir nuweling-eerstejaars word gedoen om die totale fakulteitsinname se teiken vir alle programme as geheel te bereik. Daar is egter ook op programvlak keuring in die volgende programme: BRek, BCom (Aktuariële Wetenskap), BCom (Fin Rek), BCom (Bestuursrek), BRekLLB, BCom (Regte), BCom (Internasionale Besigheid) en BCom (Bestuurswetenskappe) (VGP). Die Fakulteit sal eerste, tweede of derde programkeuses oorweeg. Indien jy meer as een EBW-program op jou lys het, sal alle EBW-keuses in jou voorkeurvolgorde oorweeg word na gelang van die jou keuringspunt, jou graad 11-punte (of graad 12-punte indien jy reeds gematrikuleer het) en die beskikbare plekke in die program. Hierdie reëling sluit BRekLLB en BCom (Regsgeleerdheid) uit. Ten einde die teiken vir nuweling-eerstejaarsinname te bereik, word die beginsel van oorboeking gebruik om te kompenseer vir die feit dat nie alle studente wat aansoek doen en voorlopig aanvaar is, uiteindelik by die Fakulteit EBW registreer nie.

Let op die volgende:

- Die Fakulteit Regsgeleerdheid hanteer die keuring van studente vir die BRekLLB en BCom (Regsgeleerdheid).
- Studente wat nie aan die hoofstroom-programvereistes voldoen nie (as gevolg van hulle graad 11-Wiskundepunt en/of graad 11-gemiddeld) word vir die BCom (Bestuurswetenskappe) VGP in ag geneem en sal eers na 30 Junie (maar voor 30 September) in kennis gestel word of hulle voorwaardelike toelating gekry het.
- In die BCom (Bestuurswetenskappe) VGP word, bykomend tot akademiese meriete, ook voorkeur aan studente uit benadeelde skoolgemeenskappe gegee. Studente kan nie vir die program aansoek doen nie.

16.2.2 Keuring geskied op akademiese meriete

HonsBCom (Operasionele Navorsing)	<ul style="list-style-type: none"> • Operasionele Navorsing 244(16) is 'n voorvereiste vir Gevorderde Lineêre Programmering 712. • Operasionele Navorsing op derdejaarsvlak asook Metaheuristiek 713 is 'n voorvereiste vir Skedulering 714. • Operasionele Navorsing 344(16) of Kwantitatiewe Bestuur 318(24) en 348(24) met ten minste 65% is 'n voorvereiste vir Spelteorie 743. • Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144(16) en Operasionele Navorsing 354(16) is 'n voorvereiste vir Voorraadbeheer 743. • Operasionele Navorsing 354(16) of Inleiding tot Vooruitskatting 723 is 'n voorvereiste vir Vooruitskatting 753.
HonsBCom (Vervoerekonomie)	<ul style="list-style-type: none"> • Vervoerekonomie 318(24), Vervoerekonomie 348(24), minimum prestasiepunt van 60%. • Vervoerekonomie 318(24) en 348(24) is 'n voorvereiste vir Stedelike Vervoerekonomie 742, Vervoer en Ekonomiese ontwikkeling 712, Lugvaartekonomie 742 en Skeepvaartekonomie 773. • Vervoerekonomie 318(24) en 348(24) of Ekonomie 318(24) en 348(24) is 'n voorvereiste vir Mededinging en Regulering 715. • Vervoerekonomie 318(24) en 348 (24) of Logistieke Bestuur 244(16) is 'n voorvereiste vir Padvervoerbestuur 744.

HonsBCom (Finansiële Analise)	<ul style="list-style-type: none"> • Gemiddeld van 65% vir die 60 krediete in Beleggingsbestuur 314(12), 324(12), 344(12), 348(12), 354(12). • Finansiële Bestuur 314 en 332 is 'n slaagvoorvereiste om te registreer vir die module Finansiële Bestuur 713 in die Honneursprogram.
HonsBCom (Ondernemingsbestuur)*	<ul style="list-style-type: none"> • Enige vier Ondernemingsbestuur-modules.* • Finansiële Bestuur (Navorsing) 352(12) of Bemerkingsbestuur (Bemerkingsnavorsing) 344(12) is 'n slaagvoorvereiste vir HonsBCom (Ondernemingsbestuur 778).
HonsBCom (Ondernemingsbestuur met spesialisingsvelde)* <i>Bemerkingsbestuur</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Bemerkingsbestuur 314(12), 324(12), 344(12), 354(12).* • Bemerkingsbestuur (Bemerkingsnavorsing) 344(12) is 'n slaagvoorvereiste vir HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Bemerkingsbestuur 778). • Verbruikersgedrag 224 is 'n slaagvoorvereiste om te registreer vir die module Verbruikersielkunde 721 in die Honneursprogram.
<i>Finansiële Bestuur</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Finansiële Bestuur 314(12), 332(12), 352(12), 354(12).* • Finansiële Bestuur (Navorsing) 352(12) is 'n slaagvoorvereiste vir HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Finansiële Bestuur 778).
<i>Strategie en Innovasie</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318(24), 348(24) en Strategiese Bestuur 344(12).* • Strategiese Bestuur 344 is 'n slaagvereiste. • Finansiële Bestuur (Navorsing) 352(12) of Bemerkingsbestuur (Bemerkingsnavorsing) 344(12) is 'n slaagvoorvereiste vir HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Strategie en Innovasie 778).

HonsBCom (Aktuariële Wetenskap)	<ul style="list-style-type: none"> • BCom (Aktuariële Wetenskap). • Sien latere afdelings vir spesifieke kriteria.
HonsBCom (Finansiële Risikobestuur)	<ul style="list-style-type: none"> • Finansiële Risikobestuur 314 en 344, minimum prestasiepunt van 60%.
HonsBCom (Statistiek)	<ul style="list-style-type: none"> • Statistiek 3, minimum prestasiepunt van 60%.
HonsBCom (Wiskundige Statistiek)	<ul style="list-style-type: none"> • Wiskundige Statistiek 3, minimum prestasiepunt van 60%.
HonsBCom (Bestuursrekeningkunde)	<ul style="list-style-type: none"> • Minimum prestasiepunt van 60% in Finansiële Rekeningkunde 389 en Bestuursrekeningkunde 388.
HonsBRek	<ul style="list-style-type: none"> • Geweegde gemiddelde prestasiepunt van 60% vir Finansiële Rekeningkunde 379; Bestuursrekeningkunde 378; Ouditkunde 378 en Belasting 399 <u>of</u> Geweegde gemiddelde prestasiepunt van 55% vir Finansiële Rekeningkunde 379; Bestuursrekeningkunde 378; Ouditkunde 378 en Belasting 399 en prestasiepunt van 55% vir Finansiële Rekeningkunde 379.

* *Let wel:* Ongeag die getal krediete wat per spesialisingsveld gespesifiseer word, moet 'n gemiddelde van ten minste 60% behaal word om vir die Honneursprogram oorweeg te kan word. Die vereiste geld egter nie in die geval van HonsBRek nie.

1. Nagraadse diplomaprogramme

Diplomaprogramme wat by die Skool vir Publieke Leierskap (Nagraadse Afdeling, Bellvillepark-kampus) en Nagraadse Bestuurskool, Bellvillepark-kampus aangebied word, se kampus word by die programnaam aangetoon

1.1 Nagraadse Diploma in Aktuariële Wetenskap

Programuitkomst

Hierdie diplomaprogram word aanbeveel vir studente met 'n honneursgraad in Aktuariële Wetenskap wat graag verder wil studeer om die professionele aktuariële kwalifikasie te verkry, maar nie tans wil inskryf vir die meestersgraad (wat 'n aansienlike navorsingskomponent bevat) nie.

Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n BCom (Aktuariële Wetenskap)- of gelykstaande graad met Aktuariële Wetenskap en Wiskundige Statistiek as hoofvakke, en Wiskunde tot op ten minste tweedejaarsvlak; en
- Vrstellings (of slaag van die professionele eksamen) van al agt die grondslag- en intermedieëre tegniese vakke van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika of die “core technical”-vakke (CT1–CT8) van die Institute and Faculty of Actuaries.

Notas

Alle gelyste modules sal nie noodwendig in 'n jaar aangebied word nie. Studente moet die Departement raadpleeg om te verneem watter modules aangebied word.

Programinhoud

Ten minste 120 krediete moet uit die lys van keusemodules gekies word.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
43214	788	120	Aktuariële Wetenskap	Beide

Keusemodules (120 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10368	811	40	Gesondheid en Sorg Tegnies (F101)	Beide
10372	812	40	Lewensversekering Tegnies (F102)	Beide
10360	843	40	Algemene Versekering Tegnies (F103)	2
10376	814	40	Pensioene Tegnies (F104)	2
10364	845	40	Finansies en Beleggings Tegnies (F105)	Beide
10365	846	40	Finansies en Beleggings Tegnies (ST6)	2
10369	881	60	Gesondheid en Sorg Toepassings (F201)	Beide
10373	882	60	Lewensversekering Toepassings (F202)	1
10361	883	60	Algemene Versekering Toepassings(F203)	Beide
10377	884	60	Pensioene Toepassings (F204)	Beide
10366	885	60	Beleggings Toepassings (F205)	1
10362	886	60	Finansiestoepassings (SA5)	Beide
12302	774	60	Aktuariële Risiko Bestuur (A301/CA1)	1

1.2 Nagraadse Diploma in Bemarking

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Spesifieke toelatingsvereistes

Enige aanvaarbare baccalaureusgraad verwerf in 'n nie-bemarkingsveld. Bemarking as veld sluit die volgende dissiplines op baccalaureusvlak in: bemarking, verbruikersgedrag, kleinhandelbestuur, bemarkingskommunikasie, dienstebemarking.

Duur

Een jaar voltyds vanaf Januarie tot November.

Aanbieding

Engels

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
60801	788	120	Bemarking	Beide

Programinhoud

Kyk uiteensetting hieronder.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10425	746	5	Bemarkingskanale	2
10399	745	15	Bemarkingsnavorsing	2
10400	750	20	Bemarkingsplan	2
10423	748	10	Dienste Bemarking	1
11157	717	5	Finansiële Metodes	2
10532	719	10	Handelsmerkbestuur	1
10538	718	5	Industriële Bemarking	1
60801	714	13	Inleiding tot Bemarking	1
65641	749	10	Kleinhandelbestuur	1
11158	716	10	Reklame en Verkoopspromosie	1
10709	747	10	Strategiese Bemarking	2
59625	715	7	Verbruikersgedrag	1

Assessering en eksaminering

Die program is onderworpe aan buigsame assessering. 'n Verskeidenheid prosedures en metodes word vir assessering gebruik, insluitende geskrewe en mondelinge aanbiedings, toetse, eksamens, gevallestudies en individuele en groepsopdragte.

Keuring

Streng volgens toelatingsvereistes en prestasie in baccalaureusgraad. Slegs voltydse studente sal vir die program oorweeg word.

Aansoek

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet teen einde Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Die laaste week in Januarie.

1.3 Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie (Bellvillepark-kampus)

Krediete

Hierdie nagraadse diploma word op NKR-vlak 8 aangebied (120 krediete).

Programbeskrywing

Hierdie internasionaal geakkrediteerde nagraadse diploma is gerig op werkende beroepslui wat algemene bestuursvaardighede wil bekom wat op 'n entrepreneurskapsbenadering tot sake gegrond is.

Hierdie eenjaar-program word in twee formate aangebied – Gemengde Leer en Modulêr. Die Gemengde Leer-formaat het twee verpligte blokke op kampus – aan die begin en aan einde van die program. Die res van die klasse word op Woensdagmiddae aangebied en studente kan kies om hierdie klasse op die kampus by te woon of intyds te volg. Die Modulêre formaat word in vyf blokke van een week elk (Maandag tot Saterdag) oor een jaar aangebied. Die klasse word in Engels aangebied.

Programuitkomste

Die doel van hierdie algemene bestuursprogram is die volgende:

- Dit rus jou toe met entrepreneurskapsvaardighede.
- Dit verdiep jou kennis van die verskillende bestuursvakrigtings in die sake-omgewing.
- Dit stel jou as 'n werkende beroepspersoon in staat om te groei deur huidige denke en praktyk stelselmatig te ondersoek en om te leer deur hierdie kennis in 'n werkomgewing toe te pas.
- Dit rus jou toe met die vermoë om 'n onderneming se waardeproposisie in 'n toenemend mededingende en veranderlike omgewing te bepaal en te ontwikkel.
- Dit stel jou in staat om ontledingsvaardighede in te span om sakeprobleme te hanteer en om dit te doen in die spesifieke sosiale stelsel waarin jy werk.
- Dit leer jou hoe om sakeprobleme stelselmatig en analities te hanteer.

Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad, gevorderde of nagraadse diploma op NKR-vlak 7 of hoër.
- Minstens twee jaar toepaslike voltydse werkervaring (verkieklik op bestuursvlak).
- Die SHL-seleksietoets vir Numeriese, Verbale en Inleidende Redenering. Hierdie toets kan op die kampus of intyds gedoen word.
- 'n Volledige CV wat jou werkervaring aandui.
- Wiskunde op NNS-vlak (graad 12) of soortgelyke vlak; bedrewe in Engels.

Programinhoud

Daar word van studente verwag om twaalf verpligte modules en drie keusemodules te voltooi.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10723	778	120	Besigheidsbestuur en -Administrasie	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13159	716	8	Beginsels van inligtingstelselbestuur	Beide
23795	716	8	Bemarkingsbestuur	Beide
13157	716	8	Bestuurstatistiek	Beide
13163	716	8	Digitale Kwosiënt	Beide
51810	716	8	Ekonomie vir Bestuurders	Beide
47872	716	8	Entrepreneurskap	Beide
11747	716	8	Innovasiebestuur	Beide
13152	716	8	Menslike Kapitaalbestuur	Beide
13160	716	8	Operasionele Bestuursbeginsels	Beide
13158	716	8	Rekeningkunde vir bestuurders	Beide
13162	716	8	Stelseltegnieke	Beide
60763	716	8	Volhoubare Ondernemings	Beide

Keusemodules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12299	716	8	Bestuursafrigting	Beide
51993	717	16	Projekbestuur *	Beide
12584	716	8	Risikobestuur	Beide
51330	716	8	Toekomsstudie	Beide

* *Let wel:* Die Projekbestuur-keusemodule tel 16 krediete. Dit is gelykstaande aan twee van die ander keusemodules. Studente wat hierdie keusemodule kies, moet slegs een van die ander keusemodules kies.

Assessering en eksaminering

Al die modules word met skriftelike opdragte en die voorlegging van 'n finale opdrag gekeur. Om te slaag moet studente minstens 50% in elk van die kernmodules behaal (96 krediete) en 50% vir 24 krediete via keusevakmodules.

Assessering en erkenning van vorige leer

Groter toeganklikheid word verseker deur die proses van Assessering en Erkenning van Vorige Leer (AEVL). Ooreenkomstig met die Universiteit Stellenbosch se beleidsraamwerk vir AEVL mag slegs 'n beperkte getal nie-afgestudeerde studente by die MBA-program aansluit. Die aantal AEVL-kandidate mag nie 10% van die jaarlikse inname van 'n program oorskry nie.

Streng assesseringskriteria word toegepas om te bepaal of aansoekers die nodige generiese bevoegdheids tydens hulle voorgraadse leer ontwikkel het.

1.4 Nagraadse Diploma in Dispuutbeslegting (Bellvillepark-kampus)

Krediete

Hierdie nagraadse diploma word op NKR-vlak 8 aangebied (120 krediete).

Programbeskrywing

Die Nagraadse Diploma in Dispuutbeslegting is die enigste dispuutbeslegtingsdiploma wat by 'n tersiêre instansie in Suid-Afrika aangebied word. Die suksesvolle voltooiing van die program sal kandidate in staat stel om aansoek te doen om toelating as bemiddelaars of arbiters op die panele van die voorste private diensverskaffers op dié gebied.

Op 'n professionele vlak maak dié diploma dit vir deelnemers moontlik om hulself op 'n konstruktiewe en kostedoeltreffende wyse as dispuutbeslegtingspraktisyns te vestig. Dit sluit mense in wat tans in ander professionele praktyke werk, soos prokureurs, argitekte en rekenmeesters. Dit sluit ook mense in wat in 'n korporatiewe omgewing of in die openbare sektor werk en diegene wat nie as dispuutbeslegtingspesialiste wil praktiseer nie maar van wie daar verwag word om konflik en verskille te kan hanteer.

Programuitkomste

Leerbenadering

Die program word op 'n student-gesentreerde leerbenadering gegrond. Dit kombineer teorie met praktiese gevallestudies en rolspel. Die kursus word aangebied deur 'n kombinasie van lesings (kontaktyd), onafhanklike selfstudie van standaardtekste en verwysigings sowel as voorbereide materiaal, en praktiese werk (rolspel en gevallestudies). Dit sal studente voldoende voorberei en hulle in staat stel om doeltreffend aan dispuutbeslegting deel te neem en om krities en sistematies daaroor te dink.

Erkennung van vorige leer

'n Beperkte getal kandidate sonder die vereiste grade en bewese ervaring op die gebied van dispuutoplossing kan toegelaat word op grond van 'n portefeulje van bewese en vergelykbare bevoegdheids.

Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike Baccalaureusgraad.
- Bewese en relevante ondervinding in dispuutoplossing word aanbeveel.
- Daar word van alle aansoekers verwag om 'n telefoniese of persoonlike onderhoud toe te staan.

Programinhoud

Deelnemers moet tydens die eerste ses dae lange sessie op kampus twee verpligte modules doen. Daarna moet hulle een van twee keusemodules kies wat elk oor vyf dae aangebied word. Deelnemers kan ook albei keusevakke doen teen bykomende klasgelde. Deelnemers kry die geleentheid om tussen die modules hulle vaardighede in die praktyk toe te pas en met nuwe benaderings te eksperimenteer om verskille op te los. Hulle moet ook in die tyd tussen die blokprogramme werkopdragte inhandig en besinnende werk doen.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12692	778	120	Dispuutbeslegting	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12695	711	10	Inleiding tot konflik konflikbestuur en dispuutbeslegting	Beide
12697	711	70	Bou van konsensus: prosesse en vaardighede	Beide

Keusemodules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12693	711	40	Bemiddeling	Beide
11305	711	40	Inleiding tot arbitrasie en geskilbeslegting	Beide

Assessering en eksaminering

Studente se vordering word gemonitor deur buigsame assessering wat op individuele prestasie gerig is. Assesserings bestaan uit klasdeelname, geskrewe werkopdragte en rolspel wat deur eweknieë en fasiliteerders beoordeel word, 'n video-assessering, en een geïntegreerde gevallestudie-rolspel. Studente word ook deur die hele program gemonitor.

1.5 Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning (Bellvillepark-kampus)

Krediete

'n Minimum van 120 krediete moet verwerf word.

Programbeskrywing

Die nagraadse diploma word aangebied by die Universiteit Stellenbosch se Bellvillepark-kampus. Die lesings vind op Dinsdag- en Donderdagaande plaas. Studente kan kies om die program oor een of twee jaar te voltooi.

Spesifieke toelatingsvereistes

Graad 12 Wiskunde: 'n Minimum van 50% is 'n voorvereiste vir alle aansoekers. Vir matriekuitslae wat voor 2009 verwerf is, word ten minste 60% (SG) of 40% (HG) vereis.

BCom of LLB OF enige baccalaureusgraad wat deur die Senaat goedgekeur is.

Duur

Een of twee jaar.

Aanbieding

Engels.

Programinhoud

Kyk uiteensetting hieronder.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
59765	778	120	Finansiële Beplanning	Beide

Alle modules is verpligtend.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10454	744	30	Finansiële Beplanning Gevallestudie	2
10455	711	30	Finansiële Beplanningsomgewing	1
10574	713	30	Korporatiewe Finansiële Beplanning	1
10647	742	30	Persoonlike Finansiële Beplanning	2

Assessering en eksaminering

Modulewerk word deur toetse en eksamens geassesseer. 'n Addisionele FPI-eksamen (geadministreer deur die FPI) word geskryf om aan een van die vereistes vir CFP-akkreditasie te voldoen.

Keuring

Keuring van studente volgens die Universiteit se amptelike keuringsbeleid kan onvermydelik wees, as gevolg van die beperkte getal studente wat geakkommodeer kan word.

Aansoek

Aansoeke moet reeds teen einde Oktober van die vorige jaar ingedien wees.

Program aanvangsdatum

Januarie

1.6 Nagraadse Diploma in Leierskapontwikkeling (Bellvillepark-kampus)

Krediete

Hierdie nagraadse diploma word op NKR-vlak 8 aangebied (120 krediete).

Programbeskrywing

Hierdie program fokus op die behoefte om 'n leierskapkultuur en praktyke te vestig wat aan 'n volhoubare, mededingende, markgebaseerde en demokratiese samelewing sal bou. 'n Gebrek aan positiewe leierskapsingesteldheid in openbare en privaat instansies onderdruk steeds konstruktiewe transformasie van organisasie- en leierskappraktyke. Goeie tegnokratiese en bestuursbevoegdheids vorm steeds die grondslag vir hoë prestasie, maar dit is die bykomende

teenwoordigheid van duidelike onderskeibare leierskapbevoegdhede wat uistaande prestasie van die gemiddelde onderskei.

Programuitkomste

Leerbenadering

Die inhoud van hierdie program het sy ontstaan in goedgevestigde akademiese navorsing en internasionaal normeerde teorieë en praktyke. Die ver naamste doelwit is om studente aan te moedig om akademiese nougesetheit en ervaringsleer te kombineer, binne die groter raamwerk van internasionaal genormeerde aksie- en werkgebaseerde leer. Studente word deur die loop van die program gementor.

Erkenning van vorige leer

'n Beperkte getal kandidate sonder die vereiste grade en bewese ervaring op die gebied kan op grond van 'n portefeulje van bewese en vergelykbare bevoegdhede toegelaat word.

Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike Baccalaureusgraad of bewese assessering en erkenning van vorige leer.
- Drie tot vyf jaar bewese toepaslike ondervinding in 'n bestuurshoedanigheid.

Programinhoud

Daar word van studente verwag om die sewe verpligte modules en een keusemodule te voltooi. Die modules vorm die grondslag van die vier dimensies van leierskapontwikkeling, naamlik: ek (persoonlike ontwikkeling); ons (interpersoonlike of spanleierskap); werk (organisasie leierskap); en wêreld (samelewingsleierskap). Die keusemodule stel deelnemers in staat om 'n spesifieke leierseienskap of 'n meer gespesialiseerde kernvaardigheid te ontwikkel.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12345	778	120	Leierskapsontwikkeling	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12774	712	10	Die Rol van Besigheid in die Samelewing en Omgewing	Beide
12770	712	10	Hoë-impakleierskap en -spanwerk	Beide
11313	712	28	Integrerende Persoonlike Leierskapsontwikkeling	Beide
12771	712	14	Ontwikkeling en Leiding van 'n Organisasiekultuur	Beide
12768	712	14	Persoonlike Outentieke Leierskap	Beide
12773	712	14	Strategie as die Kuns van Uitvoering	Beide
12772	712	10	Transformasie en Mededingendheid	Beide

Keusemodules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12778	712	20	Leiers rig leiers af	Beide
12775	712	20	Onderhandeling en Leierskap van Verandering	Beide
12776	712	20	Prosesgeoriënteerde Leierskap	Beide

Assessering en eksaminering

Studente se vordering sal deur middel van buigsame assessering gemonitor word. Hierdie nagraadse diploma sal leerders aan 'n teoretiese en praktiese onderbou van leierskapsontwikkeling blootstel. Die teoretiese gedeelte van die kursus sal uit lesings, gevallestudies, tutoriale en opdragte bestaan, terwyl die praktiese gedeelte hoofsaaklik uit samewerking in sindikaatgroepe, eweknie-gebaseerde afrigting en toepassing in die werkplek sal bestaan.

1.7 Nagraadse Diploma in MIV/Vigs-bestuur
Programbeskrywing

Die nagraadse diploma word deur die Afrika-Sentrum vir MIV/Vigs-bestuur van die Universiteit Stellenbosch aangebied. Die program strek oor een akademiese jaar en word slegs in Engels aangebied. Daar word van die studente verwag om ses modules te voltooi, wat elk 20 krediete tel. Die program word via die internet aangebied en studente is verplig om vir een week in Januarie byeen te kom vir 'n somerskool, wat in Stellenbosch gehou word. 'n Aantal verpligte satellietklasse op Saterdag sal deurlopend deur die jaar aangebied word.

Programinhoud

Kyk uiteensetting hieronder.

Slaagvereistes

Die student moet al ses modules slaag en 'n totaal van 120 krediete verwerf om die diplomaprogram te slaag.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
57665	778	120	MIV/Vigsbestuur	Beide

Alle modules is verpligtend.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
56146	712	20	Bestuur in die Era van MIV/Vigs	2
56081	713	20	Die Epidemiologie en Probleem van MIV/Vigs	Beide
56111	714	20	MIV/Vigs Beleid	Beide
56154	715	20	Navorsing monitering en evaluering van MIV/Vigs programme	2
56103	716	20	Sosiaal-kulturele aspekte van MIV/Vigs	Beide
56138	717	20	Voorkoming en Sorg vir Mense met MIV/Vigs	2

Assessering en eksaminering

Studente word deurlopend geassesseer deur middel van individuele opdragte wat voltooi moet word.

Krediete

Hierdie nagraadse diploma word op NKR-vlak 8 aangebied (120 krediete).

Keuring

'n Beperkte getal studente word gekeur op grond van hulle kwalifikasi (NKR-vlak 7), toepaslike ondervinding en rekenaarvaardighede.

Aansoek

Toelatingsvereistes is: (i) 'n erkende baccalaureusgraad of 'n Nasionale Hoër Diploma of 'n gelykstaande kwalifikasie, (ii) toepaslike bestuursondervinding, en (iii) rekenaar-, internet- en e-posvaardighede.

Aansoek om toelating

Voornemende studente moet voor 31 Oktober van die vorige jaar skriftelik aansoek doen op aansoekvorms wat by die Afrika-Sentrum vir MIV/Vigs-bestuur aangevra kan word, of op die Sentrum se webtuiste beskikbaar is.

Navrae

Tel.: +27 (0)21 808 3002/3006/2621

E-pos: pdm@sun.ac.za of bianca@sun.ac.za of ralex@sun.ac.za

Webtuiste: <http://www.aidscentre.sun.ac.za>

1.8 Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Spesifieke toelatingsvereistes

'n Baccalaureusgraad met 'n slaagsyfer van minstens 60% in een van die volgende hoofvakke: Geografie en Omgewingstudie, Sosiologie, Ekonomie, Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Geologie, Botanie, Soölogie, Landbou-ekonomie, Logistiek, Bosbou, Ekologie/Natuurbeewaring, Siviele Ingenieurswese, Argitektuur, Stads- en Streekbeplanning, Landmeetkunde of 'n ander rigting wat as ekwivalent beskou word. Op grond van toepaslike werkervaring aangedui op die aansoek kan ander rigtings ook geakkommodeer word.

Daar word van studente verwag om teen die aanvang van die klasse oor 'n aanvaarbare vlak van rekenaargeletterdheid te beskik.

Duur

Die program word op modulêre grondslag oor een jaar aangebied en behels die bywoning van agt verpligte week lange kontaksessies oor die loop van die jaar.

Aanbieding

Engels, maar werkstukke en eksamens kan in Afrikaans geskryf word as die student dit sou verkies.

Programinhoud

Brosjyre beskikbaar by die Programadministrateur, tel. 021 808 2151, e-pos jjs3@sun.ac.za.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
55255	778	120	Omgewingsbestuur	Beide

Kernmodules (verpligtend)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11176	771	15	Geografiese Inligtingstelsels in Omgewingsanalise en -bestuur	Beide
59617	775	15	Omgewings ekonomie	Beide
10769	771	15	Omgewingsetiek (Gevorderde studie)	Beide
11179	771	15	Omgewingskwessies	Beide
60704	771	15	Omgewingsreg	Beide
11919	771	15	Omgewingsregeerkunde	Beide

Keusemodules (kies enige twee)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
55492	771	15	Ontwikkelingsbeplanning-en Omgewingsanalise *	Beide
11198	775	15	Toegepaste Ekonomie	Beide
58718	771	15	Volhoubare Ontwikkeling	Beide

* Keusemodules mag, met die toestemming van die programkoördineerder, vir enige ander module van die Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling geruil word.

Assessering en eksaminering

Geskrewe teoretiese, praktiese en mondelinge eksamens asook werkstukke of take mag deur die onderskeie modules vereis word. 'n Prestasiepunt van 50% word vereis om 'n module te slaag en 'n prestasiepunt van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag. Dienooreenkomstig word 'n gemiddelde prestasiepunt van 50% vereis om die totale program te slaag en 'n gemiddelde prestasiepunt van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte getal studente jaarliks in die program geakkommodeer kan word, kan keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees. Suksesvolle studente moet 'n nie-terugbetaalbare deposito betaal om hulle plek in die program te verseker.

Aansoek

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor einde Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Normaalweg laat Januarie of begin Februarie voor die amptelike aanvang van klasse.

1.9 Nagraadse Diploma in Ontwikkelingsfinansies (Bellvillepark-kampus)

Krediete

Hierdie nagraadse diploma word op NKR-vlak 8 aangebied (120 krediete).

Programbeskrywing

Hierdie internasionaal geakkrediteerde program is die ideale beginpunt vir junior en middelvlak-bestuurders wat belangstel in 'n loopbaan in Ontwikkelingsfinansies en die befondsing van groei-inisiatiewe soos paaie, telekommunikasie-infrastruktuur, hospitale en huise. Die program is op Afrika gerig, maar die vaardighede kan in enige ontwikkelende ekonomie toegepas word. Hierdie modulêre program (twee blokke klasse op kampus, versprei oor een jaar) stel studente in staat om te studeer terwyl hulle werk.

Programuitkomste

Ná voltooiing van hierdie program moet die deelnemers in staat wees om die volgende vermoëns te demonstreer:

- Begryp ontwikkelingsfinansies, spesifiek in Afrika.
- Diagnoseer en ontleed ontwikkelingsfinansiële beleidskwessies, probleme of projekte.
- Lewer 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwerp en formulering van ontwikkelingsfinansiële beleid en programme om op ontwikkelingbehoefes binne spesifieke kontekste in te gaan.
- Implementeer ontwikkelingsfinansiële beleid.
- Monitor en evalueer die haalbaarheid en uitkomst van ontwikkelingsfinansies-projekte.
- Skryf 'n analitiese navorsingsverslag oor 'n aktuele ontwikkelingfinansies-kwessie.

Erkenning van vorige leer

'n Beperkte getal kandidate sonder die vereiste grade en bewese ervaring op die gebied kan op grond van 'n portefeulje van bewese en vergelykbare bevoegdhede toegelaat word.

Spesifieke toelatingsvereistes

'n Toepaslike Baccalaureusgraad in enige van die volgende: Ekonomie, Finansies, Rekeningkunde, Handel of Bestuur

of

Enige ander driejarige Baccalaureusgraad met ten minste twee jaar toepaslike ondervinding.

Programinhoud

Daar word van studente verwag om ses verpligte modules en twee keusemodules te voltooi.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
58424	778	120	Ontwikkelingsfinansies	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12445	715	15	Finansiële-ontleding en Projekevaluering	Beide
11324	715	15	Finansies en Ontwikkeling in Afrika	Beide
62197	715	15	Ontwikkeling van Klein Ondernemings	Beide
11325	715	15	Navorsingsoriëntering	Beide
11331	715	15	Openbare Private Vennootskap	Beide
11327	715	15	Risikobestuur in Ontwikkelingsfinansies	Beide

Keusemodules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11329	715	15	Landboufinansiering	Beide
12345	715	15	Leierskapontwikkeling	Beide
11326	715	15	Monitering en Evaluering van Ontwikkelingsfinansies	Beide
12707	715	15	Sosiale Entrepreneurskap	Beide
11330	715	15	Verband- en Behuisingsfinansiering	Beide

Assessering en eksaminering

Studente se vordering word deur buigsame assessering gemonitor. Assessering bestaan uit toetse, groep- en individuele take.

1.10 Nagraadse Diploma in Projekbestuur (Bellvillepark-kampus)
Krediete

Hierdie nagraadse diploma word op NKR-vlak 8 aangebied (120 krediete).

Programbeskrywing

Bestuurders staar gedurig komplekse uitdagings in die gesig. Hulle moet tred hou met vinnige veranderinge wat spruit uit die voortdurende veroudering van hulle produkte, die noodligheid om spoedig te reageer op hulle markte, asook om nuwe geleenthede aan te gryp. Hierdie situasie word vererger deur die feit dat die meeste van hierdie uitdagings diskontinu van aard is en toenemend insette oor die organisasie, oor die verskillende organisasies of selfs oor verskeie lande heen vereis. Projekbestuur is gemoeid met die lewering van 'n gespesifiseerde produk deur 'n spesifieke span met die nodige verskeidenheid spesialisvaardighede, in ooreenstemming met die beplande prestasie, tyds- en kostedoelwitte. Projekbestuur is dus by uitstek geskik vir bogenoemde situasie. Selfs met betrekking tot die openbare sektor het die regering die noodligheid om projekbestuur as werkswyse vir die lewering van dienste en die verbetering van diensvlakke te aanvaar, benadruk.

Programuitkomst

Leerbenadering

Projekbestuur is nie 'n basiese bestuurswetenskap nie, maar 'n toegepaste bestuurswetenskap wat op basiese bestuurskennis voortbou, dit toepas en integreer. Die bepaalde kwalifikasie behoort dié bestuursvaardighede wat effektiewe projekbestuur ondersteun, te kombineer met die filosofieë, beginsels en tegnieke eie aan die bestuur van projekte. Die program sal nie alleenlik vaardige projekbestuurders oplei en hulle beskikbaarheid verhoog nie, maar sal ook begin om 'n bron van uitvoerende bestuurders, wat die projekbestuursfunksie in organisasies kan lei, te bou. Verder behoort dit senior bestuursvlakke beter toe te rus om die wisselwerking tussen projek- en funksionele bestuur, asook die integrasie van projekte met die strategiese bestuur van organisasies, te verstaan.

Erkenning van vorige leer

'n Beperkte getal kandidate sonder die vereiste grade en bewese ervaring op die gebied kan op grond van 'n portefeulje van bewese en vergelykbare bevoegdhede toegelaat word.

Spesifieke toelatingsvereistes

'n Toepaslike Baccalaureusgraad en 'n minimum van twee jaar toepaslike ondervinding in 'n projekbestuursposisie.

Programinhoud

Deelnemers moet agt verpligte modules oor 'n tydperk van twee jaar aflê (vier modules in die eerste jaar en vier modules in die tweede jaar).

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
51993	778	120	Projekbestuur	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12978	713	20	Bestuur van Projekte	Beide
12977	713	20	Grondslae van Bestuur	Beide
12979	713	8	Projekkommunikasiebestuur	Beide
12980	714	20	Projekkostebestuur	Beide
12981	714	20	Projekleierskap en EK	Beide
10851	713	12	Projekrisikobestuur	Beide
12983	714	12	Projekskedulering	Beide
12982	713	8	Projekverskaffingsbestuur	Beide

Assessering en eksaminering

Studente sal geassesseer word deur middel van:

- Individuele, geskrewe werkstukke vir elke module as summatiewe assessering wat die toepassing van teoretiese raamwerke in 'n werkkonteks vereis
- 'n Minimum van vier skriftelike eksamens oor die integrasie van verwante modules as summatiewe assessering
- Sindikaat- en groepwerk as formatiewe assessering
- Een sakegedrewe, aksie-leer groepsopdrag as formatiewe assessering.

1.11 Nagraadse Diploma in Toekomsstudie (Bellvillepark-kampus)

Krediete

Hierdie nagraadse diploma word op NKR-vlak 8 aangebied (120 krediete).

Programbeskrywing

Volledige inligting is beskikbaar by:

http://www.usb.ac.za/Common/Pdfs/1Pagers/PGDFutureStudies/USBPGD_Futurestudies.pdf

Die doel van Toekomsstudie is om individue, groepe, organisasies en regerings in staat te stel om die implikasies van veranderinge op hulle langtermyn-toekoms te verstaan en denuoreenkomstig daarop te reageer. In Afrika en Suid-Afrika is 'n toekomsgerigte ingesteldheid veral belangrik, gegewe die noodsaaklikheid van die strewe na verhoogde lewensgehalte. Dit vereis die opleiding van 'n toenemende getal ruimdenkende individue en organisasies met 'n holistiese begrip van die sosiale, etiese, politieke, tegniese en ekonomiese kragte wat die skep van so 'n toekoms kan bevorder.

Die Nagraadse Diploma in Toekomsstudie is enig in sy soort in Afrika en een van slegs 'n paar wat wêreldwyd aangebied word. Die doel is om kandidate toe te rus om betekenisvol te reageer op toenemende kompleksiteit, met inagneming van die unieke ontwikkelingsuitdagings in Afrika soos gesondheid, opvoeding, globale deelname en sekuriteit. Die Nagraadse Diploma in Toekomsstudie verbreed kandidate se vermoëns om betekenisvolle en strategiese langtermyn-besluite in 'n internasionaal mededingende en vinnig veranderende omgewing te neem.

Programuitkomste

Die programuitkomste en -doelwitte is op die volgende kernwaardes gegrond:

- Die vestiging en bevordering van 'n professionele gewete.
- Die ontwikkeling van toepaslike denkstyle en vaardighede.
- Die nakoming van internasionaal aanvaarbare en herkenbare gehaltestandaarde.

Programformaat en krediete

- Die program word oor 'n tydperk van een jaar deur middel van gemengde leer aangebied. Studente kies tussen klasse op kampus of intydse klasse. Daar is 'n verpligte vier-dag-blok op die kampus aan die begin van 'n program.
- Die voertaal tydens onderrig, besprekings en aanbiedings is Engels; werkstukke, toetse en eksamens mag eger in Afrikaans afgelê word.

Spesifieke toelatingsvereistes

Die volgende toelatingsvereistes geld vir die Nagraadse Diploma in Toekomsstudie:

- 'n Toepaslike, erkende en geldige Baccalaureusgraad wat by 'n universiteit of universiteit van tegnologie verwerf is.
- Minstens twee jaar ervaring in 'n strategiese bestuurs- of langtermyn-beplanningsomgewing.
- 'n Beperkte getal kandidate mag toegelaat word in ooreenstemming met die beleid ten opsigte van assessering en erkenning van vorige leer.

Dieselfde kriteria geld as in die geval van die Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en administrasie, onder meer die indien van 'n omvattende portefeulje van leerervaring.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
51330	779	120	Toekomsstudie	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11317	761	20	Beginsels van toekomsstudie	Beide
11321	764	20	Die meet en skep van die toekoms	Beide
11322	765	20	Globale tendense en werklikhede	Beide
11319	763	20	Toegepaste filosofie	Beide
11318	762	20	Toegepaste stelseldenke	Beide
11323	766	20	Verandering en bestuur	Beide

1.12 Nagraadse Diploma in Vervoer en Logistiek

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Programbeskrywing

Ondernemings van die grootste vervaardigers tot die kleinste produsente wat produkte aankoop en/of verkoop sal logistieke deskundiges benodig om die vloei van produkte en inligting plaaslik, nasionaal en internasionaal, te bestuur. Diensentiteite soos hospitale en restaurante moet ook logistieke aktiwiteite bestuur. Die klem in hierdie program is eerstens op strategiese, taktiese en operasionele voorsieningkettingbestuur van 'n besigheid en tweedens op vervoerbeplanning en belegging in vervoerinfrastruktuur in die openbare en private sektore.

Programuitkomst

Die Nagraadse Diploma in Vervoer en Logistiek stel die student in staat om:

- die prosesse in die voorsieningsketting te analiseer;
- bestuurs- en ekonomiese beginsels in lugvaart, skeepvaart en padvervoer te analiseer;

- fasiliteitsbestuur ten opsigte van hawewerksaamhede, pakhuisbestuur en hantering van produkte te analiseer;
- en om die komplekse en meervoudige uitdagings in vervoerbeplanning te ontleed.

Met betrekking tot die ontleiding, prosessering en bestuur van inligting, stel die Nagraadse Diploma in Vervoer en Logistiek die student in staat om:

- relevante inligting van gepaste bronne in te samel en te ondersoek vir spesifieke logistieke- en vervoerprobleme;
- gepaste tegnieke te gebruik om logistieke- en vervoerdata te prosesseer;
- en om relevante data en inligting te bestuur en doeltreffend te kommunikeer in geskrewe dokumente.

Wat etiese en professionele praktyk ten opsigte van bestuur en verantwoordbaarheid betref, stel die Nagraadse Diploma in Vervoer en Logistiek die student in staat om:

- met die openbare en privaatsektore saam te werk en die aard van die interaksies ten
- opsigte van samewerking en kreatiwiteit in vervoer en logistiek te verstaan; en
- om verantwoordelik te wees in die bestuur van die prosesse in die vervoer- en logistieke konteks

Spesifieke toelatingsvereistes

Die minimum toelatingsvereiste is 'n drie-jarige B-graad in enige rigting met 'n gemiddeld van 55% in hul hoofvakke. Studente met beperkte ondervinding in Logistieke Bestuur en Vervoereconomie is verplig om die inleidende modules (Inleiding tot Logistieke Bestuur en Inleiding tot Vervoereconomie) te neem. Studente met Logistieke Bestuur of Vervoereconomie op derdejaarsvlak kan nie die inleidende modules neem nie. Hierdie student neem die ander keusemodules om 120 krediete op te maak.

Duur

Een jaar voltyds vanaf Januarie tot November.

Programinhoud

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
51284	788	120	Vervoer- en Logistieke studie	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13477	711	15	Analitiese Gereedskap en Tegnieke	1
13476	741	15	Fasiliteitsbestuur	2
13475	711	15	Inleiding tot Logistieke Bestuur	1
13474	711	15	Inleiding tot Vervoerekonomie	1
59145	744	15	Padvervoerbestuur	1
11480	771	15	Voorsieningsbestuur	1

Keusemodules (om saam met verpligte modules 120 krediete op te maak)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13482	711	15	Geïntegreerde Voorsieningskettingbeplanning	1
11275	742	15	Lugvaartekonomie	2
10911	723	15	Inleiding tot vooruitskatting	1
13076	744	15	Internasionale handel, Vervoerinfrastruktuur en logistiek	2
12995	773	15	Skeepvaartekonomie	1
13478	741	15	Vervoerbestuur (Lugvaart en Spoor)	2
13480	711	15	Vervoer Infrastruktuur Ekonomie	1
13480	741	15	Voorraad Bestuur	2
11483	722	15	Voorsieningskettingprestasiestuur en Tegnologie-ondersteuning	2
13481	741	15	Vraag en Bestellingbestuur	2

Assessering en eksaminering

Studente se vordering word deurlopend gemonitor d.m.v. buigsame assessering. Formele assessering word gedoen en fokus op die individu se prestasie, terwyl daar ook ruimte vir groepwerk gelaat word. Assessering mag verskil van module tot module, maar is hoofsaaklik in die volgende kategorië:

- kort klastoetse om vooraf leeswerk of voorbereiding te toets;
- finale volledige toets om hoër orde leeruitkomstes te toets, hoofsaaklik integrasie deur middel van gevallestudies of ander toepassings;
- individuele of groepstake; en
- geskrewe analyses of aanbiedings.

Keuring

Slegs 'n beperkte aantal studente word elke jaar op grond van kwalifikasies en/of prestasie in die Baccalaureusgraad aanvaar.

Aansoek

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet teen einde Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Laaste week in Januarie.

1.13 Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Spesifieke toelatingsvereistes

1. Enige Baccalaureus- of BTech-graad of 'n relevante, vierjarige diploma met 'n slaagsyfer van 60% in een van die volgende hoofvakke: Stads- en Streeksbeplanning, Behuising, Geografie en Omgewingstudie, Sosiologie, Sosiale Wetenskappe, Sielkunde, Ekonomie, Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Botanie, Soölogie, Ekologie/Natuurbewaring, Geologie, Wiskunde, Statistiek, Landbou-ekonomie, Vervoerekonomie, Bosbou, Siviele/Strukturele/Meganiese/Elektriese Ingenieurswese, Argitektuur, Landmeetkunde of enige ander hoofvak goedgekeur deur die Programkomitee. Relevante werkservaring sal ook vir toelating oorweeg word; of
2. Enige driejarige, tersiêre program van formele studie met vyf jaar toepaslike werkservaring en voldoening aan die Universiteit en die Skool vir Publieke Leierskap se AEVL-beleid (Assessering en Erkenning van Vorige Leer). Volgens hierdie beleid moet die ekwivalent van 120 krediete op NKR-vlak 7 (Baccalaureusgraad-vlak) verwerf word op een of meer van die volgende maniere, onderworpe aan die besluit van die Programkomitee, bestaande uit die Direkteur van die Skool vir Publieke Leierskap, die Programdirekteur en ander relevante persone:
 - Voltooiing van aanvullende modules voor of gedurende die program
 - Erkenning van professionele kortkursusse, indiensopleidingskursusse en voltooide vakke vir 'n graad of diploma
 - Indiening van 'n leer-portefeulje, met kopieë van geskrewe werk (handleidings, projekvoorstelle, verslae, ens.)
 - Die slaag van 'n toelatingseksamen.

Programstruktuur

Hierdie gestruktureerde transdissiplinêre program, met vier opsies/spesialisasies wat op die beplanning, bestuur en praktyk van volhoubare ontwikkeling fokus, word in samewerking met die Volhoubaarheidsinstituut aangebied. Die kwalifikasie word deur kursuswerk (agt modules van 15 krediete elk) verwerf. Tensy van tyd tot tyd anders deur die Programdirekteur gespesifiseer, geskied alle module-aanbiedings op die perseel van die Volhoubaarheidsinstituut te Lynedoch.

Duur

Die nagraadse diploma kan behaal word ná 'n minimum tydperk van een jaar en die geslaagde voltooiing van agt modules. Die program word aangebied oor 'n tydperk van een jaar (voltyds) of twee jaar (deeltyds) in 'n modulêre formaat, en bestaan uit 'n minimum van een sesdaagse modulêre kontakssessie per module (tensy 'n langer tydsduur in die kursusraamwerk van die module aangedui word), met onafhanklike gestruktureerde selfstudie vir die res van die studietydperk.

Aanbiedingsnotas

Die onderrigmedium gedurende formele onderrigssessies, klasgesprekke en -voordragte sal Engels wees.

Notas

Let asseblief daarop dat goedkeuring in terme van die AEVL-beleid heelwat bykomende inligting en tyd vereis. 'n Voorvereiste vir aanvaarding is dikwels die suksesvolle voltooiing van een of meer modules in 'n jaar as 'n buitestudent, waarna die AEVL-aansoek geprosesseer sal word. Die student kan dan in die jaar ná sy/haar oorspronklike aansoek formeel registreer, maar alle voltooide modules sal vir die doel van die graad in aanmerking geneem word. Let ook daarop dat die Nagraadse Diploma 'n Honneursvlak multidissiplinêre nagraadse kwalifikasie is, wat formeel deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasies-owerheid erken word, en dus ook op internasionale vlak erken word.

Programinhoud

('n Brosjyre oor die Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling is beskikbaar by <http://www.sun.ac.za/english/faculty/economy/spl/networks-links/downloads.>)

Hierdie gestruktureerde, transdissiplinêre nagraadse diploma is saamgestel uit kursuswerk gefokus op die beplanning, bestuur en praktyk van volhoubare ontwikkeling. Voorsiening word gemaak vir vyf programopsies met verskillende kombinasies van modules in elkeen. Elke opsie bestaan uit agt modules wat voltooi moet word. Modules van die Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling wat deur studente as buite- of spesiale studente voltooi is (insluitend die suksesvolle voltooiing van alle groepwerk en individuele werkstukke en joernale), sal vir die doel van die graad erken word, tot 'n maksimum van vier modules. Let op dat studente hulle spesialisasie tot MPhil-vlak kan voortsit.

Die kursuskomponent van die Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling is saamgestel uit 'n verpligte basismodule en verpligte sowel as keuse-kernmodules.

Programsamestelling

Die basismodule (Volhoubare Ontwikkeling) is verpligtend. Elke opsie/spesialisasie (Volhoubare Ontwikkeling, Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning, Volhoubare Voedselstelsels, Hernubare en Volhoubare Energie, Politiese Ekonomie van Ontwikkeling) skryf 'n spesifieke kombinasie van moduleseleksies voor. Die vereistes word breedvoerig hieronder uiteengesit.

Opsie 1: Volhoubare Ontwikkeling

Hierdie opsie maak dit vir studente moontlik om hulle eie program van volhoubaarheidstudies saam te stel deur enige kombinasie van modules te kies vanuit die modules wat in die Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling aangebied word. Studente moet een verpligte en sewe kernmodules kies. Maksimum twee kernmodules kan gekies word vanuit die modules wat deur die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
58122	788	120	Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en Bestuur	Beide

Verpligte module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
58718	771	15	Volhoubare Ontwikkeling	Beide

Sewe modules moet uit die volgende modules gekies word:

Kernmodules uit die modules aangebied deur die Skool vir Publieke Leierskap:

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11490	772	15	Biodiversiteit en Ekosisteedienste	Beide
11188	776	15	Ekologiese Ontwikkeling vir Gemeenskapsbou	Beide
13354	771	15	Ekonomie van Volhoubare Transisies	Beide
11489	772	15	Fasilitering vir Volhoubare Transisies	Beide
11651	771	15	Hernubare Energie Beleid	Beide
12531	771	15	Hernubare Energie Finansies	Beide
12230	771	15	Inleiding tot Ontwikkelings Beplanning	Beide
11190	772	15	Kompleksiteitsteorie en Sisteemdenke	Beide
11491	773	15	Leierskap en Omgewingsetiek	Beide
55492	771	15	Ontwikkelingsbeplanning-en Omgewingsanalise	Beide
11182	772	15	Ontwikkelingsbeplanningsisteme -Reg en -Beleid	Beide
13355	771	15	Ontwikkelingsteorie en -praktyk	Beide
11195	773	15	Regering Globalisering en Burgerlike Gemeenskap	Beide
12231	774	15	Sisteme en Tegnologieë vir Volhoubare Landbou	Beide
12530	771	15	Stelsel Dinamika Modelling	Beide
11198	775	15	Toegepaste Ekonomie	Beide
13357	771	15	Vergelykende Studie in Selfvernuwende Voedselstelsels	Beide
13356	771	15	Vergelykende Studie in Volhoubare Leefwyses	Beide

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12232	774	15	Voedselsekuriteit en Globale Landbou	Beide
13359	771	15	Voedselstelsels Transisies	Beide
60763	774	15	Volhoubare Ondernemings	Beide
11199	775	15	Volhoubare Stede	Beide

Kernmodules aangebied deur departemente in die Fakulteit Ingenieurswese ('n maksimum van twee kan gekies word):

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
64904	744	15	Bio-energie	2
64890	714	15	Hernubare Energiestelsels	1
11294	747	15	Inleiding tot Son-energie	Beide

Opsie 2: Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning

Studente wat as beplanners in Suid-Afrika of elders wil praktiseer, word aangeraai om hierdie opsie te kies. Studente moet ses verpligte modules voltooi en kan dan enige twee modules kies uit 'n lys van kernmodules wat deur die Skool vir Publieke Leierskap aangebied word. (Let wel: Indien toestemming verleen word om die getal verpligte modules te verminder, mag nie meer nie as twee modules gekies word vanuit die modules wat deur die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word.)

Program-module:

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
58122	788	120	Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en Bestuur	Beide

Verpligte modules:

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12230	771	15	Inleiding tot Ontwikkelings Beplanning	Beide
55492	771	15	Ontwikkelingsbeplanning-en Omgewingsanalise	Beide
11182	772	15	Ontwikkelingsbeplanningsisteme -Reg en -Beleid	Beide
13355	771	15	Ontwikkelingsteorie en -praktyk	Beide
11198	775	15	Toegepaste Ekonomie	Beide
58718	771	15	Volhoubare Ontwikkeling	Beide

Studente kan, op skriftelike versoek, deur die Programdirekteur vrygestel word van enige verpligte beplanningsmodule, indien hulle kan bewys dat hulle reeds 'n soortgelyke module voltooi het, maar dan moet hulle 'n ander module in die plek van die beplanningsmodule uit die lys van kernmodules kies.

Alle studente wat die opsie Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning wil volg, word aangeraai om eers die module Inleiding tot Ontwikkelingsbeplanning te voltooi voordat enige ander Ontwikkelingsbeplanning-modules gevolg word.

Na die voltooiing van die Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling word studente wat hierdie opsie van die program MPhil in Volhoubare Ontwikkeling wil voltooi, aangeraai om vier keusemodules soos gelys onder die MPhil program te kies of vanaf 'n lys soos goedgekeur deur die Raad vir Beplanners (SACPLAN).. Die navorsingskomponent vir die program MPhil in Volhoubare Ontwikkeling sal ook op Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning gefokus moet wees.

Twee modules moet uit die volgende modules gekies word:

Kernmodules uit die modules aangebied deur die Skool vir Publieke Leierskap:

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11490	772	15	Biodiversiteit en Ekosisteedienste	Beide
11651	771	15	Hernubare Energie Beleid	Beide
12531	771	15	Hernubare Energie Finansies	Beide
11188	776	15	Ekologiese Ontwikkeling vir Gemeenskapsbou	Beide
13354	771	15	Ekonomie van Volhoubare Transisies	Beide
11489	772	15	Fasilitering vir Volhoubare Transisies	Beide
11190	772	15	Kompleksiteitsteorie en Sisteemdenke	Beide
11491	773	15	Leierskap en Omgewingsetiek	Beide
11195	773	15	Regering Globalisering en Burgerlike Gemeenskap	Beide
12231	774	15	Sisteme en Tegnologieë vir Volhoubare Landbou	Beide
12530	771	15	Stelsel Dinamika Modelling	Beide
13357	771	15	Vergelykende Studie in Selfvernuwende Voedselstelsels	Beide
13356	771	15	Vergelykende Studie in Volhoubare Leefwyses	Beide
12232	774	15	Voedselsekureit en Globale Landbou	Beide
13359	771	15	Voedselstelsels Transisies	Beide
60763	774	15	Volhoubare Ondernemings	Beide
11199	775	15	Volhoubare Stede	Beide

Kernmodules aangebied deur departemente in die Fakulteit Ingenieurswese:

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
64904	744	15	Bio-energie	2
64890	714	15	Hernubare Energiestelsels	1
11294	747	15	Inleiding tot Son-energie	Beide

Opsie 3: Volhoubare Voedselstelsels

Toelating is verder onderhewig aan die bywoning van 'n verpligte oriënteringsprogram wat plaasvind gedurende die week voor die aanvang van die amptelike lesingsprogram.

Programstruktuur

'n Student wat in die hoofrigting Ondernemingsbestuur wil studeer, moet 'n minimum van 120 krediete verwerf, waarvan 84 krediete verdien moet word uit die rigtings wat deur die Departement Ondernemingsbestuur self aangebied word. 'n Maksimum van 36 krediete mag verdien word deur middel van gevorderde studie in die volgende departemente (die kredietwaarde van sodanige studie moet vooraf met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur en die betrokke departemente afgespreek word):

- Bedryfsielkunde
- Ekonomie
- Landbou-ekonomie
- Nagraadse Bestuurskool
- Rekeningkunde
- Statistiek en Aktuariële Wetenskap
- Logistiek

Duur

Twaalf maande.

Programinhoud

Die onderstaande modules word deur die Departement Ondernemingsbestuur aangebied, onderworpe aan jaarlikse goedkeuring deur die Voorsitter van die Departement. (Alle modules word nie noodwendig jaarliks aangebied nie.)

Die onderskeie modules moet in oorleg met die Voorsitter van die Departement gekies word. Verdere inligting oor die inhoud van die program kan op die Departement se webtuiste by <http://academic.sun.ac.za/business/> verkry word.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
48550	778	120	Ondernemingsbestuur	Beide

Verpligte module (30 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12952	743	30	Navorsingswerkstuk: Ondernemingsbestuur (Hierdie module is 'n voorvereiste vir Ondernemingsbestuur 879.)	Beide

Keusemodules (90 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11141	711	18	Afgeleide Finansiële Instrumente	1
10425	751	9	Bemarkingskanale *	Beide
62138	712	18	Bemarkingskommunikasie	2
10399	747	18	Bemarkingsnavorsing	1
11156	748	9	Besigheid-tot-Besigheid Bemarking *	Beide
65196	711	18	Bestuur van Innovasie en Deurbraakidees	1
44024	746	18	Eiendomsbelegging en -Finansiering	1
11148	750	9	Elektroniese Bemarkingskanale *	Beide
51047	713	18	Finansiële Bestuur	1
11149	741	18	Gevorderde Bemarkingsbestuur	2
65181	711	9	Gevorderde Entrepreneurskap *	Beide
11151	742	18	Gevorderde Strategiese Bestuur	1
59595	713	18	Internasionale Bemarking	1
11155	744	18	Internasionale Besigheid	2
65226	711	18	Korporatiewe Projekontwikkeling	2
43311	716	18	Korttermynversekering	2
11144	745	18	Portefeuljebestuur	2
65218	711	18	Metriseringstegnieke vir Bemarking *	Beide
65234	711	18	Organisatoriese diagnose en mentorskap	2
11153	711	18	Produk- en Handelsmerkbestuur *	Beide
11154	718	18	Suid-Afrikaanse Bestuursvraagstukke *	Beide
11147	717	9	Vasterentedraende Effekte	2
12234	717	9	Vasterentedraende Effekte Portefeuljebestuur	2
11268	771	18	Waardegebaseerde Finansiële Bestuur	1

* Module word nie in 2017 aangebied nie;

en/of

Enige keusemodule(s) tot 'n maksimum gewig van 36 krediete vanuit 'n ander departement binne of buite die Fakulteit, in oorlegpleging met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur;

of

Enige keusemodule(s) tot 'n maksimum gewig van 36 krediete vanuit 'n buitelandse universiteit ingevolge bestaande uitruilooreenkomste van die Universiteit Stellenbosch, in oorlegpleging met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur.

Assessering en eksaminering

Eksamens word aan die einde van die eerste semester in Junie en aan die einde van die tweede semester in November afgeneem.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte getal applikante in die program geakkommodeer kan word, kan keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Aansoek

Aansoeke vir 'n betrokke jaar moet teen einde Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Een week voor die amptelike aanvang van lesings.

2.1.14 HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Bemerkingsbestuur)

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12312	778	120	Ondernemingsbestuur: Bemerkingsbestuur	Beide

Verpligte modules (84 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
62138	712	18	Bemerkingskommunikasie	2
10399	747	18	Bemerkingsnavorsing	1
11149	741	18	Gevorderde Bemerkingsbestuur	2
12952	743	30	Navorsingswerkstuk: Ondernemingsbestuur (Hierdie module is 'n voorvereiste vir MCom Ondernemingsbestuur 879.)	Beide

Keusemodules (36 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11141	711	18	Afgeleide Finansiële Instrumente	1
10425	751	9	Bemerkingskanale *	Beide
11156	748	9	Besigheid-tot-Besigheid Bemarking *	Beide
65196	711	18	Bestuur van Innovasie en Deurbraakidees	1
44024	746	18	Eiendomsbelegging en -finansiering	1
11148	750	9	Elektroniese Bemerkingskanale *	Beide
51047	713	18	Finansiële Bestuur	1
65181	711	9	Gevorderde Entrepreneurskap *	Beide
11151	742	18	Gevorderde Strategiese Bestuur	1
59595	713	18	Internasionale Bemarking	1
11155	744	18	Internasionale Besigheid	2
65226	711	18	Korporatiewe Projekontwikkeling	1
43311	716	18	Korttermynversekering	2
11144	745	18	Portefeuljebestuur	2
65218	711	18	Metriseringstegnieke vir Bemarking *	Beide

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
65234	711	18	Organisatoriese diagnose en mentorskap	2
11153	711	18	Produk- en Handelsmerkbestuur *	Beide
11154	718	18	Suid-Afrikaanse Bestuursvraagstukke *	Beide
11147	717	9	Vasterentedraende Effekte	2
12234	717	9	Vasterentedraende Effekte Portefeuljebestuur	2
11268	771	18	Waardegebaseerde Finansiële Bestuur	1

* Module word nie in 2017 aangebied nie;

Enige keusemodule(s) tot 'n maksimum gewig van 36 krediete vanuit 'n ander departement binne of buite die Fakulteit, in oorlegpleging met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur;

of

Enige keusemodule(s) tot 'n maksimum gewig van 36 krediete vanuit 'n buitelandse universiteit ingevolge bestaande uitruilooreenkomste van die Universiteit Stellenbosch, in oorlegpleging met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur.

2.1.15 HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Finansiële Bestuur)

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12314	778	120	Ondernemingsbestuur: Finansiële Bestuur	Beide

Verpligte modules (84 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
51047	713	18	Finansiële Bestuur	1
43311	716	18	Korttermynversekering	2
12952	743	30	Navorsingswerkstuk: Ondernemingsbestuur (Hierdie module is 'n voorvereiste vir MCom Ondernemingsbestuur 879.)	Beide
11268	771	18	Waardegebaseerde Finansiële Bestuur	1

Keusemodules (36 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11141	711	18	Afgeleide Finansiële Instrumente	1
10425	751	9	Bemarkingskanale *	Beide
62138	712	18	Bemarkingskommunikasie	2
10399	747	18	Bemarkingsnavorsing	1
11156	748	9	Besigheid-tot-Besigheid Bemarking *	Beide
65196	711	18	Bestuur van Innovasie en Deurbraakidees	1
44024	746	18	Eiendomsbelegging en -Finansiering	1

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11148	750	9	Elektroniese Bemerkingskanale *	Beide
11149	741	18	Gevorderde Bemerkingsbestuur	2
65181	711	9	Gevorderde Entrepreneurskap *	Beide
11151	742	18	Gevorderde Strategiese Bestuur	1
65226	711	18	Korporatiewe Projekontwikkeling	2
59595	713	18	Internasionale Bemaking	1
11155	744	18	Internasionale Besigheid	2
11144	745	18	Portefeuljebestuur	2
65218	711	18	Metriseringstegnieke vir Bemaking *	Beide
65234	711	18	Organisatoriese diagnose en mentorskap	2
11153	711	18	Produk- en Handelsmerkbestuur *	Beide
11154	718	18	Suid-Afrikaanse Bestuursvraagstukke *	Beide
11147	717	9	Vasterentedraende Effekte	2
12234	717	9	Vasterentedraende Effekte Portefeuljebestuur	2

* Module word nie in 2017 aangebied nie;

Enige keusemodule(s) tot 'n maksimum gewig van 36 krediete vanuit 'n ander departement binne of buite die Fakulteit, in oorlegpleging met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur;

of

Enige keusemodule(s) tot 'n maksimum gewig van 36 krediete vanuit 'n buitelandse universiteit ingevolge bestaande uitruilooreenkomste van die Universiteit Stellenbosch, in oorlegpleging met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur.

2.1.16 HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Strategie en Innovasie)

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12313	778	120	Ondernemingsbestuur: Strategie en Innovasie	Beide

Verpligte modules (84 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
65196	711	18	Bestuur van Innovasie en Deurbraakidees	1
11151	742	18	Gevorderde Strategiese Bestuur	1
65226	711	18	Korporatiewe Projekontwikkeling	2
12952	743	30	Navorsingswerkstuk: Ondernemingsbestuur (Hierdie module is 'n voorvereiste vir MCom Ondernemingsbestuur 879.)	Beide

Keusemodules (36 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11141	711	18	Afgeleide Finansiële Instrumente	1
10425	751	9	Bemarkingskanale *	Beide
62138	712	18	Bemarkingskommunikasie	2
10399	747	18	Bemarkingsnavorsing	1
11156	748	9	Besigheid-tot-Besigheid Bemarking *	Beide
44024	746	18	Eiendomsbelegging en -finansiering	1
11148	750	9	Elektroniese Bemarkingskanale *	Beide
51047	713	18	Finansiële Bestuur	1
11149	741	18	Gevorderde Bemarkingsbestuur	2
65181	711	9	Gevorderde Entrepreneurskap *	Beide
59595	713	18	Internasionale Bemarking	1
11155	744	18	Internasionale Besigheid	2
43311	716	18	Korttermynversekering	2
11144	745	18	Portefeuljebestuur	2
65218	711	18	Metriseringstegnieke vir Bemarking *	Beide
65234	711	18	Organisatoriese diagnose en mentorskap	2
11153	711	18	Produk- en Handelsmerkbestuur *	Beide
11154	718	18	Suid-Afrikaanse Bestuursvraagstukke	Beide
11147	717	9	Vasterentedraende Effekte	2
12234	717	9	Vasterentedraende Effekte Portefeuljebestuur	2
11268	771	18	Waardegebaseerde Finansiële Bestuur	1

* Module word nie in 2017 aangebied nie;

Enige keusemodule(s) tot 'n maksimum gewig van 36 krediete vanuit 'n ander departement binne of buite die Fakulteit, in oorlegpleging met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur;

of

Enige keusemodule(s) tot 'n maksimum gewig van 36 krediete vanuit 'n buitelandse universiteit ingevolge bestaande uitruilooreenkomste van die Universiteit Stellenbosch, in oorlegpleging met die Voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur.

2.1.17 HonsBCom (Openbare en Ontwikkelingsbestuur)

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n BA-, BAdmin-, BEcon-, BCom-graad in Openbare en Ontwikkelingsbestuur met aanvaarbare studierekord, of
- Enige universiteitsgraad/BTech-graad/vierjarige, tersiêre diploma met aanvaarbare studierekord, toepaslike werkblootstelling en slaag van vyf NKR-vlak 7-toelatingsmodules, of
- Enige driejarige, tersiêre diploma met aanvaarbare studierekord, ten minste vyf jaar toepaslike werkblootstelling, voldoening aan die vereistes van die Universiteit se AEVL-beleid (Assesering en Erkenning van Vorige Leer), waarvolgens die ekwivalent van 120 krediete op NKR-vlak 7 geasseseer en erken kan word, sowel as slaag van vyf NKR-vlak 7-toelatingsmodules.

Programstruktuur

Programaanbieding geskied by wyse van modulêre asook interaktiewe telematiese onderwys. Modulêre aanbieding behels bywoning van 'n blokaanbieding van lesings oor 'n tydperk van een tot twee weke per keer op die kampus. Aanbieding by wyse van interaktiewe telematiese onderwys vereis dat studente vir elke module, een keer per kwartaal vir 'n dag lank lesinguitsending by 'n elektroniese studiesentrum naby hulle woonplek bywoon. Lesings word vanuit 'n ateljee op Stellenbosch oor 'n televisiestel aangebied en deur satellietuitsendings na die verskillende studiesentra in Suider-Afrika uitgesaai. Gedurende die uitsendings kan studente telefonies met die betrokke dosent in verbinding tree. Die res van die tyd studeer die studente tuis en voltooi voorgeskrewe werkopdragte.

Duur

Die program word deur 'n kombinasie van modulêre (blokaanbieding van lesings) en interaktiewe telematiese onderwys oor een jaar aangebied.

Aanbieding

Die onderrigmedium is Engels, maar werkstukke en eksamens kan in Afrikaans geskryf word as die student dit sou verkies.

Notas

In oorleg met die Direkteur van die Skool vir Publieke Leierskap mag studente enige module van nege krediete vervang met 'n nagraadse module van gelykstaande krediete uit 'n ander vakgebied.

Programinhoud

'n Brosjyre is beskikbaar by die kursusbeampte.

Tel.: 021 918 4192, e-pos: enquiry@spl.sun.ac.za

NKR-vlak 7: Voorvereiste modules

- Administratiewe Reg
- Oriëntering tot Navorsingsmetodes en Skryfvaardigheid vir Openbare en Ontwikkelingsbestuur
- Oriëntering tot Openbare Bestuur
- Oriëntering tot Ontwikkeling
- Oriëntering tot Openbare Beleid
- Rekenaarvaardigheid in Openbare en Ontwikkelingsbestuur

NKR-vlak 8: Prestasie-modules (120)

Kyk uiteensetting hieronder.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
48003	778	120	Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Beide

Alle modules is verpligtend, buiten 'n keuse wat tussen Regeerkunde: Polities en Plaaslike Regeerkunde uitgeoefen moet word.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
60674	761	9	Finansiële Bestuur en Kosteverrekening	2
60682	761	9	Informasie- en Kommunikasietegnologie vir Bestuur	2
58661	761	9	Leierskap en Veranderingsbestuur	2
59250	761	9	Mensebestuur	2
11345	761	30	Navorsingswerkstuk: Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Beide
12229	761	9	Openbare Beleidsbestuur	2
12529	761	9	Organisasieontwerp	2
51993	761	9	Projekbestuur	2
12586	761	9	Regeerkunde: Ekonomie	2
12587	761	9	Regeerkunde: Polities of	2
11648	761	9	Plaaslike Regeerkunde	2
58718	761	9	Volhoubare Ontwikkeling	2

Assessering en eksaminering

Eksamenaflegging vind gedentraliseerd in die verskillende sentra plaas.

Werkstukke, gevallestudies en groepsprojekte gedurende die loop van elke jaar en geskrewe eksamens aan die einde van elke kwartaal.

'n Prestasiepunt van 50% word vereis om 'n module te slaag en 'n prestasiepunt van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag. Dienooreenkomstig word 'n gemiddelde prestasiepunt van 50% vereis om die totale program te slaag en 'n gemiddelde prestasiepunt van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte getal studente jaarliks in die program geakkommodeer kan word, kan keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Aansoek

Aansoeke moet voor einde Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Normaalweg einde Januarie.

Navrae

Navrae met betrekking tot die programinhoud, tydsduur, onderriggeld en aansoekprosedure kan gerig word aan die Skool vir Publieke Leierskap, Universiteit Stellenbosch, Posbus 610, Bellville 7535.

Tel.: 021 918 4192; e-pos: enquiry@spl.sun.ac.za

2.1.18 HonsBCom (Operasionele Navorsing)

Spesifieke toelatingsvereistes

Studente wat in besit is van 'n baccalaureusgraad met 'n gemiddeld van minstens 60% vir Operasionele Navorsing op derdejaarsvlak, of wat na die oordeel van die Departement Logistiek 'n gelykstaande kwalifikasie verwerf het, word tot die HonsBCom in Operasionele Navorsing toegelaat.

Programinhoud

'n Student wat Operasionele Navorsing 778 volg, moet minstens 120 krediete verdien soos hieronder uiteengesit. Nie al die genoemde modules word elke jaar aangebied nie. Studente moet by die Departement uitvind watter modules beskikbaar sal wees.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
55336	778	120	Operasionele Navorsing	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10906	712	15	Gevorderde lineêre programmering	1
11047	774	30	Navorsingswerkstuk: Operasionele Navorsing	Beide
10932	742	15	Voorraadbeheer	2

Keusemodules (minstens 60 of 75 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
46744	712	15	Besluitneming	1
64009	714	15	Capita Selecta (Operasionele Navorsing)	1
64009	744	15	Capita Selecta (Operasionele Navorsing)	2
10905	713	15	Finansiële investeringsbeplanning	1
13079	744	15	Gevorderde Ekonomiese en Finansiële Beplanning vir Vervoerprojekte	2
12318	713	15	Metaheuristieke	1
11907	786	15	Metodes in Operasionele Navorsing	2
10925	742	15	Plasing van fasiliteite	2
10926	714	15	Skedulering	1
10931	743	15	Speleorie	1
10933	753	15	Vooruitskatting	2

Aansoek

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor einde Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Een week voor die amptelike aanvang van lesings.

Navrae

Meer inligting oor die nagraadse programme wat deur die Departement Logistiek aangebied word, is beskikbaar op die webtuiste www.sun.ac.za/logistics, of skakel 021 808 2249.

2.1.19 HonsBCom (Statistiek)

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Spesifieke toelatingsvereistes

'n Baccalaureusgraad met 'n gemiddelde punt van minstens 60% in Statistiek 3.

Duur

Twaalf maande.

Programinhoud

Afhangende van omstandighede in die Departement kan dit gebeur dat sommige van die onderstaande modules nie in 'n gegewe jaar aangebied word nie **en ook dat modules in ander semesters as wat hieronder aangedui is, aangebied word.**

'n Verpligte werkstuk onder studieleiding moet vir eksaminering ingehandig word.

Kyk uiteensetting hieronder. Toestemming kan verleen word om hoogstens 12 krediete uit toepaslike nagraadse modules wat deur ander departemente aangebied word, te verwerf.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
19658	778	120	Statistiek	Beide

Verpligte module (36 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13074	723	6	Inleiding tot R Programmering	1
11226	792	30	Navorsingswerkstuk: Statistiek	Beide

Keusemodules (minstens 84 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10408	712	12	Biostatistiek	1
11920	725	12	Capita Selecta in Statistiek A	1
11921	755	12	Capita Selecta in Statistiek B	2
58777	741	12	Data-ontginning	2
10440	713	12	Eksperimentele ontwerp	1
10569	753	12	Konsultasiepraktyk	2
10600	721	12	Meerveranderlike metodes in statistiek A	1
10601	751	12	Meerveranderlike metodes in statistiek B	2
10628	743	12	Nie-parametriese statistiek	2
10701	716	12	Statistiese kwaliteitsbeheer en -verbetering	1
10705	742	12	Steekproefnemingstegnieke	1
65242	736	12	Stogastiese Modelle	2
10748	722	12	Toegepaste tydreeksanalise A	1
10749	752	12	Toegepaste tydreeksanalise B	2
65269	746	12	Toegepaste Stogastiese Simulasie	2

Assessering en eksaminering

Eksamens word aan die einde van die eerste semester in Junie en aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. Eksamenuitslae word aangevul met die assessering van verskeie praktiese projekte.

Aansoek

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Een en 'n halwe weke voor die algemene aanvang van klasse.

2.1.20 HonsBCom (Vervoereconomie)

Spesifieke toelatingsvereistes

Studente wat die graad BCom, of 'n ander baccalaureusgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, behaal het en Vervoereconomie op derdejaarsvlak met 'n gemiddelde prestasiepunt van minstens 60% geslaag het, word tot die HonsBCom toegelaat.

Programinhoud

'n Student wat Vervoereconomie 778 volg, moet minstens 120 krediete verdien soos hieronder uiteengesit.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
21008	778	120	Vervoereconomie	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10911	723	15	Inleiding tot vooruitskatting	1
59102	715	15	Mededinging en Regulering	1
11047	775	30	Navorsingswerkstuk: Vervoereconomie	Beide
59153	742	15	Stedelike Vervoereconomie	2
13473	711	15	Vervoer en Ekonomiese Ontwikkeling	1

Keusemodules (minstens 30 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
64017	714	15	Capita Selecta (Vervoereconomie)	1
64017	744	15	Capita Selecta (Vervoereconomie)	2
13079	744	15	Gevorderde Ekon en Finansiële Beplanning vir Vervoerprojekte	2
13076	744	15	Internasionale Handel Vervoerinfrastruktuur en Logistiek	2
11275	742	15	Lugvaartekonomie	2
59145	744	15	Padvervoerbestuur	1
12995	773	15	Skeepvaartekonomie	1
13470	711	15	Spoorekonomie	1
10933	753	15	Vooruitskatting	2

Keuring

Die getal plasinge word beperk deur die Departement Logistiek se aanbodvermoë. Plasing geskied in volgorde van akademiese prestasie. Let op dat die volg van sommige modules aan die voldoening van spesifieke voorvereistes onderhewig is.

Aansoek

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor einde Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Navrae

Meer inligting oor die nagraadse programme wat deur die Departement Logistiek aangebied word, is beskikbaar op die webtuiste www.sun.ac.za/logistiek of skakel 021 808 2249.

2.1.21 HonsBCom (Wiskundige Statistiek)

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Spesifieke toelatingsvereistes

'n Baccalaureusgraad met 'n gemiddelde punt van minstens 60% in Wiskundige Statistiek 3.

Duur

Twaalf maande.

Programinhoud

Afhangende van omstandighede in die Departement kan dit gebeur dat sommige van die onderstaande modules nie in 'n gegewe jaar aangebied word nie **en ook dat modules in ander semesters as wat hieronder aangedui is, aangebied word.**

'n Verpligte werkstuk onder studieleiding moet vir eksaminering ingehandig word. Toestemming kan verleen word om hoogstens 12 krediete uit toepaslike nagraadse modules wat deur ander departemente aangebied word, te verwerf.

Kyk uiteensetting hieronder.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
22853	778	120	Wiskundige Statistiek	Beide

Verpligte modules (36 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13074	723	6	Inleiding tot R Programmering	1
11228	791	30	Navorsingswerkstuk: Wiskundige Statistiek	Beide

Keusemodules (minstens 84 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10394	711	12	Bayes-statistiek	1
10408	712	12	Biostatistiek	1
11922	724	12	Capita Selecta in Wiskundige Statistiek A	1
11923	754	12	Capita Selecta in Wiskundige Statistiek B	2
58777	741	12	Data-ontginning	2
10440	713	12	Eksperimentele ontwerp	1

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10507	719	12	Gevorderde inferensie A	1
10508	749	12	Gevorderde inferensie B	1
10569	753	12	Konsultasiepraktyk	2
10598	714	12	Meerveranderlike kategoriese data-analise A	Beide
10599	744	12	Meerveranderlike kategoriese data-analise B	2
10602	715	12	Meerveranderlike statistiese analise A	1
10603	745	12	Meerveranderlike statistiese analise B	2
10628	743	12	Nie-parametriese statistiek	2
10636	746	12	Oorlewingsanalise	2
10701	716	12	Statistiese kwaliteitsbeheer en -verbetering	1
10705	742	12	Steekproefnemingstegnieke	1
65250	718	12	Stogastiese Simulasie	1
10750	717	12	Tydreeksanalise A	2
10751	747	12	Tydreeksanalise B	2

Assessering en eksaminering

Eksamens word aan die einde van die eerste semester in Junie en aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. Eksamenuitslae word aangevul met die assessering van verskeie praktiese projekte.

Aansoek

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Een en 'n halwe week voor die algemene aanvang van klasse.

2.1.22 HonsBCom (Wiskundige Statistiek): Fokus Datawetenskap

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Spesifieke Toelatingsvereistes

Hierdie program word gesamentlik deur die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap en die Departement Rekenaarwetenskap aangebied. Gevolglik moet studente deur beide departemente tot honneursstudie toegelaat word. 'n Baccalaureusgraad met 'n gemiddelde punt van minstens 60% in Wiskundige Statistiek 3 word vereis, asook 'n bevredigende punt in Rekenaarwetenskap op ten minste tweedejaarsvlak.

Duur

Twaalf maande.

Programinhoud

Hieronder volg slegs die modules wat binne die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap aangebied word. Raadpleeg asseblief die inskrywings vir die Departement Rekenaarwetenskap vir besonderhede oor die modules wat binne daardie departement aangebied word. Let op dat sommige van die modules wat deur Rekenaarwetenskap aangebied word, verpligtend is.

Afhangende van omstandighede in die Departement kan dit gebeur dat sommige van onderstaande keusemodules nie in 'n gegewe jaar aangebied word nie en ook dat modules in ander semesters as wat hieronder aangedui is, aangebied word.

'n Verpligte werkstuk onder studieleiding moet vir eksaminering ingehandig word.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
22853	778	120	Wiskundige Statistiek	Beide

Verpligte modules (60 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13074	723	6	Inleiding tot R Programmering	1
11228	791	30	Navorsingswerkstuk: Wiskundige Statistiek	Beide
58777	741	12	Data-ontginning	1
13360	771	12	Statistiese Leerteorie	2

Keusemodules (word gekies met inagneming van modules by Rekenaarwetenskap)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10394	711	12	Bayes-statistiek	1
10602	715	12	Meerveranderlike Statistiese Analise A	1
10603	745	12	Meerveranderlike Statistiese Analise B	2
65250	718	12	Stogastiese Simulasie	1
10750	717	12	Tydreeksanalise A	2
10751	747	12	Tydreeksanalise B	2

Assessering en Eksaminering

Eksamens word aan die einde van die eerste semester in Junie en aan die einde van die tweede semester in November afgeneem. Eksamenuitslae word aangevul met die assessering van verskeie praktiese projekte.

Aansoek

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program Aanvangsdatum

Een en 'n halwe week voor die algemene aanvang van klasse.

2.2 HonsBA

2.2.1 HonsBA (Publieke Administrasie)

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n BA-graad in Openbare en Ontwikkelingsbestuur met 'n aanvaarbare studierekord, of
- Enige universiteitsgraad/BTech-graad/vierjarige, tersiêre diploma met aanvaarbare studierekord, toepaslike werkblootstelling en slaag van vyf NKR-vlak 7-toelatingsmodules, of
- Enige driejarige, tersiêre diploma met aanvaarbare studierekord, ten minste vyf jaar toepaslike werkblootstelling, voldoening aan die vereistes van die Universiteit se AEVL-beleid (Assessering en Erkenning van Vorige Leer) waarvolgens die ekwivalent van 120 krediete op NKR-vlak 7 geassesseer en erken kan word, sowel as slaag van vyf NKR-vlak7-toelatingsmodules.

Programstruktuur

Programaanbieding geskied by wyse van modulêre asook interaktiewe telematiese onderwys. Modulêre aanbieding behels bywoning van 'n blokaanbieding van lesings oor 'n tydperk van twee weke per keer op die kampus. Aanbieding by wyse van interaktiewe telematiese onderwys vereis dat studente vir elke module, een keer per kwartaal vir 'n dag lank lesinguitsending by 'n elektroniese studiesentrum naby hulle woonplek bywoon. Lesings word vanuit 'n ateljee op Stellenbosch oor 'n televisiestel aangebied en deur satellietuitsendings na die verskillende studiesentra in Suider-Afrika en Namibië uitgesaai. Gedurende die uitsendings kan studente telefonies met die betrokke dosent in verbinding tree. Die res van die tyd studeer die studente tuis en voltooi voorgeskrewe werkopdragte.

Duur

Die program word deur 'n kombinasie van modulêre (blokaanbieding van lesings) en interaktiewe telematiese onderwys oor een jaar aangebied.

Aanbieding

Die onderrigmedium is Engels, maar studente kan werkopdragte en eksamens ook in Afrikaans skryf as hulle dit sou verkies.

Notas

In oorleg met die Direkteur van die Skool vir Publieke Leierskap mag studente enige module van nege krediete vervang met 'n nagraadse module van gelykstaande krediete uit 'n ander vakgebied.

Programinhoud

Brosjyre beskikbaar by die kursusbeampte:

Tel.: 021 918 4192, e-pos: enquiry@spl.sun.ac.za

NKR-vlak 7: Voorvereiste modules

- Administratiewe Reg
- Oriëntering tot Navorsingsmetodes en Skryfvaardigheid vir Openbare en Ontwikkelingsbestuur
- Oriëntering tot Openbare Bestuur
- Oriëntering tot Ontwikkeling
- Oriëntering tot Openbare Beleid
- Rekenaarvaardigheid in Openbare en Ontwikkelingsbestuur

NKR-vlak 8: Prestasie-modules (120)

Kyk uiteensetting hieronder.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
48003	778	120	Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Beide

Alle modules is verpligtend, buiten 'n keuse wat tussen Regeerkunde: Polities en Plaaslike Regeerkunde uitgeoefen moet word.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
60674	761	9	Finansiële Bestuur en Kosteverrekening	2
60682	761	9	Informasie- en Kommunikasietegnologie vir Bestuur	2
58661	761	9	Leierskap en Veranderingsbestuur	2
59250	761	9	Mensebestuur	2
57398	761	30	Navorsingswerkstuk: Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Beide
12229	761	9	Openbare Beleidsbestuur	2
12529	761	9	Organisasieontwerp	2
51993	761	9	Projekbestuur	2
12587	761	9	Regeerkunde: Polities of	2
11648	761	9	Plaaslike Regeerkunde	2
12586	761	9	Regeerkunde: Ekonomie	2
58718	761	9	Volhoubare Ontwikkeling	2

Assessering en eksaminering

Eksamenaflegging vind gedentraliseerd in die verskillende sentra plaas.

Werkstukke, gevallestudies en groepsprojekte gedurende die loop van elke jaar en geskrewe eksamens aan die einde van elke kwartaal.

'n Prestasiepunt van 50% word vereis om 'n module te slaag en 'n prestasiepunt van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag. Dienooreenkomstig word 'n gemiddelde prestasiesyfer van 50% vereis om die totale program te slaag en 'n gemiddelde prestasiesyfer van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte getal studente jaarliks in die program geakkommodeer kan word, kan keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Aansoek

Aansoeke moet voor einde Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Normaalweg einde van Januarie.

Navrae

Navrae met betrekking tot die programinhoud, tydsduur, onderriggeld en aansoekprosedure kan gerig word aan die Skool vir Publieke Leierskap, Universiteit van Stellenbosch, Posbus 610, Bellville 7535.

Tel.: 021 918 4192; e-pos: enquiry@spl.sun.ac.za

2.3 BHons

2.3.1 BPubAdminHons

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n BAdmin-graad in Openbare en Ontwikkelingsbestuur met aanvaarbare studierekord, of
- Enige universiteitsgraad/BTech-graad/vierjarige, tersiêre diploma met 'n aanvaarbare studierekord, toepaslike werkblootstelling en slaag van vyf NKR-vlak 7-toelatingsmodules, of
- Enige driejarige, tersiêre diploma met aanvaarbare studierekord, ten minste vyf jaar toepaslike werkblootstelling, voldoening aan die vereistes van die Universiteit se AEVL-beleid (Assessering en Erkenning van Vorige Leer) waarvolgens die ekwivalent van 120 krediete op NKR-vlak 7 geassesseer en erken kan word, sowel as slaag van vyf NKR-vlak 7-toelatingsmodules.

Programstruktuur

Programaanbieding geskied by wyse van modulêre asook interaktiewe telematiese onderwys. Modulêre aanbieding behels bywoning van 'n blokaanbieding van lesings oor 'n tydperk van twee weke per keer op die kampus. Aanbieding by wyse van interaktiewe telematiese onderwys vereis dat studente vir elke module, een keer per kwartaal vir 'n dag lank lesinguitsending by 'n elektroniese studiesentrum naby hulle woonplek bywoon. Lesings word vanuit 'n ateljee op Stellenbosch oor 'n televisiestel aangebied en deur satellietuitsendings na die verskillende studiesentra in Suider-Afrika en Namibië uitgesaai. Gedurende die uitsendings kan studente telefonies met die betrokke dosent in verbinding tree. Die res van die tyd studeer die studente tuis en voltooi voorgeskrewe werkopdragte.

Duur

Die program word deur 'n kombinasie van modulêre (blokaanbieding van lesings) en interaktiewe telematiese onderwys oor een jaar aangebied.

Aanbieding

Die onderrigmedium is Engels, maar studente kan werkopdragte en eksamens ook in Afrikaans skryf as hulle dit sou verkies.

Notas

In oorleg met die Direkteur van die Skool vir Publieke Leierskap mag studente enige module van nege krediete vervang met 'n nagraadse module van gelykstaande krediete uit 'n ander vakgebied.

Programinhoud

Brosjures beskikbaar by die kursusbeampte:

Tel.: 021 918 4192; e-pos: enquiry@spl.sun.ac.za

NKR-vlak 7: Voorvereiste modules

- Administratiewe Reg
- Oriëntering tot Navorsingsmetodes en Skryfvaardigheid vir Openbare en Ontwikkelingsbestuur
- Oriëntering tot Openbare Bestuur
- Oriëntering tot Ontwikkeling
- Oriëntering tot Openbare Beleid
- Rekenaarvaardigheid in Openbare en Ontwikkelingsbestuur

NKR-vlak 8: Prestasie-modules (120)

Kyk uiteensetting hieronder.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
48003	788	120	Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Beide

Alle modules is verpligtend, buiten 'n keuse wat tussen Regeerkunde: Polities and Plaaslike Regeerkunde uitgeoefen moet word.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
60674	761	9	Finansiële Bestuur en Kosteverrekening	2
60682	761	9	Informasie- en Kommunikasietegnologie vir Bestuur	2
58661	761	9	Leierskap en Veranderingsbestuur	2
59250	761	9	Mensebestuur	2
11345	761	30	Navorsingswerkstuk: Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Beide
12229	761	9	Openbare Beleidsbestuur	2
12529	761	9	Organisasieontwerp	2
51993	761	9	Projekbestuur	2
12587	761	9	Regeerkunde: Polities of	2
11648	761	9	Plaaslike Regeerkunde	2
58718	761	9	Volhoubare Ontwikkeling	2

Assessering en eksaminering

Eksamenaflegging vind gedentraliseer in die verskillende sentra plaas.

Werkstukke, gevalllestudies en groepprojekte gedurende die loop van elke jaar en geskrewe eksamens aan die einde van elke kwartaal.

'n Prestasiepunt van 50% word vereis om 'n module te slaag en 'n prestasiepunt van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag. Dienooreenkomstig word 'n gemiddelde prestasiesyfer van 50% vereis om die totale program te slaag en 'n gemiddelde prestasiesyfer van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte getal studente jaarliks in die program geakkommodeer kan word, kan keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Aansoek

Aansoeke moet voor einde Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Normaalweg einde van Januarie.

Navrae

Navrae met betrekking tot die programinhoud, tydsduur, onderriggeld en aansoekprosedure kan gerig word aan die Skool vir Publieke Leierskap, Universiteit van Stellenbosch, Posbus 610, Bellville 7535.

Tel.: 021 918 4192; E-pos: enquiry@spl.sun.ac.za

2.4 HonsBRek

Krediete

'n Minimum van 120 krediete.

Programbeskrywing

Die opleiding van geoktrooieerde rekenmeesters

Die geoktrooieerde rekenmeestersprofessie in die RSA staan onder die beheer van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR). Om as geoktrooieerde rekenmeester te kwalifiseer, moet die SAIGR se *Initial Test of Competence* en *Assessment of Professional Competence* geslaag word en 'n leerlingrekenmeesterskap van drie jaar (ná verwerwing van 'n baccalaureusgraad) by 'n erkende opleidingsinstansie voltooi word.

Om toelating te verkry tot die *Initial Test of Competence*, wat deur SAIGR afgeneem word, moet die kandidaat die graad HonsBRek aan hierdie Universiteit, of 'n ander graad of diploma wat vir dié doel goedgekeur is, verwerf.

Om toelating te verkry tot die *Assessment of Professional Competence*, wat deur SAIGR afgeneem word, moet die kandidaat aan die volgende vereistes voldoen:

- Suksesvolle afhandeling van die *Initial Test of Competence*.
- Suksesvolle afhandeling (aan 'n goedgekeurde opvoedkundige instansie) van 'n voorbereidende kursus met die oog op die *Assessment of Professional Competence*.
- Voltooiing van 20 maande leerlingrekenmeesterskap by 'n erkende opleidingsinstansie.

Spesifieke toelatingsvereistes

Geweegde gemiddelde prestasiepunt van minstens 60% vir die volgende modules in die BRek- of BRekLLB-program wat by hierdie Universiteit behaal is: Finansiële Rekeningkunde 379, Belasting 399, Bestuursrekeningkunde 378 en Ouditkunde 378. Die volgende gewigte word by die berekening van die geweegde gemiddelde prestasiepunt gebruik: Finansiële Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde elk 4; Belasting en Ouditkunde elk 3.

OF

Geweegde gemiddelde prestasiepunt van minstens 55% vir die volgende modules in die BRek- of BRekLLB-program wat by hierdie Universiteit behaal is: Finansiële Rekeningkunde 379, Belasting 399, Bestuursrekeningkunde 378 en Ouditkunde 378 **EN** 'n prestasiepunt van minstens 55% vir Finansiële Rekeningkunde 379. Die volgende gewigte word by die berekening van die geweegde gemiddelde prestasiepunt gebruik: Finansiële Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde elk 4; Belasting en Ouditkunde elk 3.

Spesifieke toelatingsvereistes vir studente wat grade aan ander universiteite behaal het wat ekwivalent is aan BRek of BRekLLB is op versoek by die Skool beskikbaar.

Studente met grade van buitelandse universiteite word nie direk tot die program toegelaat nie. Sodanige studente moet eers bepaalde voorgraadse modules aanvul. Besonderhede hiervan is op versoek by die Skool beskikbaar.

Duur

Twaalf maande.

Aanbieding

Afrikaans en Engels.

Programinhoud

Geïntegreerde aanbieding van die volgende Rekeningkundige vakgebiede:

- Bestuursbesluitneming en -beheer
- Belasting
- Finansiële Bestuur
- Finansiële Rekeningkunde
- Ouditkunde, Regulering en Inligtingstelsels
- Strategie- en Risikobestuur

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
18163	778	120	Rekeningkunde	Beide

Kyk ook uiteensetting hieronder.

Verpligte module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10473	771	120	Geïntegreerde toepassings van rekeningkundige vakke	Beide

Assessering en eksaminering

Eksamens word in Oktober afgeneem. Die finale prestasiepunt word aangevul deur klastoetse en werkopdragte (indien van toepassing) wat deurlopend geassesseer word.

Keuring

Streng volgens toelatingsvereistes.

Aansoek

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet teen 31 Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Amptelike aanvang van klasse.

3. Magisterprogramme

3.1 MCom

3.1.1 MCom (Aktuariële Wetenskap)

Krediete

180 krediete.

Programbeskrywing

Die Meestersgraad is geskik vir studente met 'n honneursgraad in Aktuariële Wetenskap wat voortgaan met hulle professionele Genootskap-eksamens. Hierdie studente moet vrygestel wees van (of geslaag het in) al die vorige professionele eksamens.

Tesisopsie (879) en doseeropsie (889)

Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in Aktuariële Wetenskap of Wiskundige Statistiek; en
- Slaag universiteitskursusse gelykstaande aan al agt die grondslag- en tegniese vakke van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika (of die *core technical*-vakke CT1–CT8 van die *Institute and Faculty of Actuaries*); en
- Vrstellings (of slaag van die professionele eksamen) van:
 - ten minste sewe van die grondslag- en tegniese vakke van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika (of die *core technical*-vakke CT1–CT8 van die *Institute and Faculty of Actuaries*); en
 - die Aktuariële Risikobestuur-vak (A301/CA1) of enige van die Genootskapbeginsels-vakke van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika (of een van die *specialist technical*-vakke van die *Institute and Faculty of Actuaries*).

Programinhoud

Ten minste 180 krediete moet uit die lys van verpligte en keusemodules gekies word.

Let wel: Alle gelyste modules sal nie noodwendig in 'n jaar aangebied word nie. Studente moet die Departement raadpleeg om te verneem watter modules aangebied word.

Program-modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
43214	879	180	Aktuariële Wetenskap (Tesisopsie) of	Beide
43214	889	180	Aktuariële Wetenskap (Doseeropsie)	Beide

Verpligte module vir die doseeropsie

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11170	895	60	Navorsingsprojek: Aktuariële Wetenskap	Beide

Verpligte module vir die tesisopsie

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11171	896	120	Tesis: Aktuariële Wetenskap	Beide

Keusemodules

Vir die doseeropsie 120 krediete en vir die tesisopsie 60 krediete.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10368	811	40	Gesondheid en Sorg Tegnies (F101)	1
10372	812	40	Lewensversekering Tegnies (F102)	1
10360	843	40	Algemene Versekering Tegnies (F103)	2
10376	814	40	Pensioene Tegnies (F104)	1
10364	845	40	Finansies en Beleggings Tegnies (F105)	2
10365	846	40	Finansies en Beleggings Tegnies (ST6)	2
10369	881	60	Gesondheid en Sorg Toepassings (F201)	Beide
10373	882	60	Lewensversekering Toepassings (F202)	Beide
10361	883	60	Algemene Versekering Toepassings(F203)	Beide
10377	884	60	Pensioene Toepassings (F204)	Beide
10366	885	60	Beleggings Toepassings (F205)	Beide
10362	886	60	Finansiestoepassings (SA5)	Beide

3.1.2 MCom (Bedryfsielkunde)

Krediete

'n Minimum van 180 krediete, waarvan 90 krediete deur 'n tesis opgemaak word en 90 krediete deur die gedoseerde modules vir die gedoseerde program.

Programbeskrywing

Die magisterprogram in Bedryfsielkunde, MCom (Bedryfsielkunde) (vorige programnaam MCom (Psig)) word voltids (die 889-opsie) en modulêr (die 899-opsie) as 'n gedoseerde program aangebied.

Spesifieke toelatingsvereistes

Die kwalifikasie HonsBCom (Bedryfsielkunde) (vorige programnaam HonsBCom (Psig)), of ekwivalente honneursgraad wat tot statutêre registrasie as psigometris (onafhanklike praktyk) lei, word onder meer vereis vir toelating tot die magisterprogram in Bedryfsielkunde (MCom (Bedryfsielkunde)).

Studente moet 'n minimum gemiddelde van 65% vir die voorafgaande honneursgraad behaal. Slegs 'n beperkte getal studente kan tot hierdie magisterprogram toegelaat word.

Ander vereistes

Slaagvereistes

Om te slaag, moet 'n student 'n punt van minstens 50% vir die tesis en, waar van toepassing, minstens 50% in elke module behaal. Die finale prestasiepunt word bereken as die gemiddelde van die punt vir die tesis en die gemiddelde punt vir die modules, of die finale prestasiepunt is die punt vir die voltesis. By voltooiing van die studie moet 'n manuskrip, gebaseer op die tesis, vir publikasie in 'n geakkrediteerde vaktydskrif aan die studieleier voorgelê word.

Programstruktuur

Erkenning van magistermodules

Erkenning van magistermodules vir graaddoeleindes verval normaalweg na vyf jaar tensy skriftelike toestemming vooraf verkry is om die erkenningsperiode te verleng.

Registrasie as Sielkundige, kategorie: Bedryfsielkunde

Die MCom (Bedryfsielkunde) word vereis om as sielkundige (in die kategorie Bedryfsielkunde) by die Beroepsraad vir Sielkunde van die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA) te registreer. Besonderhede oor die vereistes vir statutêre registrasie as sielkundige is beskikbaar op die webtuiste van die RGBSA (<http://www.hpcsa.co.za>). Studente wat beoog om as sielkundiges te registreer, moet vanaf die eerste jaar van hulle magisterstudie as student in Bedryfsielkunde by die Beroepsraad vir Sielkunde registreer. Aansoekvorms kan van die RGBSA se webtuiste verkry word. Die vorms moet ingevul en saam met al die nodige dokumentasie teruggestuur word.

Duur

Voltyds 12 maande. Modulêr 24 maande (waarvan daar vir vyf weke tydens die eerste jaar verpligte klasse op die kampus bygewoon word).

Aanbieding

Engels.

Programinhoud

Kyk uiteensetting hieronder.

Program-modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10553	889	180	Bedryfsielkunde (Doseeropsie)	Beide
10553	899	180	Bedryfsielkunde (Modulêr)	Beide

Alle modules is verpligtend.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10404	874	12	Beroepsgesondheid en -welsyn	Beide
10550	873	12	Intermediêre Statistiek en Rekenaargebruik	Beide
12992	875	12	Organisasieontwikkeling en Verandering	Beide
10648	886	12	Persoonlikheid in die Werksplek	Beide

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10667	876	12	Prestasiedisfunksie in die Werkplek	Beide
12946	881	12	Professionele Konsultasie en Etiek	Beide
10711	882	12	Strategiese en Etiese Leierskap	Beide
11234	871	90	Tesis: Bedryfsielkunde	Beide
12945	872	6	Voorligtingsvaardighede vir die Werkplek	Beide

Assessering en eksaminering

'n Stelsel van buigsame assessering word gebruik.

'n Finale punt van 50% word vir elke module vereis ten einde die program te slaag. 'n Module waarin 'n slaagpunt nie bereik is nie, kan eenmalig herhaal word.

Eksamenaflegging vind gedentraliseer in die verskillende sentra plaas.

Keuring

Alle magisterstudente word voor toelating aan 'n keuringsproses onderwerp.

Gekeurde studente moet voor die einde van die tweede week in Desember die Departement skriftelik laat weet of hulle met die program voortgaan.

Aansoek

Studente moet voor 25 November van die vorige jaar skriftelik op die amptelike aansoekvorm van die Universiteit en op die departementele aansoekvorm verkrygbaar op die departementele webtuiste (http://www.sun.ac.za/industrial_psychology/) om toelating tot magisterstudie aansoek doen. Laat aansoeke sal slegs in uitsonderlike gevalle oorweeg word.

Program aanvangsdatum

Twee weke voor die amptelike aanvang van voltydse voorgraadse klasse.

3.1.3 MCom (Belasting)

Krediete

'n Minimum van 180 krediete.

Spesifieke toelatingsvereistes

Beide die grade BCom (met Regsvakke) en LLB van hierdie Universiteit of 'n ander ekwivalente kwalifikasie plus sodanige ander voorbereidende programme wat die Senaat vir die doel goedgekeur het.

Akademiese prestasie in Belasting as vakgebied op voorgraadse en nagraadse vlak tydens vorige studies word by toelating tot die doseeropsie in ag geneem.

Akademiese prestasie in Belasting as vakgebied op nagraadse vlak tydens vorige studies word by toelating tot die tesisopsie in ag geneem.

Duur

Twaalf maande in die geval van die tesisopsie (879) en 24 maande in die geval van die doseeropsie (889). In die geval van die doseeropsie (899) moet die werkstuk en publiseerbare artikel verbonde

aan Navorsingswerkstuk: Gevorderde Belasting 872 binne twee jaar nadat Gevorderde Belasting 871 geslaag is, voltooi word.

Aanbieding

Tesisopsie: Afrikaans of Engels; Doseeropsie: Afrikaans en/of Engels.

Programinhoud

In die geval van die tesisopsie 879:

'n Navorsingsprojek volgens die voorskrifte van die Skool vir Rekeningkunde, bestaande uit 'n tesis asook 'n verwante artikel publiseerbaar in 'n geakkrediteerde vaktydskrif.

Die bywoning van lesings oor skryfvaardighede en die skryf van 'n navorsingsvoorstel is verpligtend.

In die geval van die doseeropsie 889:

Bestudering van belastingwetgewing in die RSA.

Praktyknotas en departementele praktyk van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

Geselekteerde regspraak (hofsake).

Bevredigende werkopdragte en praktiese aanbiedings soos deur die betrokke dosente voorgeskryf.

'n Navorsingsprojek van beperkte omvang volgens die voorskrifte van die Skool vir Rekeningkunde, bestaande uit 'n navorsingswerkstuk asook 'n verwante artikel publiseerbaar in 'n geakkrediteerde vaktydskrif.

Die bywoning van lesings oor skryfvaardighede en die skryf van 'n navorsingsvoorstel is verpligtend.

Program-modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
18287	879	180	Belasting (Tesisopsie) of	Beide
18287	889	180	Belasting (Doseeropsie)	Beide

Verpligte modules in die doseeropsie 889

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10492	871	108	Gevorderde Belasting	Beide
10493	872	72	Navorsingswerkstuk: Gevorderde Belasting	Beide

Verpligte module in die tesisopsie 879

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
66559	828	180	Tesis: Belasting	Beide

Assessering en eksaminering

In die geval van die tesisopsie 879 word die tesis geassesseer volgens die voorskrifte van die Skool vir Rekeningkunde, soos met die student ooreengekom.

In die geval van die doseeropsie 889 word toetse geassesseer volgens die reëls van die Skool vir Rekeningkunde. Eksamenvraestelle word deur interne en eksterne moderators geassesseer ingevolge die reëls van die Universiteit. Die navorsingswerkstuk, werkopdragte en praktiese aanbiedings word geassesseer volgens die voorskrifte van die Skool vir Rekeningkunde, soos met die student ooreengekom.

Die slaag van Belasting 871 is 'n voorvereiste vir Navorsingswerkstuk: Gevorderde Belasting 872.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte getal studente in die program geakkommodeer kan word, kan keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Aansoek

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor of op 31 Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Soos amptelike aanvang van klasse.

3.1.4 MCom (Ekonomie)

Krediete

180 krediete.

Programuitkomst

In die geval van die doseer-en-werkstuk- of tesisopsie (889):

'n Minimum van 180 krediete waarvan óf 60 krediete deur 'n groter navorsingswerkstuk óf 90 krediete deur 'n tesis en die balans van die krediete uit studierigtings deur die Departement bepaal, verwerf moet word. Hoogstens 20 krediete kan uit verwante en goedgekeurde studierigtings gevolg word.

In die geval van die voltesisopsie (879):

'n Voltesis van 180 krediete.

Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad met hoofrigting Ekonomie en met 'n gemiddeld van minstens 60%.
- Graad 12-Wiskunde minstens 60%.

In uitsonderlike gevalle mag 'n student wat nie aan die vereiste ten opsigte van graad 12-Wiskunde voldoen nie via die Universiteit se beleid van Assessering en Erkenning van Vorige Leer vir toelating oorweeg word.

In die geval van die doseer-en-werkstuk- of tesisopsie (889):

'n Minimum prestasiepunt van 60% in die Intensiewe Statistiekkursus wat die formele program voorafgaan.

In die geval van die voltesisopsie (879):

Toelating is onderhewig aan keuring met 'n punt van minstens 65% vir die Honneursnavorsingswerkstuk as 'n keuringsvereiste.

Duur

Twaalf maande vir die doseer-en-werkstuk- of tesisopsie (889), en dit moet binne drie jaar voltooi word. Indien nie, moet die verpligte modules herhaal word.

Ten minste twaalf maande vir die voltesisopsie (879).

Aanbieding

60496	861	30	Geïntegreerde Gemeenskapsgebaseerde Ontwikkeling	Beide
60526	861	30	Geïntegreerde Openbare Beleidsbestuur en -analise (Toelatingsvereiste: 60% of meer in Rekenaarvaardigheid in die honneursprogram)	Beide
11269	871	30	Gevorderde Program en Projekbestuur	Beide
11272	871	30	Monitering en Evaluering	Beide
66370	861	30	Munisipale bestuur en ontwikkeling (Toelatingsvereiste: Plaaslike Regeerkunde in die honneursprogram)	Beide
60488	861	30	Openbare Bestuursreg	Beide
11271	871	30	Vergelykende en Kontemporêre Openbare Bestuur Innovasie Studies	Beide

Verpligte module(s) in die geval van die voltesisopsie (879)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11242	828	180	Tesis: Openbare en Ontwikkelingsbestuur	Beide

Assessering en eksaminering

'n Prestasiepunt van 50% word vereis om 'n module te slaag en 'n prestasiepunt van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag. Dienooreenkomstig word 'n gemiddelde prestasiepunt van 50% vereis om die totale program te slaag en 'n gemiddelde prestasiepunt van 75% om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag.

Die tesis word dan onderwerp aan eksaminering deur 'n interne eksaminator en 'n eksterne (onverbonde aan Stellenbosch Universiteit) eksaminator. Die tesis moet bewys lewer van die student se vermoë om bestaande data, inligting en kennis te integreer ten einde nuwe kennis en wysheid te genereer.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte getal studente jaarliks in die program geakkommodeer kan word, kan keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Aansoek

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor einde Oktober van die vorige jaar ontvang word.

Program aanvangsdatum

Normaalweg laat Januarie of vroeg Februarie.

3.5 MPhil

3.5.1 MPhil (Bestuursafrigting)

Krediete

Hierdie magisterprogram word op NKR-vlak 8 aangebied (180 krediete).

Programbeskrywing

Die MPhil in Bestuursafrigting is gemik op bestuurders, leiers, spesialiste en fasiliteerders in alle industrieë. Dit is van beduidende belang vir alle persone wat met die mens-aspek van kennisoordrag werk en ook vir persone wat persoonlike groei ondersteun, die vorming van betekenisvolle verhoudings fasiliteer en help om prestasie te verhoog.

Programuitkomste

Leerbenadering

Die filosofie van die MPhil in Bestuursafrigting is gebaseer op die volgende:

- Die integrasie van teorie en praktyk
- Die vind van 'n outentieke afrigtingstyl
- Internasionale toepassing met plaaslike spesialisasie

Programformaat

Hierdie modulêre program (wat in studieblokke aangebied word) word oor twee jaar aangebied en bestaan uit drie fases:

- **Fase 1 – Lesingprogram:** Studente is verplig om gedurende die eerste jaar vier blokke van een week elk op die Bellvillepark-kampus by te woon. Hulle sal gedurende hierdie tyd blootgestel word aan verskillende modelle ten einde vas te stel wat elkeen se eie bepaalde raamwerk vir afrigting is. Afrigtingspraktyke, gevallestudies en werksopdragte maak deel uit van hierdie fase van die program.
- **Fase 2 – Professionele assessering:** Studente se afrigtingsvaardighede word geassesseer in terme van hulle vermoëns om hulle persoonlike afrigtingsbenadering en styl oor te dra asook die outentieke weerspieëling van hulle afrigtingsvaardighede soos in ooreenstemming met hulle individuele model. Hierdie fase duur een week en vind plaas aan die begin van die tweede jaar.
- **Fase 3 – Navorsing en ontwikkeling:** Gedurende hulle tweede jaar van inskrywing moet studente 'n navorsingsverslag voltooi. Gedurende hierdie fase sal 'n studieleier aan elke student toegewys word op grond van die student se belangstellingsveld. Studente mag dan 'n aantal individuele sessies met hulle studieleiers skeduleer om moontlike afrigtingskwessies te bespreek wat mag opduik.
- **Deurlopend – Praktiese oefeninge in klein groepe, toesis en afrigting:** 'n groot deel van die student se studieplan word gewy aan afrigting en om self afgerig te word.

Erkenning van vorige leer (AEVL)

'n Beperkte getal kandidate kan wel toegelaat word tot die program deur Universiteit Stellenbosch se beleid oor Assessering en Erkenning van Vorige Leer (AEVL). Daar word van AEVL-kandidate verwag om 'n volledige portefeulje saam te stel van bewese ondervinding, bevoegdheide, kennis en vaardighede wat hulle op gelyke vlak plaas as diegene met formele opleiding. Voornemende kandidate mag gevra word om hulle portefeuljes aan twee senior akademici voor te lê en ook vir 'n diepte-onderhoud voor te berei.

Spesifieke toelatingsvereistes

Die volgende word vereis vir toelating tot die MPhil in Bestuursafrigting:

- 'n Honneursgraad, *of*
- 'n Vierjarige professionele Baccalaureusgraad, *of*
- 'n Driejarige Baccalaureusgraad en 'n nagraadse diploma

plus

- 'n Minimum van vier jaar werksondervinding in die breë veld van Menslike Hulpbronbestuur
- 'n Omvattende opstel waarin die kandidaat sy/haar ondervinding bespreek en motiveer waarom sy/hy tot die program toegelaat moet word
- Toepaslike psigometriese toetse.

Let wel: Die kandidaat se vorige akademiese kwalifikasies moet ten minste op NKR-vlak 8 wees.

Programinhoud

Die klasprogram van die MPhil in Bestuursafrigting word oor vyf blokke van een week elk versprei. Tussen hierdie blokke moet deelnemers voortgaan om afrigting in die praktyk toe te pas, in klein groepe (ondersteuningsgroepe bestaande uit medestudente) met nuwe benaderings te eksperimenteer, hulle persoonlike afrigting ontvang en hulle met besinnende werk besig hou. Studente sal ook deelneem aan toesighoudingsessies wat gewy sal word aan bespreking van hulle gevallestudies ten einde die studente se insig in hulle eie professionele praktyk te verhoog.

Die program word aangebied deur middel van lesings, tutoriale, gevallestudies, take en onafhanklike navorsing. Die klasprogram dek die volgende:

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12299	879	180	Bestuursafrigting	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12307	872	40	Afrigtingspraktyk	Beide
12305	871	20	Afrigting vir Leierskap en Organisasoriese Ontwikkeling	Beide
12306	871	20	Gevorderde Afrigting Benadering	Beide
12303	871	20	Grondslae van Afrigting	Beide
57398	871	60	Navorsingswerkstuk: Bestuursafrigting	Beide
12304	871	20	Sake-afrigting	Beide

Assessering en eksaminering

Daar sal van studente wat tot die program MPhil in Bestuursafrigting toegelaat word, verwag word dat hulle in die voorgeskrewe skriftelike en mondelinge assesserings in die vereiste studierigtings sal slaag en 'n suksesvolle navorsingsverslag (soos deur USB voorgeskryf) sal inhandig.

3.5.2 MPhil (MIV/Vigs-bestuur)

Krediete

'n Minimum van 180 krediete om die program te voltooi.

Programbeskrywing

Die Afrika-sentrum vir MIV/Vigs-bestuur bied hierdie MPhil deur middel van die internet aan. Studente moet een verpligte kontakssessie op Stellenbosch gedurende die jaar bywoon. Daar word van die student verwag om vier modules van 25 krediete elk en 'n navorsings werkstuk van 80 krediete te voltooi.

Spesifieke toelatingsvereistes

Die toelatingsvereistes is: (i) Nagraadse Diploma in MIV/Vigs-bestuur met 'n gemiddeld van minstens 65%, (ii) toepaslike bestuursondervinding en (iii) rekenaar-, internet- en e-pos-vaardighede.

Aanbieding

Die program word intyds (via die Internet) en in Engels aangebied. 'n Aantal verpligte satellietklasse op Saterdag sal deur die loop van jaar aangebied word.

Programinhoud

Die student moet al vier modules en die werkstuk slaag om die nodige 180 krediete te behaal.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
57665	899	180	MIV/Vigs-bestuur (Doseer-en-werkstukopsie)	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
56081	846	25	Die Epidemiologie en Probleem van MIV/Vigs	Beide
47015	846	25	Navorsingsmetodiek	Beide
57657	846	25	Sosiale Verantwoordelikheid Etiek en MIV/Vigs	Beide
57649	846	25	Strategiese Menslike Hulpbronbestuur	Beide
56375	846	80	Navorsingswerkstuk: MIV/Vigs-bestuur	Beide

Keuring

'n Beperkte getal studente word op grond van akademiese prestasie en ander toelatingsvereistes gekeur.

Aansoek

Voornemende studente moet voor 30 November van die vorige jaar skriftelik aansoek doen op aansoekvorms wat by die Afrika-sentrum vir MIV/Vigs-bestuur aangevra kan word, of op die Sentrum se webtuiste beskikbaar is.

Navrae

Tel.: +27 (0)21 808 3002 / 3006 / 2621

E-pos: pdm@sun.ac.za of bianca@sun.ac.za of ralex@sun.ac.za

Webtuiste: <http://www.aidscentre.sun.ac.za>

3.5.3 MPhil (Omgewingsbestuur)

Krediete

'n Minimum van 180 krediete.

Spesifieke toelatingsvereistes

'n Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur. Die Programkomitee kan ook ander gelykwaardige kwalifikasies oorweeg as die aansoeker nie gegradueer het met die Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur nie.

Duur

Die MPhil kan in 'n minimum van een jaar voltooi word. Studente sal heraansoek om registrasie vir 'n tweede jaar moet doen en sal slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat word.

Programinhoud

In die geval van die doseer-en-tesisopsie (899)

Die graad MPhil in Omgewingsbestuur bestaan uit verpligte modules en 'n tesis plus keusemodules wat op omgewingsbestuur fokus.

In die geval van die voltesisopsie (879)

Die graad MPhil in Omgewingsbestuur bestaan uit 'n navorsingstesis wat op omgewingsbestuur fokus sowel as die bywoning van 'n verpligte navorsingswerkwinkel.

'n Brosjyre is beskikbaar by die Programadministrateur, tel. 021 808 2151, e-pos jjs3@sun.ac.za.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
55255	899	180	Omgewingsbestuur (Doseer- en-tesisopsie)	Beide
55255	879	180	Omgewingsbestuur (Voltesisopsie)	Beide

Verpligte modules in die doseer-en-tesisopsie (899)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13075	811	30	Samewerkende Omgewingsregeerkunde	1
11247	818	90	Tesis: Omgewingsbestuur	1

Keusemodules om saam met die verpligte modules en die tesis 180 krediete op te maak.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13071	811	30	Bewaringsgebiedbestuur	1
13070	811	30	Ekonomiese Beginsels en Tegnieke vir Bewaringsbestuur	1
13069	811	30	Gemeenskapegebaseerde Natuurlike hulpbronbestuur	1

Verpligte modules in die doseer-en-tesisopsie (899):

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11247	828	180	Tesis: Omgewingsbestuur	Beide

Assessering en eksaminering

'n Gemiddelde punt van 50% is nodig om die MPhil-graad te slaag en 'n gemiddelde prestasiepunt van 75% is nodig om met onderskeiding (*cum laude*) te slaag.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte getal studente jaarliks in die program geakkommodeer kan word, kan keuring, in ooreenstemming met die Universiteit se oorhoofse keuringsbeleid, onvermydelik wees.

Voorkeur sal verleen word aan studente wat 'n gemiddeld van 65% of hoër vir die Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur verkry het.

Aansoek

Aansoeke vir 'n gegewe jaar moet voor die einde van Oktober van die vorige jaar ontvang word tensy 'n student deur die Programkoördineerder toegelaat word om later aansoek te doen.

Program aanvangsdatum

Normaalweg laat Januarie of begin Februarie, voor die amptelike aanvang van klasse.

Navrae

Aansoek om toelating tot die program moet gerig word aan:

Die Koördineerder: MPhil in Omgewingsbestuur, Skool vir Publieke Leierskap, Privaat Sak X1, Matieland 7602

Tel.: 021 808 2151; Faks: 021 808 2085; e-pos: jjs3@sun.ac.za.

3.5.4 MPhil (Ontwikkelingsfinansies)

Krediete

180 krediete (120 krediete vir kursuswerk en 60 krediete vir die navorsingsverslag).

Programbeskrywing

Hierdie unieke meestersgraad in Ontwikkelingsfinansies bied 'n samehangende studieprogram op nagraadse vlak aan met die doel om gegradueerdes op te lei om die vaardigheidsgapings in die finansiële sektor en in die beleidvormings- en reguleringsinstellings op die gebied van ontwikkelingsfinansies te vul. Voorts wil dié kursus ook 'n beter begrip vorm van die gekompliseerdheid van die verskillende hulpbronne vir ontwikkelingsfinansies tot die beskikking van arm lande, veral in Afrika, en hoe om dit te bestuur. Die spesifieke doel van die kursus is om studente 'n deeglike begrip te gee van die spesiale probleme van finansies in ontwikkelende lande en veral in Afrika, asook die vaardigheid om suksesvol op hierdie gebied te werk om 'n betekenisvolle bydrae tot beleidformulering en implementering op hierdie gebied te lewer. Globaal gesproke bied dit 'n internasionaal erkende akademiese program van die beste gehalte met inhoud wat tersaaklik is vir die behoeftes van Afrika.

Programuitkomste

Na voltooiing van die MPhil in Ontwikkelingsfinansies behoort die deelnemers:

- 'n Samehangende en deeglike begrip van die teorieë onderliggend aan ontwikkelingsfinansiespraktyk te toon, asook die vermoë om sodanige kennis in die konteks van 'n ontwikkelende land in die openbare, private en NRO-sektor toe te pas;
- 'n Omvattende begrip van die spesifieke doelwitte en uitdagings van ontwikkelingsfinansies asook die struktuur van die ontwikkelingsfinansiesbedryf, veral in Afrika, te toon;
- Die vermoë te hê om ontwikkelingsfinansiesbeleid en -programme wat spesifieke ontwikkelingsbehoefte in spesifieke kontekste aanspreek, te ontwerp, formuleer, implementeer en evalueer;

- Die vermoë te hê om 'n bedryfsnetwerk te skep om bestaande inisiatiewe te beïnvloed en potensiële inisiatiewe in die ontwikkelingsfinansiesbedryf te vind;
- Die vermoë te hê om 'n diepte-evaluering van ontwikkelingsfinansiesprojekte en -skemas met betrekking tot die uitvoerbaarheid en uitkomste daarvan te doen;
- Die vermoë te hê om op gevorderde vlak navorsing oor ontwikkelingsfinansies te doen en die bevindinge van sodanige navorsing aan eweknieë, beleidvormers en ander eindgebruikers oor te dra; en
- Die vermoë te hê om 'n navorsingsverslag te skryf wat aan die standaard van kundige navorsing en professionele skryfwerk voldoen.

Spesifieke toelatingsvereistes

Die volgende word vir toelating tot die MPhil in Ontwikkelingsfinansies vereis:

- 'n Toepaslike honneursgraad (die eerste nagraadse graad ná 'n baccalaureusgraad) of 'n vierjarige diepte-baccalaureusgraad waarvan die inhoud op besigheidsbestuur, finansies, ekonomie, rekeningkunde of handel fokus; of
- 'n Driejarige baccalaureusgraad en 'n nagraadse diploma (120 SAQA-krediete) van 'n universiteit of universiteit van tegnologie waarvan die inhoud op besigheidsbestuur, finansies, ekonomie, rekeningkunde of handel fokus; of
- 'n Nagraadse graad in enige dissipline en toepaslike ervaring op die gebied van ontwikkelingsfinansies en/of finansies; en
- 'n Deeglike begrip van kwantitatiewe analise – 'n goeie slaagpunt in graad 12 Wiskunde word aanbeveel.
- Die baccalaureus- of honneursgraad moet gelykstaande wees aan die Suid-Afrikaanse kwalifikasie.
- Plaaslike en buitelandse akademiese kwalifikasies moet op die NKR 7-vlak (ou) of NKR 8-vlak (nuut) wees. Dit impliseer dat die kwalifikasie 'n module in Navorsingsmetodologie en 'n individuele navorsingsverslag insluit.

Ten opsigte van Assessering en Erkenning van Vorige Leer (AEVL) kan daar van kandidate vereis word om 'n akademiese referaat oor 'n ontwikkelingsfinansies- of ontwikkelingseconomie-onderwerp te skryf om hulle bevoegdheid in die vak te toon.

Programstruktuur

Programformaat

- **Modulêre program:** Die MPhil in Ontwikkelingsfinansies word as 'n modulêre program oor twee jaar aangebied. Studente woon drie klaskontaksessies van twee weke elk in 'n tweejaartydperk by en skryf 'n navorsingsverslag.
- **Kursusmetodologie:** 'n Vermenging van hoogs interaktiewe lesings/kursusmateriaal, gevallestudies en 'n werkwinkel oor finansiële risiko en struktuur. Handboeke, handleidings, artikels, tydskrifmateriaal en 'n matriks/oorsiglys sal as naslaanmateriaal vir die toekomstige ontwerp en lewering van projekte dien.

Navorsingswerkstuk

Die navorsingsverslag is 'n integrale deel van die meestersprogram en is gelykstaande aan 'n 60-kredieteenheid, wat beteken dat dit een derde van die kredietvereistes van die program uitmaak. Die navorsingsverslag beslaan gewoonlik 15 000 tot 25 000 woorde oor 'n onderwerp van die student se keuse en word onder leiding van 'n lid van die akademiese personeel geskryf. Studente word aangemoedig om onderwerpe vir hulle navorsingsverslae te kies waarin hulle direk professioneel belangstel.

Die doel van die navorsingswerkstuk is om:

- Studente in staat te stel om 'n navorsingsprobleem/-vraag en -doelwit in die veld van ontwikkelingsfinansies duidelik te identifiseer en te beskryf;
- Studente in staat te stel om voldoende vertrouwd te raak met die tersaaklike literatuur (teoreties sowel as empiries) oor hulle gekose navorsingsprobleem;
- Studente se vermoë te ontwikkel om navorsingsmetodes en -tegnieke wat toepaslik vir die onderwerp van hulle navorsingsverslag is, krities toe te pas;
- Studente se vermoë te ontwikkel om hulle materiaal op 'n logiese, duidelike en sistematiese wyse asook volgens aanvaarbare taalkundige en stylstandaarde aan te bied;
- Studente die geleentheid te bied om die prosesse van onafhanklike, selfbestuurde leer en kritiese besinning oor die navorsingsproses te demonstreer.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
58424	879	180	Ontwikkelingsfinansies	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10392	861	15	Bank-en Finansiële knelpunte/strydvrae	Beide
12927	861	15	Bestuur en Etiek	Beide
62170	861	15	Mikrofinansies	Beide
12924	866	15	Navorsingsmetodes in Ontwikkelingsfinansies	Beide
57398	861	60	Navorsingswerkstuk: Ontwikkelingsfinansies	Beide
12925	861	15	Perspektiewe op Ekonomiese Ontwikkeling in Afrika	Beide
62189	866	15	Projekfinansies	Beide

Keusemodules

Buiten die verpligte modules moet studente ook twee keusemodules bywoon (elke keusemodule tel 15 krediete).

Assessering en eksaminering

Daar word van studente wat tot die program MPhil in Ontwikkelingsfinansies toegelaat word verwag dat hulle in die voorgeskrewe skriftelike en mondelinge assesserings in die vereiste studierigtings sal slaag en 'n bevredigende navorsingswerkstuk (soos deur die USB voorgeskryf) sal inlewer.

3.5.5 MPhil (Toekomsstudie)

Krediete

180 krediete (100 krediete vir kursuswerk en 80 krediete vir navorsingswerkstuk)

Programbeskrywing

Die program MPhil in Toekomsstudie word deur die Nagraadse Bestuurskool in samewerking met die Instituut vir Toekomsnavorsing aangebied. Die program word oor 'n tydperk van twee jaar aangebied by wyse van 'n gemengde leerbenadering (fisiese en intydse kontak). Studente moet vyf modules (100 krediete) voltooi, sowel as 'n navorsingswerkstuk van 80 krediete, vir 'n totaal van 180 krediete.

Programuitkomst

Die ontwikkeling van kreatiwiteit en professionalisme is 'n belangrike oorhoofse doelwit van die program. Dit sal 'n pro-aktiewe gesindheid van die studente vereis. Studente word aangemoedig om hulle eie modelle, praktiese toepassings en protokolle te ontwikkel en om dit in 'n groot verskeidenheid omgewings te toets en met ander te bespreek. Geen ander universiteit in Afrika bied tans so 'n program aan nie. Die Universiteit van Stellenbosch se MPhil (Toekomsstudie) bied derhalwe aan kandidate 'n unieke geleentheid om hulself toe te rus met tegnieke en metodes om betekenisvol te reageer op die groeiende kompleksiteit in die organisatoriese omgewing en wêreldaangeleenthede, veral vanuit 'n Afrika-perspektief.

Spesifieke toelatingsvereistes

Die toelatingsvereiste is die Nagraadse Diploma in Toekomsstudie, met 'n gemiddelde punt van minstens 65%. Studente moet die voorgeskrewe program vir 'n minimum van twee jaar bywoon. Alle modules moet geslaag word.

Programinhoud

Die program bestaan uit vyf verpligte modules, sowel as 'n navorsingswerkstuk. Die navorsingswerkstuk word beskou as die hoogtepunt en die finale manifestasie van die leerondervinding wat deur die program verskaf word en bied aan studente die geleentheid om die begrip, kennis en vaardighede wat in die program ontwikkel is, op 'n spesifieke gebied toe te pas.

Die voertaal tydens onderrig, besprekings en aanbiedings is Engels; werkstukke, toetse en eksamens mag egter in Afrikaans geskryf word.

Die program word deur middel van gemengde leer aangebied. Studente kies tussen klasse op kampus of intydse klasse.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
51330	889	180	Toekomsstudie	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
60070	873	10	Demografie	Beide
60054	873	20	Kwalitatiewe en Kwantitatiewe Toekomsstudiemetodes	Beide
60100	875	80	Navorsingswerkstuk: Toekomsstudie	Beide
60046	872	30	Omgewingsverkenning	Beide
13212	874	30	Toegepaste Toekomsstudie	Beide
60062	872	10	Tegnologie in die toekoms	Beide

Assessering en eksaminering

Daar word van studente wat tot die MPhil-program toegelaat word verwag dat hulle in die voorgeskrewe mondelinge assesserings in die vereiste studierigtings sal slaag en 'n bevredigende navorsingswerkstuk sal inlewer.

Aansoek

Aansoeke vir enige gegewe jaar moet voor die einde van Januarie van daardie betrokke jaar ontvang word.

Elektroniese aansoeke: <http://ifr.applications.usb.ac.za/>

3.5.6 MPhil (Volhoubare Ontwikkeling)
Krediete

'n Minimum van 180 krediete bestaande uit twee keusemodules (15 krediete elk) plus 'n tesis/projek/artikels (150 krediete). Studente mag die opsie kies om vier keusemodules te volg (15 krediete elk) plus 'n tesis/projek/artikels (120 krediete).

Spesifieke toelatingsvereistes

Die enigste toelatingsvereiste is die Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling, 'n BPhil-graad in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur, of voldoening aan die vereistes van die bogenoemde Nagraadse Diploma (Volhoubare Ontwikkeling) (slaaq van agt kernmodules met 'n minimum van 65% vir elke module), al het die student nog nie die diploma ontvang nie.

Duur

Studente wat die Nagraadse Diploma (Volhoubare Ontwikkeling) voltooi het of aan die vereistes van die program voldoen het, kan hierdie program in 'n minimum van een jaar of deelyds oor twee jaar voltooi.

Aanbieding

Engels, maar geskrewe opdragte, eksamens en navorsingswerkstukke/tesisse kan in Afrikaans geskryf word as die student dit sou verkies en waar moontlik (sommige van die modules word deur internasionale dosente aangebied wat nie Afrikaans magtig is nie).

Programinhoud

'n Brosjyre oor die MPhil (Volhoubare Ontwikkeling) is beskikbaar by www.sustainabilityinstitute.net en www.schoolofpublicleadership.co.za.

Die transdissiplinêre program MPhil (Volhoubare Ontwikkeling) bestaan uit 'n minimum van twee keusemodules (sien die verduideliking hieronder) plus 'n navorsingskomponent wat fokus op die beplanning, bestuur en praktyk van volhoubare ontwikkeling. Die navorsingskomponent kan 'n tesis, 'n sakeplan of akademiese vaktydskrifartikels wees (sien die verduideliking hieronder).

Die volgende opsies is beskikbaar:

- 'n Tesis of sakeplan of twee vaktydskrifartikels (150 krediete) plus twee keusemodules (15 krediete elk) plus bywoning van 'n verpligte Navorsingsmetodologie-werkswinkel; OF
- 'n Tesis of sakeplan of twee vaktydskrifartikels (120 krediete), plus vier keusemodules (15 krediete elk), plus bywoning van 'n verpligte Navorsingsmetodologie-werkswinkel.

Die vereistes vir die navorsingskomponent is die volgende:

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
58122	889	180	Volhoubare Ontwikkeling	Beide

Geïntegreerde tesis (150 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11189	874	150	Geïntegreerde Tesis en verpligte Navorsingswerkswinkel	Beide

'n Tesis moet in ooreenstemming met die vereistes van die Universiteit, die Skool vir Publieke Leierskap en die studieleier voltooi word. Hierdie tesis sluit in deelname aan 'n verpligte Navorsingsmetodologie-werkswinkel. Die Navorsingskomitee sal, in ooreenstemming met beskikbare kundigheid en billike werksverdeling, 'n studieleier sowel as 'n interne en eksterne eksaminator aan elke kandidaat toewys.

Op skriftelike aansoek van die student mag die Programdirekteur die volgende alternatiewe vir 'n normale akademiese tesis goedkeur:

- Opsie 1: Twee akademiese artikels in die styl van 'n voorafbepaalde vaktydskrif en in ooreenstemming met die vereistes van die Universiteit, die Skool en die studieleier;
- Opsie 2: 'n Sakeplan vir 'n komplekse kapitaalwerkeprojek of 'n volhoubare ontwikkelingsprojek. Vir hierdie opsie moet studente die Projekbestuur-modules as keusemodules kies (sien hieronder).

Geïntegreerde tesis (120 krediete)

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
11189	875	120	Geïntegreerde Tesis en verpligte Navorsingswerkwinkel	Beide

Die tesis sluit in deelname aan 'n verpligte Navorsingsmetodologie-werkswinkel. Die Navorsingskomitee sal, in ooreenstemming met beskikbare kundigheid en billike werksverdeling, 'n studieleier sowel as 'n interne en eksterne eksaminator aan elke kandidaat toewys. Op skriftelike aansoek van die student mag die Programdirekteur die volgende alternatiewe vir 'n normale akademiese tesis goedkeur:

- Opsie 1: Twee akademiese artikels in die styl van 'n voorafbepaalde vaktydskrif en in ooreenstemming met die vereistes van die Universiteit, die Skool en die studieleier.
- Opsie 2: 'n Sakeplan vir 'n komplekse kapitaalwerkeprojek of volhoubare ontwikkelingsprojek. Vir hierdie opsie moet studente die Projekbestuur-modules as keuse-modules kies (sien hieronder). Studente wat 'n spesifieke spesialisering wil voltooi wat strek vanaf die NG Dip (Volhoubare Ontwikkeling) tot die MPhil (Volhoubare Ontwikkeling), moet daarop let dat die navorsingskomponent vir die program MPhil (Volhoubare Ontwikkeling) op die spesialisering moet fokus, bv. Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning as fokusarea of Hernubare Volhoubare Energie as fokusarea.

Studente wat die opsie Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning wil volg, word sterk aanbeveel om die opsie met 120 krediete vir die tesis plus vier keusemodules te kies vanuit die onderstaande lys, of van die MPhil Omgewingsbestuur of HonsPA- of MPA-programme of van die Meestersprogram in Stads- en Streeksbeplanning (in Engels, *MURP*) of die MPhil in Stads- en Streekswetenskap wat deur die Sentrum vir Streeks- en Stedelike Innovasie & Statistiese Eksplorاسie (in Engels, *CRUISE*) wat onder die Departement Geografie- en Omgewingstudies, Fakulteit Lettere, resorteer; met Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning as fokus vir die tesis; en met die volgende addisionele modules hoogs aanbevole:

- Projekbestuur (SPL)
- Geografiese Inligtingstelsels in Omgewingsanalise en -bestuur (van die MPhil in Omgewingsbestuur) (of 'n soortgelyke GIS-module)
- Stadsbestuursprosesse (*CRUISE*) Enige van die volgende modules van die NG Dip (Volhoubare Ontwikkeling) wat nog nie voltooi is nie: Volhoubare stede; Ekologiese ontwerp vir gemeenskapsbou; Kompleksiteitsteorie en stelsel denke.

Keusemodules

Studente moet benewens die tesis aanvullende gespesialiseerde keusemodules voltooi. Dit kan op enige van die volgende wyses gedoen word:

1. 'n Student kan enige module kies vanuit dié wat hieronder gelys word.
2. 'n Student kan 'n module kies wat aangebied word deur enige universiteit of tersiêre opvoedkundige instelling, insluitende modules wat aangebied word deur die Skool vir Publieke Leierskap as deel van die MPhil in Omgewingsbestuur of die Honneurs- en Magisterprogramme in Openbare en Ontwikkelingsbestuur (soos byvoorbeeld Projekbestuur of GIS) met die voorbehoud dat die keusemodule vyf tot ses onderrigdae

behels, geskrewe werk insluit en ongeveer 15 krediete tel. As die Programkomitee die module goedkeur en die student aan alle ander toelatingsvereistes tot die program voldoen, mag hy vir die module registreer. Moontlike addisionele registrasiegeld vir die module is die student se verantwoordelikheid. Die kriteria wat sal geld by besluitneming oor die geskiktheid van 'n keusemodule is of dit breedweg in ooreenstemming is met die globale doelstelling om 'n begrip van volhoubare ontwikkeling te ontwikkel, met dien verstande dat dieselfde module nie vir twee verskillende grade aangebied kan word nie. 'n Student wat 'n keusemodule kies wat deur die Skool vir Publieke Leierskap of ander departemente by die Universiteit Stellenbosch aangebied word, of deur enige ander universiteit of instelling, maar wat nie in die lys hieronder verskyn nie, sal vir die module Gevorderde Studies in Volhoubaarheid geregistreer word.

3. 'n Student wat die spesialiteitsveld 'Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning' volg, moet, addisioneel tot die modules soos uiteengesit onder die NGD in Volhoubare Ontwikkeling se opsie in 'Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning', 4 spesifieke keusemodules voltooi van die onderstaande lys van keusemodules of van enige ander lys soos deur die SA Raad op Beplanners (SACPLAN) goedgekeur, asook 'n tesis met 'n beplanningsfokus.

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
13553	872	15	Beplanning en Ontwerpspraktyk	Beide
11490	872	15	Biodiversiteit en Ekosisteedienste	Beide
11188	876	15	Ekologiese Ontwikkeling vir Gemeenskapsbou	Beide
13354	871	15	Ekonomie van Volhoubare Transisies	Beide
55263	871	15	Gevorderde Projekbestuur	Beide
13409	871	15	Gevorderde Stelsel Dinamika Modellerings	Beide
12950	871	15	Gevorderde Studies in Volhoubare Ontwikkeling	Beide
11651	871	15	Hernubare Energie Beleid	Beide
12531	871	15	Hernubare Energie Finansies	2
12230	871	15	Inleiding tot Ontwikkelings Beplanning	Beide
11190	871	15	Kompleksiteitsteorie en Sisteemdenke	Beide
11491	873	15	Leierskap en Omgewingsetiek	Beide
11273	871	15	Navorsing Disseminasie	Beide
51764	871	15	Navorsingsmetodologie	Beide
55492	873	15	Ontwikkelingsbeplanning-en omgewingsanalise	Beide
11182	872	15	Ontwikkelingsbeplanningsisteme -Reg en -Beleid	Beide
51993	871	15	Projekbestuur	Beide
11195	873	15	Regering Globalisering en Burgerlike Gemeenskap	Beide

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
12231	874	15	Sisteme en Tegnologieë vir Volhoubare Landbou	Beide
12530	871	15	Stelsel Dinamika Modelling	Beide
11198	874	15	Toegepaste Ekonomie	Beide
13357	871	15	Vergelykende Studie in Selfvernuwende Voedselstelsels	Beide
13356	871	15	Vergelykende Studie in Volhoubare Leefwyses	Beide
12232	874	15	Voedselsekureit en Globale Landbou	Beide
13359	871	15	Voedselstelsels Transisies	Beide
60763	874	15	Volhoubare Ondernemings	Beide
11199	875	15	Volhoubare Stede	Beide

Modules aangebied deur departemente in die Fakulteit Ingenieurswese:

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
64904	844	15	Bio-energie	2
64890	814	15	Hernubare Energiestelsels	1
11294	847	15	Inleiding tot Son-energie	Beide

Assessering en eksaminering

Assessering word gebaseer op die vereistes vir die modules plus die interne en eksterne eksaminering van die tesis/projek/artikels (sien hieronder). Om die program MPhil (Volhoubare Ontwikkeling) te slaag, moet 'n gemiddelde punt van 50% vir elk van die keusemodules behaal word, plus 'n punt van 50% vir die tesis/projek/artikels. Om die MPhil (Volhoubare Ontwikkeling) met onderskeiding (*cum laude*) te slaag, is 'n gemiddelde prestasiepunt van 75% nodig.

Keuring

Aangesien slegs 'n beperkte getal studente jaarliks in die program geakkommodeer kan word, sal voorkeur verleen word aan studente wat 'n gemiddeld van 65% of hoër in elk van die agt modules vir die Nagraadse Diploma (Volhoubare Ontwikkeling) of die BPhil in Volhoubare Ontwikkelingsbeplanning en -bestuur behaal het. Om vir keuring te kwalifiseer moet studente ook 'n aanvaarbare navorsingsvoorstel indien en voorgeskrewe, aanlyn voorbereidende toetse slaag.

Aansoek

Aansoeke om toelating sluit einde September en laat aansoeke kan slegs oorweeg word indien daar nog plekke beskikbaar is.

Program aanvangsdatum

Nuwe studente word teen 31 Maart van elke jaar geregistreer, maar woon reeds gedurende November van die voorafgaande jaar 'n navorsingswerkwinkel by, lewer hulle navorsingsvoorstel gedurende Januarie voor registrasie en voltooi voorgeskrewe voorbereidende aanlyn toetse voor registrasie.

Navrae

Navrae met betrekking tot die programinhoud, onderriggeld en aansoekprosedure kan gerig word aan

Die Administrateur: Magisterprogram in Volhoubare Ontwikkeling, Skool vir Publieke Leierskap, Universiteit Stellenbosch, Posbus 162, Lynedoch 7603.

Tel.: 021 881 3952; e-pos: beatrix.steenkamp@spl.sun.ac.za

3.6 Magister in Besigheidsbestuur en Administrasie (Bellvillepark-kampus)

Krediete

Hierdie graad word op NKR-vlak 9 aangebied (213 krediete).

Programbeskrywing

Hierdie internasionaal geakkrediteerde Magister in Besigheidsbestuur en administrasie (MBA) word op 'n voltydse, modulêre en gemengde leer basis op die Bellvillepark-kampus aangebied.

Programopsies

Die USB se MBA-program is herontwerp om beter aan die behoeftes van moderne studente te voldoen. Die vorige (langer) MBA, wat tot en met 2015 aangebied is, is nou in 'n 213-kredietprogram op NKR-vlak 9 omskep. Al die formate van die USB se MBA is beduidend verkort en word vanaf 2016 aangebied.

- Studente op die Voltydse MBA kan hulle klasprogram en navorsingswerkstuk in een jaar voltooi en die modulêre en Gemengde leer MBA oor twee jaar..
- Alle klasse word op die USB-kampus in die Tygervallei-sakebuurt in Bellville in die noordelike woongebiede van Kaapstad aangebied

Oorsig van die verskeie MBA opsies

Program en duur	Begin	Aantal innames	Aanbieding
Heeltyds MBA – een jaar in Engels	Januarie	1	Heeltyds op kampus vanaf Januarie tot November
Modulêre MBA – twee jaar in Engels of Afrikaans	Februarie	3	Nege een week blokke (klasse Maandag tot Saterdag) op kampus oor twee jaar
Gemengde Leer MBA – twee jaar in Engels	Februarie	1	Twee twee week blokke en een week blok (klasse op Maandag tot Saterdag) op kampus oor twee jaar PLUS klasse op Woensdagaande aanlyn of op kampus

- Alle klasse word deur webgebaseerde ondersteuning aangevul. Die kursusinhoud word oorgedra deur lesings en groepbesprekings, omvattende kursusbateriaal, handboeke en vaktydskrifartikels. Studente moet deeglik voorberei vir al die lesings om die beste moontlike voordeel uit die kontakssessies en gesamentlike leer te trek.

- Leeraktiwiteite sluit die volgende in: lesings deur dosente en praktisyns wat as gasdosente optree, tutoriale, sindikaatgroepe, praktiese werkplekervaring en onafhanklike selfstudie.
- Studente se assessering vind op 'n aanpasbare assesseringsgrondslag plaas. Die finale prestasiepunt word onder meer gegrond op intydse assesserings, klastoetse, groepwerk, individuele en groepwerkstukke, klasdeelname en voorleggings. Die aanpasbare assesseringstelsel beteken dat daar geen aanvullende toetse of geleenthede is vir die herinlewering van werkstukke om punte te verbeter nie.

Vir meer inligting besoek asseblief www.usb.ac.za

Programuitkomst

Die doel van die USB MBA is om aan studente 'n behoorlike begrip te gee van hoe om 'n onderneming op 'n verantwoordelike wyse in 'n multikulturele omgewing in Afrika en ander lande in die wêreld te bestuur. Dit gaan oor die verkryging van die intellektuele vermoë om sosiale, ekonomiese en ander patrone te kan identifiseer, om op 'n kritiese manier te redeneer, om te innoveer, om die kompleksiteit van die moderne sakewêreld en sosiale omgewing te verstaan, en om met oplossings vorendag te kom.

Die USB se MBA is veeleisend. Die onderbou daarvan bestaan uit stewige kwantitatiewe vakke wat deur interpersoonlike en leierskapvaardighede aangevul word.

Gesamentlike leer – waar studente by mekaar leer – is 'n sleutelkenmerk van die USB MBA. Wat hierdie soort leer waardevol maak, is die unieke kennis en bestuurservaring wat elke student na die tafel toe bring.

Die USB glo dat leiers nie gebore word nie, maar dat hulle ontwikkel word. Dit is waarom elke MBA-student die USB se Persoonlike Leierskapontwikkelingsreis (PLOR) in die Leierskapontwikkelingsmodule volg. Die klem van hierdie reis val op persoonlike leierskap, groepleierskap en organisatoriese of strategiese leierskap wat uiteindelik leierskapprestasie en organisatoriese prestasie tot gevolg het.

Die USB se benadering tot persoonlike leierskapontwikkeling word toenemend deur vooraanstaande navorsing en bewyse onderskryf. Die PLOR beklemtoon die ontwikkelingsproses en benut bewese teorie en inhoud om die individu se denke, leer en ontwikkeling as 'n leier te stimuleer. Die twee dimensies van die PLOR betrek studente by die volgende:

- **Inhoud:** Akademici stel studente voor aan die inhoud deur lesings, voorlesings, videogrepe, gevallestudies, klasbesprekings, ens.
- **Proses:** Studente gebruik verskeie self-bestuurde volwasseleer-prosesse en leierskapontwikkelingsprosesse om hulle as leiers te bemagtig en te ontwikkel.

Studente sal tydens hierdie reis die teorie én praktyk van leierskap deur die volgende leer ken:

- Die verkenning en versterking van persoonlike outentieke leierskap
- Narratiewe leer
- Ervaringsleer
- Werkgebaseerde en aksieleer
- Besinnende leer en die bevraagtekening van 'kennis' wat 'nie die waarheid is nie'

- Die benutting van sterkpunte en die ontginning van potensiaal
- Die hantering van ontsporingrisiko's.

Spesifieke toelatingsvereistes

Die graad MBA kan toegeken word aan studente wat:

- in besit is van 'n toepaslike vierjarige Baccalaureusgraad op NKR-vlak 8 en ten minste drie jaar relevante, voltydse werkondervinding
of
- 'n honneursgraad op NKR-vlak 8 én drie jaar relevante, voltydse werkondervinding
of
- 'n toepaslike 3-jaar Baccalaureusgraad op NKR-vlak 7 én 'n Nagraadse Diploma op NKR-vlak 8, saam met ten minste drie jaar relevante, voltydse werkondervinding
- toepaslike keuringstoetse suksesvol afgelê het en
- na behaling van voorgenoemde toelatingskwalifikasie, die voorgeskrewe program aan die Universiteit gevolg het en aan die einde daarvan in alle assesserings geslaag het.
- *Let wel:* Die werkondervinding moet verkieslik op bestuursvlak wees.

Verdere vereistes

- Wiskunde op NNS-vlak (graad 12) of gelykwaardig
- 'n Omvattende CV
- Drie essays wat die aansoeker se motiveringsvlak en werkservaring uitspel
- 'n Onderhoud met 'n MBA-alumnus

Die USB het in 2015 'n nuwe eenjarige Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie (NKR-vlak 8 met 120 krediete) bekend gestel om studente vir die MBA voor te berei sodat hulle aan die toelatingsvereistes van die MBA kan voldoen.

Programinhoud

Hierdie gedeelte dek die verpligte modules en die keusevakke. Die verpligte modules sluit die navorsingswerkstuk in wat oor die hele MBA strek, en ook die module Internasionale Studie wat by 'n buitelandse bestuurskool aangebied word.

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10723	879	213	Besigheidsbestuur en -Administrasie	Beide

Verpligte modules

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
10812	815	8	Bestuursrekeningkunde	Beide
13157	815	8	Bestuurstatistiek	Beide
13377	815	8	Digitale Ondernemingsbestuur	Beide
51810	815	8	Ekonomie vir Bestuurders	Beide
13378	815	8	Geïntegreerde Gevallestudies	Beide

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
60127	815	8	Internasionale studietoer	Beide
13379	815	12	Kontemporêre Besluitneming	Beide
65668	815	12	Korporatiewe Finansies	Beide
12345	715	16	Leierskap Ontwikkeling	Beide
13380	815	8	Mensekapitaalbestuur	Beide
13381	815	45	Navorsingsmetodologie en Werkstuk	Beide
13383	815	8	Operasionele Voortreflikheid	Beide
13384	815	8	Perspektiewe op Afrika-lande	Beide
13385	815	8	Rekeningkunde vir Besluitneming	Beide
58955	815	8	Sake in die Gemeenskap	Beide
13386	815	4	Sakekommunikasievaardighede	Beide
13387	815	8	Strategiese Bemaking en Handelsmerk	Beide
59587	815	12	Strategiese Bestuur	Beide

Keusemodules

Studente moet twee keusemodules van 8 krediete elk of een keusemodule van 16 krediete kies.

Die keusemodules is in spesialiseringbane gegroepeer. Indien keusemodules uit dieselfde spesialiseringsrigting gekies word, kan studente kundigheid verwerf in Strategie, Leierskap, Finansies, Bemaking, Ontwikkelende Markte, Projekbestuur of ander bestuursgebiede.

Die keusemodules wissel van jaar tot jaar.

Navorsingswerkstuk

Geen uitstel sal vir die keurdatum van 15 November vir die navorsingswerkstuk gegee word nie. Indien 'n student nalaat om op 15 November in te dien, kan hy/sy by die aanvullende geleentheid, naamlik 15 Januarie indien, maar 'n prestasiepunt van maksimum 50% sal toegeken word. Indien 'n student nalaat om op 15 Januarie in te dien, moet hy/sy weer vir die module registreer.

Assessering en eksaminering

Van studente wat tot die MBA-program toegelaat word, word verwag dat hulle in die voorgeskrewe skriftelike en mondelinge assesserings in die vereiste studierigtings sal slaag en 'n navorsingswerkstuk (soos deur die Bestuurskool voorgeskryf) sal inlewer.

Die Nagraadse Bestuurskool pas 'n stelsel van buigsame assessering toe. Modules moet aaneenlopend gevolg word. Elke module moet eers individueel geslaag word voordat 'n groeppunt in berekening gebring sal word.

Om die MBA graad cum laude te verwerf, moet alle modules in die minimum residensietydperk (een jaar heeltyds, twee jaar moduler en gemende leer) voltooi word. Die graad kan ook nie cum laude toegeken word indien 'n module herhaal is nie.

Voortsetting en terminering van studies

Voltydse studente

Studente wat na afhandeling van die verpligte leergang teen die einde van die akademiese jaar meer as een derde van hulle krediete van die vaste leergang agterstallig is, mag nie die MBA-program voortsit nie.

Modulêre en Gemengde leer studente

Studente wat na afhandeling van die verpligte leergang teen die einde van die eerste akademiese jaar meer as vyftig persent van hulle krediete van die vaste leergang agterstallig is, mag nie die MBA-program voortsit nie.

Alle groepe

'n Student wat aan die einde van die residensitydperk van die MBA-program meer as een derde van die krediete van die vaste leergang agterstallig is, sal nie toegelaat word om die program voort te sit nie.

Assessering en erkenning van vorige leer

Groter toeganklikheid word verseker deur die proses van Assessering en Erkenning van Vorige Leer (AEVL). Ooreenkomstig met die Universiteit Stellenbosch se beleidsraamwerk vir AEVL mag slegs 'n beperkte aantal nie-gegradueerde studente by die MBA aansluit. Die aantal AEVL-kandidate mag nie 10% van die jaarlikse inname van 'n program oorskry nie.

Streng assesseringskriteria word toegepas om te bepaal of aansoekers die nodige generiese bevoegdhede tydens hulle voorgraadse leer ontwikkel het.

Keuring

Keuring vir kandidate vind jaarliks vanaf Julie plaas. Daar word van alle kandidate verwag om 'n stel keuringstoetse af te lê en 'n keuringsonderhoud met 'n verteenwoordiger van die Nagraadse Bestuurskool te voer.

Aansoek

Gaan na www.usb.ac.za/apply en vul die intydse MBA-aansoekvorm in. Die aansoekvorm kan in stappe ingevul word sonder om inligting te verloor. Suid-Afrikaanse en buitelandse studente volg dieselfde aansoekproses.

Dit is raadsaam om die aansoekvorm so spoedig moontlik te voltooi om vir die program te registreer. Aansoeke om toelating sluit jaarliks op 30 November.

4. Doktorale Programme

4.1 Die PhD-graad

Statutêre vereistes

Behoudens andersluidende bepalings in die Statuut van die Universiteit, kan 'n doktorsgraad in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan 'n student toegeken word indien hy minstens twee jaar lank nadat 'n magistergraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, aan hom toegeken is of nadat hy op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in sy bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is, as student vir 'n doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was.

'n Kandidaat vir PhD-graad moet:

- gevorderde oorspronklike navorsing van 'n hoogs skeppende aard ten genoë van die Universiteit op die gebied van die ekonomiese en bestuurswetenskappe of die administratiewe wetenskappe verrig het;
- oorspronklike werk(e) – reeds gepubliseer – van hoë standaard, wat oor 'n sentrale tema handel en wat na die oordeel van die Senaat toon dat die kandidaat 'n wesenlike en hoogstaande bydrae tot die verryking van die kennis aangaande die ekonomie, bedryfs- of administratiewe wetenskappe gedoen het, ingelewer het;
- 'n mondelinge eksamen, indien die eksaminatore dit sou vereis, ten genoë van die Universiteit afgelê het.

Toelating

Studente moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die doktorale studie. Elke aansoek word op aanbeveling van die Fakulteitsraad deur die Senaat oorweeg.

Verdere bepalings

'n Proefskrif word van elke kandidaat vir 'n doktorsgraad vereis.

In die reël word 'n mondelinge eksamen vir die doktorsgraad vereis.

'n Student wat in diens van 'n organisasie buite die Universiteit staan, moet voor toelating tot 'n doktorsgraadprogram skriftelik bewys voorlê dat hy verlof van die betrokke organisasie verkry het om

- vir die bepaalde doktorsprogram in te skryf; en
- hom te onderwerp aan die reëls van die Universiteit betreffende die publikasie van proefskrifte.

'n Student wat gebruik maak van bronne buite die beheer van die Universiteit moet voor toelating tot 'n doktorsgraadprogram – in gevalle waar die Universiteit dit vereis – 'n verklaring van die betrokke instansie voorlê insake die voorwaardes waaronder hy die gegewens mag gebruik.

Geen kandidaat mag sy proefskrif vir eksaminering inlewer alvorens hy skriftelike toestemming daartoe van die promotor verkry het nie.

Kandidate kan te eniger tyd gedurende die akademiese jaar vir die doktorale eksamen inskryf.

Wanneer 'n kandidaat vir die doktorale eksamen aanmeld, moet een ongebonde eksemplaar van sy proefskrif in die finale vorm met die oog op eksaminering tydig by die betrokke departement ingelewer word.

Vir volledige bepalings i.v.m. bywoning, eksaminatore, proefskrifvereistes, mondelinge eksamens en inskrywing na die basiese residensietypperk, kyk “Gevorderde Grade” in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek.

Indien 'n kandidaat reeds in besit van 'n doktorsgraad in die Wysbegeerte in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe of 'n ander, na die oordeel van die Senaat, vergelykbare kwalifikasie is, moet hy –

- vir minstens een akademiese jaar aan hierdie Universiteit ingeskryf wees alvorens die graad PhD aan hom toegeken kan word; en
- die Registrateur by aansoek om toelating as student meedeel dat hy 'n PhD-program wil volg.

Indien 'n kandidaat nog nie in besit van 'n doktorsgraad in die Wysbegeerte in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, of ander, na die oordeel van die Senaat, vergelykbare kwalifikasies is nie, moet hy –

- vir minstens drie akademiese jare aan hierdie Universiteit ingeskryf wees alvorens die graad PhD aan hom toegeken kan word; en
- die Registrateur by aansoek om toelating as student meedeel dat hy 'n PhD-program wil volg

Raadpleeg die betrokke departement oor 'n spesifieke vakverwante navorsingsvoorstel.

4.2 Transdissiplinêre doktorale program toegespits op kompleksiteit en volhoubaarheidstudies

Programbeskrywing

Interdepartementele en -fakulteitsaanbieding

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, in samewerking met die Fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, AgriWetenskappe, Regsgeleerdheid, Ingenieurswese, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Natuurwetenskappe en Teologie, bied geleenthede aan voornemende studente wat graag navorsing wil doen oor die soeke na volhoubare oplossings vir komplekse probleme rakende sosiaal-natuurlike probleme wat nie noodwendig vanuit 'n spesifieke, monodissiplinêre perspektief bestudeer kan word nie, ten einde hulle doktorale studies in enige van hierdie fakulteite met kursusse oor die teorie en praktyk van transdissiplinariteit te verryk. Die huidige plaaslik-globale uitdagings en krisis met betrekking tot die vraagstukke van onder andere armoede, verstedeliking, water, afval, energie, voedsel, grond, konflik en geweld, en gelykheid en regverdigheid is tipiese probleme/temas wat hulle tot navorsing op hierdie gebied leen.

Programuitkomst

Uitkomst

Studente wat hierdie doktrale program volg, kan verwag om sowel toegerus te word met 'n grondige nuwe begrip van die komplekse aard van die probleme wat die Afrika-vasteland en die wêreld oor die algemeen in die gesig staar as om die kruisdisiplinêre denkvaardighede te ontwikkel wat nodig is vir deelname aan multidisiplinêre spanne toegespits op die soeke na langtermyn- holistiese oplossings.

Kwalifikasie

Die doktrale kwalifikasie van die fakulteit waarin 'n student geregistreer is, word toegeken.

Spesifieke toelatingsvereistes

Toelating, registrasie en studieleiding

Voornemende studente lê voorstelle ten opsigte van hulle doktrale navorsing voor aan 'n paneel promotors bestaande uit verteenwoordigers van die deelnemende fakulteite. Hierdie verteenwoordigers word deur die dekane van die deelnemende fakulteite aangewys. Die paneel promotors sal, in oorleg met die voornemende student, die navorsingsvoorstel met die oog op die transdisiplinêre meriete daarvan evalueer en sal 'n geskikte multidisiplinêre span bestaande uit hoof- en medepromotors vir elke suksesvolle navorsingsvoorstel aanbeveel. Die paneel sal ook 'n gepaste akademiese departement en fakulteit aanbeveel waarbinne die navorsing geregistreer word. Die gewone kriteria en prosesse ten opsigte van toelating, registrasie en die aanstelling van die doktrale promotor(s) van die deelnemende fakulteite is van toepassing.

Programstruktuur

Proefskrif, kernmodules en leermodel

Hierdie program behels 'n proefskrif wat al die krediete vir die graad uitmaak. 'n Stel kernmodules, aangebied deur internasionale en plaaslike kenners op die gebied van volhoubaarheid, transdisiplinêre epistemologie, metodologie en metodes asook kompleksiteitsteorie, sal by die aanvang van die program aangebied word. Hierdie modules dra geen krediete nie. Skriftelike assessering wat dui op 'n deeglike begrip van die materiaal gedek tydens hierdie modules sal 'n vereiste wees vir voortsetting van die program. Daarbenewens sal daar vir die duur van die program van studente verlang word om 'n gereelde reeks nagraadse seminare by te woon, wat aan hulle die geleentheid sal gee om die werk waarmee hulle besig is, vir hulle medestudente en hulle promotors aan te bied en dit te bespreek.

Duur

Duur van die program

Hierdie voltydse program strek oor drie jaar waartydens studente, so ver prakties moontlik, saam met ander studente geplaas sal word ten einde maksimum transdisiplinêre sinergie met medestudente en tussen studente en promotors te verseker. Studente sal ook addisionele tyd toegestaan word om hulle proefskrifte te voltooi.

Notas

Befondsing en beurse

Studente wat tot hierdie program toegelaat word, kan vir beurse wat deur die Universiteit en ander befondingsinstellings in dié verband beskikbaar gestel word, aansoek doen. Meer besonderhede en aansoekvorms kan van die programkoördineerder verkry word.

Assessering en eksaminering

Die gewone eksamenprosedures van die Universiteit en die fakulteit waarin 'n student geregistreer is, is van toepassing.

Navrae

Kontakbesonderhede

Benewens voltooiing van die gewone nagraadse aansoekvorms van die Universiteit moet voornemende studente die nodige aansoekvorms vir hierdie program skriftelik invul en inlewer. Hierdie vorms kan aangevra word by:

John van Breda

Programbestuurder: Transdissiplinêre Doktorale Program

Kamer 1019, AI Perold-gebou

Universiteit van Stellenbosch

Tel.: 021 808 2152

Faks: 021 808 2085

E-pos: jrvb@sun.ac.za

4.3 Die Nagraadse Skool van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (GEM)

Visie van die Nagraadse Skool

Bevordering van doktorale studie in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Die Nagraadse Skool van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is in 2014 tot stand gebring met die doel om die Fakulteit se doktorale uitset te versterk en om toegang tot PhD-studies in die vakrigtings van die Fakulteit te bevorder. Die Nagraadse Skool word as 'n eenheid in die Dekaansekantoor bestuur, met die volgende kernpunte as doelwitte:

- Om 'n gedeeltelik gestruktureerde program vir voltydse, residensiële doktorale studie vir alle departemente en skole binne die Fakulteit beskikbaar te maak.
- Om die getalle doktorale graduandi van die Fakulteit drasties te vermeerder.
- Om toegang tot doktorale studie in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe te verbreed.
- Om deurlopend doeltreffende ondersteuningstrukture vir doktorale studies in die Fakulteit te ontwikkel en beskikbaar te stel.

Die Nagraadse Skool speel hoofsaaklik 'n ondersteunende rol om kandidate se kans om hulle studies binne drie jaar af te handel, te verbeter. Die vereistes van doktrale toelating en studie vir studente wat tot die Nagraadse Skool-program toegelaat word, is dieselfde as dié wat in 4.1 uiteengesit word.

Boustene van die Nagraadse Skool-program

Befondsing van voltydse residensiële PhD-kandidate

Studente wat toelating tot die Nagraadse Skool-program verkry, word voorsien van ruim studiebeurse wat genoeg is om hulle drie jaar verblyf op Stellenbosch te verseker. Die toekenning van die beurse vind jaarliks plaas tydens 'n keuringproses wat uitmuntende kandidate identifiseer en met gepaste studieleiers laat skakel.

Gedeeltelik gestruktureerde doktrale studie

Die Nagraadse Skool bied verskeie ondersteunende modules tydens die eerste jaar van die doktrale program aan ten einde die nodige kennis en vaardighede aan studente te verskaf om navorsing op doktrale vlak te onderneem.

Voortgesette monitering van vordering

Beurshouers van die Nagraadse Skool, in samewerking met hulle studieleiers, gee drie maal per jaar terugvoer oor die vordering van hulle navorsingsprojekte. Die verslagdoeningsproses is gekoppel aan die uitbetaling van die studiebeurse. Bevredigende vordering word verwag om uitbetaling van beursgelde te verseker.

Voortgesette ondersteuning aan doktrale kandidate

Doktorsgraadstudente van die Nagraadse Skool word deurgaans van addisionele administratiewe, logistieke en infrastrukturele steun voorsien. Die ondersteuning word bemiddel deur die kantoor van die Nagraadse Skool in samewerking met die bestaande ondersteuningstrukture van die Universiteit Stellenbosch.

Navrae

Kontakbesonderhede

Aansoeke word tydens die aansoektydperk ontvang, soos aangedui op die webtuiste van die Nagraadse Skool (<http://www.sun.ac.za/english/faculty/economy/gem>). Enige bykomende navrae kan gerig word aan:

Dr. Jaco Franken

Bestuurder: Nagraadse Skool van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Kamer 711, CGW Schumann-gebou

Universiteit Stellenbosch

Tel: +27 21 808 9545

E-pos: franken@sun.ac.za

Vakke, Modules en Module-inhoude

Verklaring van nommers en afkortings

Alle vakke word deur 'n vyfsyfer-vaknommer geïdentifiseer. Daarbenewens word die modules waaruit 'n vak saamgestel is, elk deur 'n driesyfer-modulekode onderskei, waarin die jaargang en die semester van aanbieding (tensy anders vermeld) saamgevat is.

Die vakke, met hulle samestellende modules, krediete, module-onderwerpe, doseerladings en module-inhoude, word hieronder aangegee.

Voorbeeld:

10553 Bedryfsielkunde

114 (12) Bedryfsielkunde (3L, 1P)

Verduideliking:

- 10553 is die vaknommer en verwys na die vak Bedryfsielkunde.
- 114(12) is die modulekode van die module Bedryfsielkunde 114, met die module-onderwerp: Bedryfsielkunde.

Die modulekode 114 (12) het die volgende betekenis:

- Eerste syfer: 1 – dui die jaargang aan waarin die module aangebied word.
- Tweede syfer: 1 – dien as 'n onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang en dui die semester aan (tensy anders vermeld), volgens die onderstaande patroon:
 - 1, 2 of 3: modules wat in die eerste semester aangebied word;
 - 4, 5 of 6: modules wat in die tweede semester aangebied word;
 - 7, 8 of 9: modules wat oor beide semesters strek, d.w.s. jaarmodules.
- Derde syfer: 4 – het geen spesifieke betekenis nie, maar kan dien as onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang.
- Die getal tussen hakies (12) – dui die kredietwaarde aan wat aan die module gekoppel word. Bedryfsielkunde 114(12) is derhalwe 'n module wat in die eerste semester van die eerste jaar aangebied word; 'n student verwerf twaalf krediete daarvoor.
- Let asseblief daarop dat by die meeste nagraadse modules, die volgende inligting in 'n seskolomtabel gegee word: die vyfsyfer-vakkode, driesyfermodulekode, kredietwaarde, modulenaam, of die module verpligtend of 'n keusemodule is en, waar van toepassing, in watter semester die module aangebied word.

- Die doseerlading van die module word ná die module-onderwerp aangetoon. Die volgende afkortings word vir die doseerlading gebruik:

L – lesing van 50 minute (bv. 3L)

P – praktykumperiode van 50 minute (bv. 1P, 2P, 3P)

S – seminaar van 50 minute (bv. 1S, 2S)

T – tutoriaal van 50 minute (bv. 1T, 2T)

Die doseerlading vir Bedryfsielkunde 114(12) is derhalwe drie lesings van 50 minute elk en een praktykumperiode van 50 minute elk per week vir die duur van die module, nl. een semester.

Slaag-, voor- en newevereistes

Onderaan die inhoud van modules word, waar toepaslik, die slaagvoorvereiste, voorvereiste en newevereiste modules wat daarop betrekking het, aangedui. Die volgende afkortings word gebruik:

S – Slaagvoorvereiste module

V – Voorvereiste module

N – Newevereiste module

In hierdie verband geld die volgende omskrywings:

- 'n **Slaagvoorvereiste module** is 'n module waarin 'n student eers moet slaag alvorens die module(s) waarvoor dit 'n slaagvoorvereiste is, gevolg kan word.
- 'n **Voorvereiste module** is 'n module waarin 'n klaspunt van minstens 40, of 'n prestasiepunt van minstens 40 in die geval van 'n module wat buigsaam geassesseer word, behaal moet word alvorens die studie in die module waarvoor dit 'n voorvereiste is, voortgesit mag word.
- 'n **Newevereiste module** is 'n module wat voor of in dieselfde akademiese jaar gevolg moet word as die module waarvoor dit 'n newevereiste is.

Let wel:

'n Kwalifikasie sal nie toegeken word alvorens 'n student in al die voorgeskrewe voorvereiste en newevereiste modules geslaag het nie.

Departement Algemene Taalwetenskap

Spesiale modules in Algemene Taalwetenskap vir BCom (Internasionale Besigheid)

13351 Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie

312 (12) Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie (4L)

Beginsels van linguistiese kommunikasie, insluitende die algemene aard van taal en kommunikasie, en die funksies en gebruik van taal in verskillende tipes diskoers; Beginsels van interkulturele (linguistiese) kommunikasie, insluitende die taalkundig relevante komponente en funksies van kultuur, en potensiële struikelblokke tot interkulturele kommunikasie; Pragmatiese en sosiolinguistiese aspekte van interkulturele kommunikasie; Algemene en kultuur-spesifieke patrone in die gebruik van taal onder kulture, en die bestuur van kultuur-spesifieke kenmerke van diskoers in interkulturele kommunikasie; Meganika van interkulturele kommunikasie, insluitende die eienskappe van/voorwaardes vir suksesvolle kommunikasie, die eienskappe en oorsake van die mislukking van interkulturele kommunikasie in verskillende soorte taalkundige interaksie, en strategieë vir die vermyding van mislukking en herstel van interkulturele kommunikasie.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Tuisdepartement: Algemene Taalwetenskap

Departement Bedryfsielkunde

10553 Bedryfsielkunde

114 (12) Bedryfsielkunde (3L, 1P)

Die aard van Bedryfsielkunde en die historiese ontwikkeling daarvan in Suid-Afrika; die determinante van werksprestasie en welsyn; die verskillende komponente van en rigtings binne Bedryfsielkunde; die verskillende rolle van Bedryfsielkundiges; en die aard en rol van navorsing binne die vakgebied. Die aard van organisasiegesondheid en welsyn, met verwysing na die determinante daarvan, die bestuur en bevordering daarvan, en die ontwikkeling van positiewe organisasiegedrag. Die rol van werkstres en die hantering daarvan; die bestuur van prestasiedisfunksies; en die bestuur van MIV/Vigs in die werkplek.

Tuisdepartement: Bedryfsielkunde

152 (6) Beroepsielkunde (1.5L, 0.5P)

Terreinafbakening, kernbegrippe en grondslae van die Beroepsielkunde, individuele verskille, ontwikkelingsielkunde. Loopbaanmodelle, loopbaanontwikkeling, loopbaankeuse, organisasietoetredes, vroeë, middel- en laatloopbaanjare, stres, diversiteitsbestuur, entrepreneurloopbane, bestuur- en ondersteuningstelsels.

Tuisdepartement: Bedryfsielkunde

162 (6) Ergonomika (1.5L, 0.5P)

Aard en geskiedenis van Ergonomika, konteks van Ergonomika (algemene omgewingseffekte, wetgewing, bestuur en produktiwiteit, geboude omgewing), biologiese basis van gedrag (die senuweestelsel en die brein), sensasie en persepsie (sintuie, waarneming, bewuste en onbewuste, geheue en aandag), werksomgewing (ruimte en vorm, beligting, geluid en vibrasie, temperatuur, lug en chemies, tyd), verwerking (informasie en riglyne vir ontwerp), inset (vertonings), uitset (aktiwiteite en rusperiodes), handewerk, beheer en gereedskap, stelselwanfunksie (foute, veiligheid en gesondheid), inleiding tot Informasie-ergonomika (kognitiewe kaarte en bruikbaarheid), samevatting.

Tuisdepartement: Bedryfsielkunde

214 (16) Psigometrika (3L, 1P)

Inleiding tot psigometrika, inleiding, oorsig van die wetenskaplike navorsingsproses, implikasies van die Bedryfsielkunde se verbintenis tot die wetenskaplike navorsingsproses. Meting, metingsprosedures en meetinstrumente, sielkundige meetinstrumente, tipes sielkunde-meetinstrumente, sielkundige meetinstrumente en besluitneming. Basiese konsepte in meting en statistiese ontleding, sielkundige meting, evaluasie van sielkundige meetinstrumente, statistiese konsepte. Metingskale, transformasies en norme, transformasies, gelykstelling van skaaltellings, norme, verwagtingstabelle. Betroubaarheid van sielkundige metings, bronne van konsekwentheid en inkonsekwentheid in metings, algemene model van betroubaarheid, eenvoudige metodes om betroubaarheid te beraam, betroubaarheidskoëffisiënte en metingsfout, die veralgemeenbaarheid van toetstellings. Die gebruik en interpretasie van inligting omtrent metingsbetroubaarheid, die gebruik van die betroubaarheidskoëffisiënt, faktore wat betroubaarheid affekteer, spesiale vraagstukke in metingsbetroubaarheid.

Metingsgeldigheid – inhouds- en konstrugeldigheid, tipes geldigheid, die bepaling van metingsgeldigheid, inhoudsgeldigheid, konstrugeldigheid. Metingsgeldigheid – kriterium-verbonde geldigheid, besluitneming en voorspelling, kriteria, interpretasie van geldigheidskoëffisiënte.

Vraagstukke in die meting van vermoë, sydigheid en billikheid in sielkundige meting, kultuurarmmeetinstrumente, oorerwing en beïnvloeding van IK. Sielkundige meting in die bedryf – voorspellervraagstukke, omvang en impak van psigometriese assessering in die bedryf, tipes voorspellers, vergelykende evaluasie van verskillende tipes voorspellers, 'n sosiale en wetlike perspektief op psigometriese assessering. Sielkundige meting in die bedryf – kriteriumvraagstukke, objektiewe en subjektiewe prestasiemetings, keuringsnút.

Tuisdepartement: Bedryfsielkunde

224 (16) Verbruikersgedrag (3L, 1P)

Inleiding tot verbruikersgedrag: diversiteit van verbruikersgedrag, verbruikersnavorsing, marksegmentasie; die verbruiker as individu: verbruikersbehoefes en -motivering, persoonlikheid, waarneming, leer en verbruikersbetrokkenheid, houdings en kommunikasie; die verbruiker in sy sosiale en kulturele omgewing: verwysingsgroepe en familie, sosiale klasse, kultuur, subkultuur en kruiskultuur; verbruikersbesluitnemingsproses: persoonlike invloede en die diffusie van innovasies, verbruikersbesluitneming.

Blootstelling aan die teorie- en praktyktoepassing sal deurlopend geskied, veral ten opsigte van reklame.

Tuisdepartement: Bedryfsielkunde

244 (16) Menslike Hulpbronbestuur (3L, 1P)

Aard van menslike hulpbronbestuur, organisatoriese posisie van die menslike hulpbronbestuursdepartement, menslike hulpbronbestuursdoelwitte en menslike hulpbronbestuursbeleid, wetenskaplike menslike hulpbronbeplanning, posontleding, werwing, keuring, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebeoordeling, basiese vergoeding, poswaardering, aansporingsvergoeding, indirekte vergoeding, arbeidsomset, werksafwesigheid, menslike hulpbronbestuursinligtingstelsels, veiligheid en gesondheid, kapitale investering in mense-materiaal, skiktyd, gehalte van werkslewe en sosiale verantwoordelikheid, uitdagings en brandpunte op menslike hulpbronbestuursgebied, die menslike hulpbronbestuursoudit, rol van menslike hulpbronbestuur in die arbeidsituasie in SA – ’n toekomsblik.

Tuisdepartement: Bedryfsielkunde

314 (12) Arbeidsverhoudinge (2L, 0.5S)

Inleiding en oorsig van studieterrein, ontwikkelingsgeskiedenis van arbeidsverhoudinge, omgewingsinvloede op arbeidsverhoudinge, vakbonde, werkgewers, die Staat, arbeidsverhoudinge in die werksplek (griewe, dissipline en ontslag). Inleiding tot arbeidswetgewing: Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

Newevereiste module: Bedryfsielkunde 244

Tuisdepartement: Bedryfsielkunde

324 (12) Menslike Hulpbronontwikkeling (2L, 0.5S)

Inleiding tot opleiding, onderrig en ontwikkeling, ’n oorsig oor die makrofaktore wat opleiding en ontwikkeling in Suid-Afrika beïnvloed, die nasionale opleidingstrategie van Suid-Afrika. Die bestuur van opleiding in die organisasie: die plek en rol van die opleidingsfunksie in die organisasie, opleidingsmodelle. Die administrasie van opleiding: rekords en informasiestelsels, koste van opleiding en begrotings. Die teoretiese aspekte van leer: basiese beginsels van leer, volwassene-leer, leerstyle. Die bepaling van opleidingsbehoefes: modelle. Programontwerp: formulering van opleidingsdoelwitte, faktore wat die ontwikkeling van ’n onderrigprogram beïnvloed, uitkomsgebaseerde opleiding. Die evaluering van opleiding

Newevereiste module: Bedryfsielkunde 244

Tuisdepartement: Bedryfsielkunde

348 (24) Organisasiesielkunde (4L, 1S)

Individuele gedrag, persepsies, persoonlikheid, houdings, waardes, bestuur van kulturele diversiteit, werksmotivering, gedragsmodifikasie, posontwerp, groeps- en intergroepgedrag, mag en politiek, leierskapteorieë, bestuursontwikkeling, besluitneming en kontrole, kommunikasieproses, organisasieteorie en -ontwerp, organisasiekultuur, organisasieverandering, organisasieontwikkeling.

Tuisdepartement: Bedryfsielkunde

Spesiale modules aangebied deur die Departement Bedryfsielkunde

36846 Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie)

132 (6) Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie) (2L)

Die mens as werknemer; menslike hulpbronbeplanning; werwing, keuring, plasing en induksie; kommunikasie; motivering; leierskap in ondernemings; oorsig oor arbeidsverhoudinge. Hierdie module is ontwikkel vir studente in Arbeidsterapie en hierdie perspektiewe word gevolglik deurlopend toegelig.

Tuisdepartement: Bedryfsielkunde

44776 Bedryfsielkunde (Spesiaal)

244 (12) Bedryfsielkunde (Spesiaal) (3L)

Lesings word gevolg deur BCom (Bestuursrekeningkunde)-studente.

Menslike Hulpbronbestuur: menslikehulpbronbeplanning, werwing, keuring, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebeoordeling, vergoedingsbestuur, arbeidsomset, werksafwesigheid, gesondheid en veiligheid.

Arbeidsverhoudinge: studieterrein, georganiseerde arbeid, rol van werkgewers, arbeidswetgewing.

Organisasiesielkunde: inleiding en oriëntasie, organisasieontwerp, die individu, groepe en spanwerk, motivering, leierskap, organisatoriese doeltreffendheid.

Tuisdepartement: Bedryfsielkunde

354 (12) Bedryfsielkunde (Spesiaal) (2L, 1S)

Menslike hulpbronbestuur: menslike hulpbronbeplanning, werwing, keuring, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebeoordeling, vergoedingsbestuur, arbeidsomset, werkafwesigheid, gesondheid en veiligheid.

Arbeidsverhoudinge: studieterrein, georganiseerde arbeid, rol van werknemers, arbeidswetgewing.

Organisasiesielkunde: inleiding en oriëntasie, organisasie-ontwerp, die individu, groepe en spanwerk, motivering, leierskap, organisatoriese doeltreffendheid.

Tuisdepartement: Bedryfsielkunde

Departement Ekonomie

12084 Ekonomie

114 (12) Ekonomie (3L, 1T)

Die ekonomiese probleem: skaarsheid, prioriteite en geleentheidskoste.

Inleidende mikro-ekonomie: vraag en aanbod en die bepaling van ewewig in goederemarkte, produksie- en kosteteorie, markstrukture en die teorie van die onderneming, markmislukkings en die rol van die owerheid.

Tuisdepartement: Ekonomie

144 (12) Ekonomie (3L, 1T)

Inleidende makro-ekonomie: die teorie van inkome- en produksiebepaling, die buitelandse sektor en monetêre ekonomie. Nasionale rekeninge en makro-ekonomiese data.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie: geskiedenis en kenmerke.

Newevereiste module: Ekonomie 114

Tuisdepartement: Ekonomie

214 (16) Ekonomie (3L, 1T)

Makro-ekonomie: die IS-LM-model, totale vraag en aanbod, inflasie, monetêre skakelingsmeganisme, stabilisasiebeleid.

Mikro-ekonomie: goedere en faktormarkte, vraagteorie, produksie- en kosteteorie, markstrukture en die teorie van die onderneming, welvaartsteorie.

Slaagvoorvereiste modules: Ekonomie 114, 144

Tuisdepartement: Ekonomie

244 (16) Ekonomie (3L, 1T)

Suid-Afrikaanse monetêre beleid. Internasionale handel en finansies: Die teorie van internasionale handel, beperkings op vryhandel, die Wêreldhandelsorganisasie en regionale ekonomiese integrasie, die betalingsbalans, internasionale finansiële markte, aanpassingsmeganismes, beleidsopsies, wisselkoersbepaling, die internasionale monetêre stelsel en Suid-Afrikaanse wisselkoersbeleid.

Slaagvoorvereiste modules: Ekonomie 114, 144

Newevereiste module: Ekonomie 214

Tuisdepartement: Ekonomie

281 (32) Ontwikkelingseconomie (3L, 1T)

Die module bestaan uit twee dele.

Ekonomiese ontwikkeling in historiese perspektief:

Die ekonomiese probleem, die opkoms van die markstelsel, die Industriële Revolusie, die Groot Depressie, moderne kapitalisme, die opkoms en val van sosialisme, globalisering, onderontwikkeling in Afrika en Suid-Afrikaanse ekonomiese ontwikkeling.

Ekonomiese ontwikkeling en beleid:

Vergelykende ekonomiese ontwikkeling, armoede en ongelykheid, bevolkingsgroei, verstedeliking en migrasie, landelike ontwikkeling, onderwys, gesondheid, die omgewing, ekonomiese beleidsvorming en die rol van die mark, owerheid en burgerlike samelewing.

Metode van assessering: Buigsame assessering

Slaagvoorvereiste modules: Ekonomie 114, 144 of 288

Tuisdepartement: Ekonomie

288 (32) Ekonomie (Lettere en Sosiale Wetenskappe) (3L, 1T)

Die werking van 'n gemengde ekonomiese stelsel: Die ekonomiese probleem, doelstellings en metodologie. Die werking van die markmeganisme: vraag, aanbod en prysvorming. Verbruikerskeuse; verskillende mark- en ondernemingsvorme. Die ekonomiese kringloop; makro-ekonomiese beleid. Internasionale handel en finansies; groei en ontwikkeling. Die Suid-Afrikaanse ekonomie: die Suid-Afrikaanse ekonomiese stelsel en sy historiese ontwikkeling. Suid-Afrikaanse ekonomiese instellings; finansiële markte; die arbeidsmark. Makro-ekonomiese beleidvoering, handelsbeleid, regionale integrasie, struktuur- en ontwikkelingsbeleid.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Tuisdepartement: Ekonomie

318 (24) Ekonomie (4L, 1S)

Makro-ekonomie: Ekonomiese groei, konjunktursiklus, monetêre en fiskale beleid. Kwantitatiewe ekonomie: Algemene data-ontleding, wiskundige en ekonometriese tegnieke en inset/uitsetontledings. Inleiding tot spelteorie.

Slaagvoorvereiste module: Ekonomie 214

Vereiste module: Ekonomie 244

Tuisdepartement: Ekonomie

348 (24) Ekonomie (4L, 1S)

Hierdie module is gerig op ekonomiese beleidvoering in 'n ontwikkelende land. Dit dek ekonomiese beleidskriteria, struktuurkenmerke van die Suid-Afrikaanse ekonomie, ekonomiese denke en stelsels, en groei en ontwikkelingsbeleid, waaronder aspekte soos vraag- en aanbodelemente van ekonomiese groei, sektorale en ruimtelike ontwikkeling, inkomsteverdeling en sosiale besteding, mededingingsbeleid, ekonomie van die omgewing, arbeidsbeleid, onderwys en menslike kapitaalvorming en makro-ekonomiese beleidvoering

Slaagvoorvereiste module: Ekonomie 214

Voorvereistes module: Ekonomie 244

Newevereiste module: Ekonomie 318

Tuisdepartement: Ekonomie

388 (24) Ekonomie (2L, 2T)

Inleidende toegepaste ekonometrie: statistiese konsepte, die klassieke lineêre regressiemodel, multikollineariteit, outokorrelasie, heteroskedastisiteit, skynveranderlikes, beraming van regressievergelykings.

Arbeidseconomie en arbeidsekonometrie: Arbeidsmark, vraag en aanbod, demografiese tendense, vakbonde, Suid-Afrikaanse arbeidsmark.

Bestuurseconomie: Wiskundige tegnieke, vraag-, koste- en produksieontledings, prysbepaling, inleiding tot lineêre programmering.

Suid-Afrikaanse ekonomiese vraagstukke.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Slaagvoorvereiste module: Ekonomie 214

Voorvereiste module: Ekonomie 244

Newevereiste module: Ekonomie 318

Tuisdepartement: Ekonomie

381 (24) Institusionele-, Owerheids- en Omgewingseconomie (2L, 2T)

Die module bestaan uit 3 dele: institusionele ekonomie, owerheidseconomie en omgewingseconomie.

Institusionele ekonomie: die rol van formele en informele institusies en die afdwinging daarvan. Die rol van transaksiekoste en die beskerming van eiendomsreg.

Owerheidseconomie: die basismodel van 'n markeconomie; markmislukking; openbare keuse; owerheidsmislukking; belasting; interowerheids- fiskale verhoudings.

Omgewingseconomie: ekonomiese verklarings vir omgewingsbeskadiging; beleidsmaatreëls; toepassing op 'n spesifieke omgewingsaangeleentheid.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Voorvereiste modules: Ekonomie 214, 244 of 281

Tuisdepartement: Ekonomie

Departement Handelsreg

35998 Handelsreg (Handel)

253 (8) Handelsreg (Handel) (3L, 1T)

Basiese beginsels van ondernemingsreg.

Slaagvoorvereiste module: Handelsreg (Rek) 193

Tuisdepartement: Handelsreg

285 (32) Handelsreg (Handel) (3L, 1T)

Bronne van die Suid-Afrikaanse reg en basiese begrippe; verbintenisreg (kontraktereg, deliktereg, verteenwoordiging); insolvensiereg; arbeidsreg; basiese beginsels van ondernemingsreg.

Opmerkings:

Studente wat Handelsreg (Rek) 193 geslaag het skryf nie in vir Handelsreg (Handel) 285 nie, maar wel vir Handelsreg (Handel) 253.

Studente wat Handelsreg (Handel) 283 of Handelsreg (Handel) 284 gesak het sal inskryf vir Handelsreg (Handel) 285 vanaf 2016.

Tuisdepartement: Handelsreg

381 (24) Handelsreg (Handel) (3L)

Die regsbeginnele betreffende maatskappye, beslote korporasies, trusts en vennootskappe.

Slaagvoorvereiste modules:

- Handelsreg (Handel) 253, Handelsreg (Handel) 283, Handelsreg (Handel) 284 of Handelsreg (Handel) 285, elk met 'n prestasiepunt van minstens 60.

Tuisdepartement: Handelsreg

Spesiale module in Handelsreg vir BCom (Internasionale Besigheid)

13352 Regsaspekte van Internasionale Besigheidstransaksies

312 (12) Regsaspekte van Internasionale Besigheidstransaksies (2L)

Hierdie module verskaf 'n algemene inleiding tot die reg vir besigheidstudente met spesifieke klem op die regulering van internasionale besigheidstransaksies. Daar word gefokus op die risiko's van internasionale besigheidstransaksies en hoe dit aangespreek kan word deur die reg. 'n Capita selecta van regsaspekte van toepassing op internasionale besigheidstransaksies sal bespreek word, waaronder regsaspekte van internasionale kontrakte vir die verkoop van goedere; betalingsmetodes in internasionale transaksies; internasionale vervoer van goedere en versekering; internasionale vennootskap-, agentskap- en verspreidingskontrakte; intellektuele eiendomsreg; regsaspekte van e-handel; kompetisiereg; dispuutoplossing; witboordjie misdaad; omgewingsbeskerming; asook arbeids- en menseregte implikasies van internasionale besigheidstransaksies.

Tuisdepartement: Handelsreg

Spesiale Modules in Handelsreg vir BRek Studente

58432 Handelsreg (Rek)

193 (24) Handelsreg (Rek) (3L, 1T)

Bronne van die Suid-Afrikaanse Reg en basiese begrippe; algemene beginsels van kontraktereg, verteenwoordiging; besondere kontrakte (koopkontrak, huurkontrak en kredietooreenkoms); arbeidsreg; insolvensiereg en sekerheidstelling; betalingsinstrumente.

Tuisdepartement: Handelsreg

292 (24) Handelsreg (Rek) (3L)

Die regsbeginsels betreffende maatskappye, beslote korporasies, trusts en vennootskappe.

Voorverereiste module: Handelsreg (Rek) 193

Tuisdepartement: Handelsreg

Departement Inligtingswetenskap

Die inhoud en modulekodes van die vak Informasiestelselbestuur is dieselfde as die vak Sosio-Informatika. Aanvullende inligting is beskikbaar by <http://www.suinformatics.com/>. Die vak val tans in die kategorie van "skaars vaardighede" soos deur die regering gedefinieer.

11852 Informasiestelselbestuur

212 (8) Inleiding tot Sisteemdenke (2L)

Hierdie module ondersoek die geskiedenis, filosofie en metodes van Sisteemdenke. Die module begin met 'n breë oorsig van die kern beginsels van holisme en sisteempraktyk, waarna daar op 'n versameling prominente sisteembenaderings gefokus word.

Tuisdepartement: Inligtingwetenskap

224 (16) Inleiding tot Rekenaarprogrammering (2L, 2P)

Beginsels van rekenaarprogrammering. Vaardigheidsontwikkeling in objek-georiënteerde programmeertale.

Tuisdepartement: Inligtingwetenskap

254 (16) Internettegnologie en -ontwerp (1L, 3P)

Die internet en die wêreldwye web. Argitektuur van hipertekstelsels. Die ontwerp van webwerwe en -portale.

Tuisdepartement: Inligtingwetenskap

262 (8) Elektroniese Besigheid en Regering (1,5L)

Die bestuur van private en publieke organisasies in informasie en kennistegnologiereguleering omgewings.

Tuisdepartement: Inligtingwetenskap

314 (18) Databasisstelsels (3L, 2P)

Databasiskonsepte, -modelle, -ontwerp en -bestuur

Voorvereiste module: Informasiestelselbestuur 224

Tuisdepartement: Inligtingwetenskap

334 (18) Argitektuur van Informasiestelsels in ondernemings (2L, 3P)

Teorie van sagteware- en hardwarestelsels en hulle ontwerp en analise. Kubernetika. Inleiding in modellering en modelleringstale soos UML.

Tuisdepartement: Inligtingwetenskap

354 (18) Informasiesisteme (2L, 3P)

Gevorderde sagtewaretoepassings, waaronder simulاسie en modellering. Integrاسie van voorafgaande modules deur die ontwerp en voorlegging van 'n elementêre eksperimentele sisteem.

Voorvereiste modules:

- Informasiestelselbestuur 254
- Informasiestelselbestuur 314
- Informasiestelselbestuur 334

Tuisdepartement: Inligtingwetenskap

364 (18) Kennisdinamika en Kennisbestuur (3L, 1P)

Kennistegnologie en Kennisgebaseerde sisteme, Kunsmatige Intelligensie en Kennisdinamika in komplekse organisasies.

Tuisdepartement: Inligtingwetenskap

Departement Landbou-ekonomie

15504 Landbou-ekonomie

234 (16) Suid-Afrikaanse landbou (6L)

Oorsig oor die struktuur van die landboubedryf m.b.t. produksie-aktiwiteite en hulpbrongebruik; ontleding van die landbou se plek in die volkshuishouding; die institusionele raamwerk vir landbou; die internasionale konteks. Historiese verloop van landboubeleid; landboubemarking en pryse.

Tuisdepartement: Landbou-ekonomie

242 (8) Landbouproduksie-ekonomie en finansiële ontledingsmetodiek (2L, 1T)

Produksieverwantskappe; optimalisering by faktor-produk-, faktor-faktor- en produk-produk-verwantskappe; kosteverwantskappe; inkomste-, koste- en marge-begrippe in boerdery; kosteberekening; ekonomiese en finansiële maatstawwe; begrotings.

Voorvereiste module: Ekonomie 114

Newevereiste module: Landbou-ekonomie 234

Tuisdepartement: Landbou-ekonomie

262 (8) Die ekonomie van landbouhulpbronne (3L)

Basiese begrippe; faktore wat die vraag, aanbod en waarde van natuurlike hulpbronne beïnvloed; hulpbronne en tegnologie; die invloed van ligging op grondgebruik; bedryfspesifieke faktore.

Tuisdepartement: Landbou-ekonomie

314 (16) Boerderybestuur (4L, 2T)

Benaderings tot bestuurswese; entrepreneurskap; strategiese en operasionele besluitneming; bestuursfunksies; bestuursinligting en stelsels; kapitaalbehoefte van 'n boerdery-onderneming en landboukredietbronne; finansieringsbeleid. Ontleding van probleme met betrekking tot boedelbeplanning, erfopvolging en belasting (kapitaaloordrag- sowel as inkomstebelasting) in die landbou. Die kommunikasieproses, kommunikasiekanale.

Voorvereiste module: Landbou-ekonomie 242

Tuisdepartement: Landbou-ekonomie

334 (16) Landbou- en voedselbemarking (3L, 3P)

Hierdie module is ontwerp om 'n omvattende en gebalanseerde benadering tot voedselbemarkingstelsels bekend te stel. Dit versmelt bemarkings- en ekonomiese teorie met werklike analitiese gereedskap om sodoende studente te help om die voedselstelsel beter te verstaan en om winsgewende bemarkingsbesluite te neem.

Tuisdepartement: Landbou-ekonomie

354 (16) Landboubeleid in die Suid-Afrikaanse konteks (3L)

Studie van prioriteit-beleidsaangeleenthede vir die Suid-Afrikaanse landbou: die invloed op Suid-Afrika van die Ooreenkoms oor Landbou en daaropvolgende pogings om internasionale handel in landbouprodukte te orden; veranderinge in die struktuur van voedselvoorsieningskettings en die globalisering van voedselhandel; SEB en transformasie in die Suid-Afrikaanse landbou; die skakeleffekte van landbou na die res van die ekonomie.

Tuisdepartement: Landbou-ekonomie

364 (16) Boerderybesluitneming en -beplanning (4L, 2T)

Kreatiewe probleemoplossing; raamwerk vir boerderybesluitnemingsontleding; inligtingsverwerking en menslike oordeel; benaderings tot besluitneming onder toestande van risiko en onsekerheid; hulpmiddels en tegnieke by boerderybesluitneming en -beplanning; toepassings van lineêre programmering; tekortkominge van lineêre programmering en bekendstelling van ander programmeringstegnieke; gevallestudies.

Voorvereiste module: Landbou-ekonomie 242

Tuisdepartement: Landbou-ekonomie

Departement Logistiek

13350 Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels

144 (12) Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels (3L, 1P)

Inleiding tot die unieke doel van die vervoerstelsel; die komponente binne die sisteem; die ekonomiese impak en bydrae van die vervoerstelsel; die organisering en regulering van vervoer; konsepte van vraag en aanbod; en vervoer vanuit 'n bestuursperspektief.

Die bestek van produkvoorsieningskettings; aspekte van nut- en waardeskepping; aspekte van materiaalbestuur, met inbegrip van grondstof- en voorraadverkryging; aspekte van produksie- en operasionele bestuur; aspekte van fisiese distribusiebestuur; voldoening aan kliëntevereistes t.o.v. produkvoorsiening en -aflewering.

Voorvereiste module: Ondernemingsbestuur 113

Tuisdepartement: Logistiek

58351 Kwantitatiewe Bestuur

214 (16) Kwantitatiewe Bestuur (3L, 2T)

Netwerke: Definiëring, ontwikkeling en toetsing van kwantitatiewe modelle. Netwerkoptimering (minimum spanbome, kortste en langste afstande, maksimum vloei en minimumkostes-netwerkvloei). Projekskedulering (PERT en CPM). Inleidende roetebeplanning (handelsreisiger- en posbodeprobleem). Plasing van fasiliteite (mediaanprobleme, senterprobleme en probleme met voorvereistes). Oplossings met behulp van toepaslike programmatuur.

Slaagvoorvereiste modules:

- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 of
- Statistiese Metodes 176 met prestasiepunt bo 60%
(Geen modules van Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie saam met enige Operasionele Navorsing modules geneem word nie)

Tuisdepartement: Logistiek

244 (16) Kwantitatiewe Bestuur (3L, 2T)

Inleiding tot Optimering en Modelling: Lineêre programmering (hersiening, grafiese metode, simpleksalgoritme, dualiteit en sensitiviteit). Modelling met lineêre programmering. Transportasie (modellering, transportasie-simpleksalgoritme). Deterministiese voorraadbeheer (ABC-analise, ekonomiese bestelhoeveelheid, grootmaatafslag, nie-nul-afleweringstye, kontinue produksiemodelle, oorsaakbestellings). Oplossings met behulp van toepaslike programmatuur.

Slaagvoorvereiste modules:

- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 of
- Statistiese Metodes 176 met prestasiepunt bo 60%
- Kwantitatiewe Bestuur 214 (Geen Kwantitatiewe Bestuur-modules mag in kombinasie saam met enige Operasionele Navorsing-modules geneem word nie.)

Tuisdepartement: Logistiek

318 (24) Kwantitatiewe Bestuur (4L, 2T)

Optimering: Heeltallige programmering (modellering van 0-1, heeltallige en gemengde heeltallige probleme en vertak-en-begrensmetode). Nie-lineêre programmeringsprobleme. Toewysings- en deurvoerprobleme. Doelwitprogrammering. Dinamiese programmering (formulering en oplossing met behulp van netwerke).

Besluitneming: Besluitnemingsanalise (basiese konsepte, risiko en onsekerheid, multikriterium-besluitnemingsanalise, gelykbreekanalise, grenskoste-ontledings, beslissingsbome, nutsteorie, sensitiviteitsanalise). Speleteorie. Finansiële en ekonomiese investeringsbeplanning (beginsels van renteberekening, nominale en effektiewe rente, evalueringsmetodes en keusemaatstawwe, vervangingsbesluite). Beslissingsbome en lineêre programmeringsmodelle in finansiële besluitneming.

Slaagvoorvereiste modules:

- Kwantitatiewe Bestuur 214, 244
- Renterekening 152 (Geen modules van Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie saam met enige Operasionele Navorsing modules geneem word nie)

Tuisdepartement: Logistiek

348 (24) Kwantitatiewe Bestuur (4L, 2T)

Produksie- en Stogastiese Modelling

Produksiemodelling: Inleidende vooruitskating (hersiening van Holt en Winter se metodes, lineêre regressie). Rekenaartoepassings van vooruitskating. Kwaliteitsbeheer (sentrale limietstelling, betroubaarheidsintervalle, kontrolekaarte). Toepassings uit die vervaardiging- en dienstesektor. Produksieskedulering. Voorsieningskettinkoördinerings, MRP, JIT. Oplossings met behulp van toepaslike programmatuur.

Stogastiese Modelling: Markov-analise (toestande, oorgangmatrikse en stabiele toestande). Toustaanteorie (modellering van aankoms- en diensprosesse, geboorte-sterfte-prosesse, enkel-en-meerbedienertoue, eindige populasie, konstante dienstye). Simulasie (kansgetalle, Monte Carlo-

simulasie, diskrete gebeurtenissimulasie, analise van simulasie-afvoer). Simulasie van voorraadmodelle en toustaanprobleme. Toepassings met sigblaai en simul8.

Slaagvoorvereiste module:

- Kwantitatiewe Bestuur 214, 244 (Geen modules van Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie saam met enige Operasionele Navorsing modules geneem word nie)

Tuisdepartement: Logistiek

50407 Logistieke Bestuur

214 (16) Logistieke Bestuur (3L, 1P)

Inleiding tot Logistieke Bestuur: Die rol van logistiek in die onderneming, die elemente van logistiek, geïntegreerde logistieke bestuur, organisasie vir doeltreffende logistiek, internasionale logistiek, nuwe tendense.

Vraagbestuur: Balansering van vraag en aanbod, vooruitskatting van vraag, volvoeringsmodelle.

Bestellingsbestuur en Kliëntediens: Bestellingsbestuur, kliëntediens en - verhoudingsbestuur.

Voorraad in voorsieningskettings: rol van voorraad in die ekonomie en organisasies, voorraadkoste, benaderings tot voorraadbestuur, klassifikasie van voorraad.

Voorvereiste module: Ondernemingsbestuur 113

Tuisdepartement: Logistiek

244 (16) Logistieke Bestuur (3L, 1P)

Verkrygingsbestuur / Aankope: Impak op firma se finansies; progressie van taktiese na strategiese rol; kruisfunksionele impak en proses; aankopesiklus.

Portefeulje van verhoudings: Takties; samewerkend; strategiese alliansie; logistieke verhoudings; 3PL-bedryfsoorsig.

Verkryging van materiaal en dienste: Bestuur van aankope; strategiese verkryging; globale verkryging; uitkontraktering; totale koste van eienaarskap (TCO); onderhandeling.

Produksie van goedere en dienste: Rol van produksiebedrywighe in die voorsieningsketting; bedryfstrategie en beplanning; besluite in produksie; produksietegnologie.

Vervoer: Rol van vervoer; uitdagings in vervoer; vervoermodus; vervoerbeplanning en strategie; uitvoering en beheer; vervoertegnologie; voertuigkosteberekening en vlootbestuur.

Distribusie: Rol van distribusie; distribusiebeplanning en strategie; distribusie- uitvoering; distribusie-tegnologie.

Slaagvoorvereiste modules:

- Ondernemingsbestuur 113
- Logistieke Bestuur 214

Tuisdepartement: Logistiek

314 (12) Logistieke Bestuur (2L)

’n Onderneming se strategie vorm die basis van ’n voorsieningskettingstrategie. Dit gee ’n aanduiding van hoe die voorsieningsketting opgestel en bedryf moet word ten einde op ’n nasionale/internasionale vlak te kompeteer. Kapasiteit moet vroegtydig gevestig word voor die aanvraag na produkte ontstaan en logistieke koste moet verlaag word deur gesamentlike inisiatiewe op ’n geskikte nasionale, bedryfs- en besigheidsvlak. Om in die toekoms suksesvol te wees, moet voorsieningsketting- en besigheidstrategieë (spesifiek verkope, bemaking en bedryf, maar ook die ander ondersteunende funksies soos finansies) ’n geïntegreerde ontwerp weerspieël. Die bereiking van volle belyning tussen ’n organisasie se strategiese doelwitte en sy voorsieningskettingstrategie bly egter ’n groot uitdaging. Belyning met die ekonomiese, sosiale, tegniese, omgewings- en regulatoriese vereistes word ’n al hoe groter uitdaging.

Onderwerpe wat gedek word: Voorsieningskettingstrategie, strategiese voorsieningskettinghulp-bronvereistes, voorsieningskettingstrategie- implementering, veranderingsbestuur, belangegroepbestuur, geïntegreerde maatstawwe/metings, logistiek en die omgewing, voorsieningskettingvolhoubaarheidsraamwerk, terugwaartse logistieke sisteme, terugwaartse vloei, geslote-lus-voorsieningskettings, kliëntterugsendings, omgewingsuitdagings en tegnologiese toepasings om terugwaartse vloei te verbeter.

Slaagvoorvereiste modules:

- Logistieke Bestuur 214, 244
- Statistiese Metodes 176 of
- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 (Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)

Voorvereiste modules: Ekonomie 114, 144

Tuisdepartement: Logistiek

324 (12) Logistieke Bestuur (2L)

Voorsieningskettingtegnologie en inligtingsvloei:

Rol van inligting en data in die voorsieningsketting; die implementering en gebruik van programmatuur en tegnologie in die voorsieningsketting.

Voorsieningskettingnetwerkanalise en -ontwerp: Netwerkontwerp as deel van voorsieningskettingbeplanning; voorsieningsketting-/logistieke netwerkontwerp; benaderings tot modellering.

Logistieke prestasie-meting en finansiële analise:

Prestasie-meting; logistieke/voorsieningskettingprestasiemaatstawwe; normbepaling (“benchmarking”) van die voorsieningsketting; impak van logistiek op finansiële prestasie.

Slaagvoorvereiste modules:

- Logistieke Bestuur 214, 244
- Statistiese Metodes 176 of
- Statistiek 186 of

- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 (Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)
- Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)

Voorvereiste module:

- Ekonomie 114, 144

Tuisdepartement: Logistiek

344 (12) Logistieke Bestuur (2L, 1P)

Logistieke ontleding: Vir beide funksionele en integreerende uitnemendheid kan 'n verskeidenheid analitiese tegnieke en ondersteuningstegnologieë aangewend word om besluite oor die kort-, medium- en langer termyn te ondersteun. Analitiese tegnieke (beskrywend en normatief) en die aanwending van tegnologie (transaksioneel teenoor analities) vorm 'n integrale deel van die ondersteuning wat besluitnemers vereis.

Slaagvoorvereiste modules:

- Logistieke Bestuur 214, 244
- Statistiese Metodes 176 of
- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 (Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)
- Logistieke Bestuur 314, 324 (Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)

Voorvereiste modules:

- Ekonomie 114, 144

Tuisdepartement: Logistiek

354 (12) Logistieke Bestuur (2L)

Logistieke navorsing: Omskrywing van die logistieke probleem; navorsingsontwerp; verkennende navorsingsontwerp vir sekondêre data en kwalitatiewe navorsing; opnames en waarnemings as deel van beskrywende navorsing; meting van persepsies; ontwerp van die vraelys; monsterneming; veldwerk en datavoorbereiding; formulering van hipoteses (indien nodig) en basiese statistiese toetse.

Slaagvoorvereiste module:

- Logistieke Bestuur 214, 244
- Statistiese Metodes 176 of
- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 (Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)
- Logistieke Bestuur 314, 324 (Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)

Tuisdepartement: Logistiek

55336 Operasionele Navorsing

214 (16) Netwerkoptimering (3L, 3P)

Inleiding tot netwerkmodellering. Heuristieke teenoor eksakte metodes, samehangendheid van gerigte en ongerigte netwerke, kortste paaie (algoritmes van Dijkstra en Floyd), langste paaie (projekskedulering), kortste spanbome (algoritmes van Kruskal en Prim), liggingsprobleme (veralgemeende senters en mediane), maksimale vloei-probleme. Toepassings met behulp van toepaslike programmatuur.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Slaagvoorvereiste module:

- Wiskunde 114, 144 (Geen modules in Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie met enige modules in Operasionele Navorsing geneem word nie.)

Tuisdepartement: Logistiek

244 (16) Lineêre Programmering (3L, 3P)

Modellering met lineêre programmering (LP). Geometrie van LP, eienskappe van oplossings, fundamentele stelling van LP, simpleksalgoritme, groot M- en tweefase-metode, sensitiwiteitsanalise, dualiteit en aanvullende spelning, matrikspele, spesiale gevalle van die simpleksalgoritme (vervoer, deurvoer, toewysing en minimale kostevloei). Toepassings met behulp van toepaslike programmatuur.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Slaagvoorvereiste module:

- Wiskunde 114, 144 (Geen modules in Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie met enige modules in Operasionele Navorsing geneem word nie.)

Tuisdepartement: Logistiek

314 (16) Kombinatoriese Optimering (3L, 3P)

Binêre en heeltallige programmering (vertak-en-begrensmetodes, snitvlakmetodes), heuristieke (n -Opt prosedures). Toepassings in toewysingsprobleme, kleuringsprobleme, oordekingsprobleme en dominasieprobleme, Hamilton-grafieke (die handelsreisigersprobleem). Knapsakprobleme. Toepassings met behulp van toepaslike programmatuur.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Voorvereiste module:

- Operasionele Navorsing 214, 244 (Geen modules vir Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie met enige modules vir Operasionele Navorsing geneem word nie.)

Tuisdepartement: Logistiek

326 (16) Metodes van Operasionele Navorsing (3L, 3P)

Probleemstrukturering en -modellering, voorkeurmodellering (nutsteorie, rangordes, relatiewe belangrikheid van kriteria), paarsgewyse vergelyking van alternatiewe, daarstelling van gewigte vir kriteria, sensitiwiteit en robuustheid van oplossings, die AHP. Beslissingsbome. Vooruitskatting. Voorraadbeheer (deterministiese modelle). Toepassings met behulp van toepaslike programmatuur.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Voorvereiste module:

- Operasionele Navorsing 244 (Geen modules in Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie met enige modules in Operasionele Navorsing geneem word nie.)

Tuisdepartement: Logistiek

344 (16) Optimering (3L, 3P)

Dinamiese programmering. Inleiding tot optimering en funksies in R^n , onbepaalde optimering (soekmetodes en gradiëntmetodes), beperkte optimering (Lagrange-vermenigvuldigers, kwadratiese programmering, skeibare optimering). Doelwitprogrammering. Toepassings met behulp van toepaslike programmatuur.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Voorvereiste module:

- Operasionele Navorsing 244 (Geen modules vir Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie met enige modules vir Operasionele Navorsing geneem word nie.)

Tuisdepartement: Logistiek

354 (16) Stogastiese Metodes van Operasionele Navorsing (3L, 3P)

Toustaantoor (modellering van aankoms- en diensprosesse, geboorte-sterfteprosesse, enkel- en meerbedienertou, eindige populasie, konstante dienste, oop tounetwerke, prioriteite, chi-kwadraattoets), Markov-analise, simulatie (kansgetalle, kontinue kansveranderlikes, Monte Carlo-simulasie, diskrete kansgebeurtenis-simulasie, analise van afvoer). Stogastiese dinamiese programmering. Toepassings met behulp van toepaslike programmatuur.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Slaagvoorvereistes modules:

- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 (Geen modules vir Kwantitatiewe Bestuur mag in kombinasie met enige modules vir Operasionele Navorsing geneem word nie.)

Tuisdepartement: Logistiek

51993 Projekbestuur

314 (24) Projekbestuur (3L)

Projeklewensiklus, -beplanning, -organisasie (skedulering, hulpbrontoewysing en kostebestuur) en beheer. Gehaltebestuur, risiko, kommunikasie, menslikehulpbronspekte en projekkontrakbestuur.

(Hierdie module kan slegs deur finalejaarstudente gevolg word.)

Tuisdepartement: Logistiek

21008 Vervoereconomie

214 (16) Vervoereconomie (3L)

Inleiding tot Vervoereconomie: Rol en funksies van vervoer; aard van die vervoervraag; ekonomiese, fisiese en dienskenmerke van pad-, spoor-, see- en lugvervoer asook pyleidings in vervoervoorsiening; kostebegrippe en -vraagstukke by verskillende modusse van vervoer; ekonomiese doeltreffendheid in die vervoermark; vervoerbeleid en wetgewing; analitiese tegnieke om prestasie in vervoer te meet.

Slaagvoorvereiste modules: Ekonomie 114, 144

Tuisdepartement: Logistiek

244 (16) Vervoereconomie (3L)

Inleiding tot Stedelike Vervoereconomie en die ekonomie van grondgebruik: ekonomiese kenmerke van stedelike vervoervoorsiening; invloed van vervoerkoste op grondgebruik, grondpryse, produkpryse en nywerheidsvestiging; verband tussen vervoereconomie en die ekonomie van grondgebruik; stedelike vervoerprobleme en oplossings; stedelike vervoerbeplanning; stedelike vervoerstelsels en kostestruktuur van stedelike vervoermodusse; tariefbepaling in die openbare vervoersektor, insluitende die subsidiëring van passasiersvervoer; mededinging en regulering in die passasiersvervoerbedryf; stedelike vervoerbeleid en wetgewing in Suid-Afrika.

Voorvereiste module: Vervoereconomie 214

Slaagvoorvereiste modules: Ekonomie 114, 144

Tuisdepartement: Logistiek

318 (24) Vervoereconomie (4L)

Padvervoerstelselontleding en -modellering, insluitende vraagontleding en vooruitskatting van goedere- en passasiersvervoerbehoefes. Infrastruktuurbeplanning, evaluering en -voorsiening. Berekening, toewysing en verhaling van infrastruktuurkoste. Verband tussen vervoer en ekonomiese ontwikkeling. Bepaling van gebruikers- en niegebruikersvoordele en -koste. Impak van vervoerinvestering op inkomsteverdeling. Aspekte van die ekonomie van grondgebruik en die impak op vervoerstelsels.

Slaagvoorvereiste modules:

- Statistiese Metodes 176 of
- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 of
- Wiskunde 114, 144
- Vervoerekonomie 214, 244

Tuisdepartement: Logistiek

348 (24) Vervoerekonomie (4L)

Modale koste- en markstrukture vir skeepvaart, lug- en pyplynvervoer. Vervoertariefbepaling vir skeepvaart, lug- en pyplynvervoer en vooruitskatting van vraag na vervoer. Owerheidsbelang in en regulering van vervoerinfrastruktuur en werksaamhede in skeepvaart, lugvaart, spoorvervoer en pypleiding. Owerheidsvervoerbeplanning en beleidsanalise.

Slaagvoorvereiste modules:

- Statistiese Metodes 176 of
- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144 of
- Wiskunde 114, 144
- Vervoerekonomie 214, 244

Tuisdepartement: Logistiek

Departement Ondernemingsbestuur

55344 Beleggingsbestuur

254 (16) Inleiding tot Beleggingsteorie (3L, 1P)

Portefeuljeteorie en bestuur; verband tussen risiko en opbrengs; hipotese van doeltreffende mark; waardasie en risiko-eienskappe van vaste rentedraende effekte; beoordeling van aandelebeleggings; eienskappe van afgeleide instrumente; strategieë vir die gebruik van afgeleide instrumente; waardasie van opsies en termynkontrakte; meting en evaluasie van portefeulje-opbrengste.

Newevereiste module:

- Ondernemingsbestuur 113

Voorvereiste modules:

- Ondernemingsbestuur 142
- Ondernemingsbestuur 142
- Statistiese Metodes 176 of
- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

314 (12) Aandele-ontleding en Portefeuljebestuur (1.5L, 0.5P)

Teorie van waardasie; waardasie Modelle en tegnieke; praktiese implementering van waardasie Modelle; waardasie-veranderlikes; aandele markontleding; sektorontleding; maatskappy-ontleding en aandele-seleksie; tegniese ontleding; aandeleportefeulje-bestuurstrategieë.

Voorvereiste module:

- Beleggingsbestuur 254

Slaagvoorvereiste modules:

- Statistiese Metodes 176 met 65% of
- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

324 (12) Vaste Rentedraende Effekte (1.5L, 0.5P)

Verhandeling van vaste rentedraende effekte; pryssensitiwiteit; vaste rentedraende effekte in gestruktureerde portefeuljes; indeksering; laste-befondsing; kredietrisiko in maatskappy-effekte; kredietrisiko in internasionale staatseffekte; opsies vervat in vaste rentedraende effekte; sekurering; vooruitbetalings by verbande; aktiewe portefeuljebestuur; ekonomiese analise en die bestuur van vaste rentedraende effekte.

Voorvereiste module:

- Beleggingsbestuur 254

Slaagvoorvereiste modules:

- Statistiese Metodes 176 met 65% of
- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

344 (12) Afgeleide Finansiële Instrumente en Alternatiewe Beleggings (1.5L, 0.5P)

Blootstelling aan en hantering van finansiële risiko; die risikobestuursproses; die verskansingskonsep; die funksies van die tesourie en die bestuur van verhandelbare waarde; eienskappe van afgeleide finansiële instrumente; strategieë vir die gebruik van afgeleide finansiële instrumente; waardasie van opsies en termynkontrakte; basiese arbitrasie strategieë met opsies en termynkontrakte; ruiltransaksies en vooruitkoersoreenkoms; alternatiewe beleggings.

Voorvereiste module:

- Beleggingsbestuur 254

Slaagvoorvoorvereistes modules:

- Statistiese Metodes 176 met 65% of
- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

348 (12) Eiendomsbelegging en -finansiering (4L)

Inleiding tot die aard en omvang van vaste eiendom; eiendomsmarkte en tendense; regsaspekte; finansiële en beleggingsanalise ten opsigte van die verkryging, besit en verkoop van vaste eiendom; die rol en invloed van kapitaalwinstbelasting; markwaardasietodes; verskillende soorte eiendomsbelegging en finansieringsinstrumente in die eiendomsmark.

Newevereiste modules:

- Finansiële Bestuur 214 of
- Finansiële Rekeningkunde 178 of 188

Slaagvoorvereiste module:

- Statistiese Metodes 176 met 65% of
- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

354 (12) Internasionale Beleggingsomgewing (4L, 1P)

Die internasionale beleggingsomgewing: organisasie en funksionering van internasionale beleggingsmarkte; internasionale beleggingsindekse; risiko en opbrengs van internasionale beleggings; voor- en nadele van internasionale diversifisering; transaksiekoste in internasionale beleggingsmarkte; beleggingsontleding in internasionale markte; belegging in ontluikende markte. Beleggingsetiek: etiese kode en professionele standaard van die CFA-instituut; verpligting van beleggingspraktisyns teenoor die professie, werkgewers, kliënte, moontlike kliënte en die breë publiek; rapportering van historiese beleggingsopbrengste; verantwoordelike risikoneming; risikobeheer.

Newevereiste module:

- Beleggingsbestuur 254

Slaagvoorvereiste modules:

- Statistiese Metodes 176 met 65% of
- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

23795 Bemerkingsbestuur

214 (16) Bemerkingsbestuur (3L, 1P)

Moderne bemerkingsdinamika in ondernemings en die gemeenskap; bemerking en die waardeskeppingsproses; verbruikerstevredenheid deur kwaliteit en diens; strategiese bemerkingsbeplanning; ontleding van die bemerkingsomgewing; bemerkingsinligting en -navorsing; ontleding van verbruikersmarkte en ander tipes markte; meting en vooruitskatting van die vraag; marksegmentering en doelmarkeuse; produkbesluite; prysbesluite; kanaalbesluite en plekstrategie; kommunikasiebesluite; direkte bemerking en verkoopspromosiebesluite.

Newevereiste modules:

- Ondernemingsbestuur 113
- Finansiële Bestuur 214 of
- Finansiële Rekeningkunde 278 of 288 of
- Biometrie 212

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

244 (16) Reklame- en promosiebestuur (3L, 1P)

Bemarkingskommunikasie, reklame en die bemarkingsproses; die verbruikersgehoor; bemarkingskommunikasienavorsing; werking van bemarkingskommunikasie; bemarkingskommunikasiebeplanning en strategie in tradisionele en digitale omgewings; media; mediabeplanning en -aankope; tradisionele, nuwe en digitale media; beplanning en uitvoering van kreatiewe reklameaspekte; integrasie van die elemente van bemarkingskommunikasie.

Voorvereiste module: Bemarkingsbestuur 214

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

314 (12) Kleinhandelbestuur (2L)

Kleinhandelstrategie en die kleinhandelmengsel; vestigingsbesluite; handelswarebesluite; prysbesluite; kommunikasiebesluite; verbruikersdienste en -inligting; tegnologie en stelsels; vergunningssooreenkomste.

Voorvereiste module: Bemarkingsbestuur 214

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

324 (12) Dienstebestuur (2L)

Unieke eienskappe van dienste; aard en proses van dienslewering; verskille tussen produk- en diensevaluerings; ontwikkeling, kommunikasie en lewering van dienste; diensgehalte en die meting daarvan; die rol van diensverskaffers en die diensleweringomgewing; implementering van dienstebemarkingstrategieë.

Voorvereiste module: Bemarkingsbestuur 214

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

344 (12) Bemarkingsnavorsing (2L)

Omskrywing van die bemarkingsprobleem; navorsingsontwerp; ontginnende navorsingsontwerp vir sekondêre data en kwalitatiewe navorsing; opnames en waarnemings as deel van beskrywende navorsingsontwerp; meting van persepsies; vraelysontwerp; steekproefneming; veldwerk en datavoorbereiding; formulering van hipoteses en basiese statistiese toetse.

Voorvereiste modules:

- Bemarkingsbestuur 214, 244
- Statistiese Metodes 176 of

- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

354 (12) Strategiese Bemaking (2L)

Rol en toepassing van bemaking in verskillende instansies en toestande; onderneming- en bemakingstrategie; mededingende bemakingstrategieë; internasionale bemakingstrategieë; die bemakingstelsel; verbruikersmarkte en koopgedrag; institusionele markte en koopgedrag; bemakingsbeplanningsprosesse; bemakingskontrole.

Voorvereiste modules: Bemakingsbestuur 214, 244

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

11286 Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid

314 (12) Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid (2L)

Raamwerke vir die beplanning en evaluering van die optrede van individue en organisasies in die konteks van volhoubare en sosiaal verantwoordelike aktiwiteite. Belangrike temas wat behandel word sluit in: Inleiding tot die konsepte sake-etiek en Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid (KSV); Die strategiese bestuur van verhoudinge met belanghebbendes; Vrywillige en regulatoriese invloede op KSV; KSV in 'n globale konteks; Bestuursimplikasies van spesifieke Suid-Afrikaanse KSV kwessies; Die strategiese benadering tot die bestuur van sosiaal verantwoordelike gedrag in organisasies. Integrasie van sosiaal verantwoordelike gedrag in ander bestuursdissiplines, byvoorbeeld bemaking, innovasie, finansies en beleggings.

Voorvereiste module: Ondernemingsbestuur 113

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

58335 Entrepreneurskap en Innovasiebestuur

214 (16) Inleiding tot Entrepreneurskap (4L)

Inleiding tot die wêreld van entrepreneurskap in Suid-Afrika; drywers van entrepreneurskap; inleiding tot die identifisering van geleenthede en die ontwikkeling van idees; die ontleding van die entrepreneuriese proses; lewensvatbaarheidontledings; die bou van 'n nuwe ondernemingspan; assessering van die finansiële krag en uitvoerbaarheid van 'n nuwe onderneming; etiek en wetlike oorwegings; die finansieringsproses; die belangrikheid van intellektuele eiendom; die belangrikheid van groei; groei-strategieë; die koop van 'n bestaande besigheid.

Nuwevereiste module: Ondernemingsbestuur 113

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

244 (16) Kleinsakebestuur (4L)

Kleinsake-ontwikkeling en die aard en omvang daarvan in Suid-Afrika; belangrike rol van KMMO's in die Suid-Afrikaanse ekonomie; bestuur van entrepreneuriese geleenthede; kleinsakebemarkingsbestuur, aankopebestuur, vervaardigingsbestuur en finansiële bestuur; alternatiewe roetes tot entrepreneurskap; finansiering van geleenthede in die markomgewing; die bestuur van die groei van die kleinsake-onderneming; wetlike vereistes waaraan die kleinsake-onderneming moet voldoen; e-besigheid en die entrepreneur; die samestelling van die sakeplan met die fokus op die uitleg; verskillende elemente van die plan, balansstaat, inkomstestaat en kontantvloestaat; breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging en geleenthede vir KMMO's.

Newevereiste module: Ondernemingsbestuur 113

Voorvereiste modules: Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

318 (24) Kreatiwiteit en Innovasiebestuur (4L)

Die belangrikheid van tegnologiese innovasie; bronne van innovasie: kreatiwiteit en organisatoriese kreatiwiteit; omskakeling van kreatiwiteit in innovasie; tipes en patrone van innovasie; die stryd om standaarde en ontwerpdominerings; tydsbepaling van intrede; innovasie-strategieë; die beskerming van innovasie; inleiding tot die proses van nuweprodukontwikkeling.

Voorvereiste module: Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214 of 244

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

348 (24) Strategiese en Korporatiewe Entrepreneurskap (Intrapreneurskap) (4L)

Dryfkragte in die “nuwe” ekonomie wat korporatiewe entrepreneurskap noodsaak; verband tussen entrepreneurskap en strategiese bestuur; 'n raamwerk vir entrepreneuriese strategie; die rol van entrepreneurskap in groot maatskappye en 'n ontleding van die verskille tussen entrepreneurskap en intrapreneurskap; faktore wat intrapreneurskap fasiliteer en benadeel; die ontwikkeling van 'n raamwerk vir die implementering van korporatiewe entrepreneurskap in Suid-Afrikaanse maatskappye; entrepreneuriese leierskap; die verband tussen korporatiewe entrepreneurskap en prestasie.

Voorvereiste modules: Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214 of 244

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

51047 Finansiële Bestuur

214 (16) Inleiding tot Finansiële Bestuur (3L, 1P)

Samestelling van die staat van finansiële posisie, die staat van wins of verlies en die staat van kontantvloei; die meting en beoordeling van finansiële prestasie met verwysing na winsgewendheids-, likiditeits- en solvabiliteitsanalise; gevallestudies oor finansiële ontleding; inleiding tot die investeringsbesluit; die finansieringsbesluit; finansieringsbronne; die dividendbesluit; finansiële beplanning en die bestuur van bedryfsbates, met spesiale verwysing na

kontant-, handelsdebiteure- en voorraadbeheer; finansiële mislukkings; internasionale finansiële bestuur.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Newevereiste modules:

- Ondernemingsbestuur 113, 142 of
- Wiskunde 114 of
- Wiskunde (Bio) 124

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

244 (16) Korporatiewe Finansiële Bestuur (3L, 1P)

Die evaluering en interpretasie van korporatiewe finansiële prestasie met behulp van omvattende verhoudingsgetalontledings; die omvattende ontleding van die staat van kontantvloei; basiese aandeel- en skuldbrief-waardasie; bespreking van die effek van dividendbeleid op korporatiewe waardasies; die effek van finansieringsbeleid op 'n firma se waarde; evaluering van bedryfskapitaalbestuur met behulp van die kontantomskeppingsiklus.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Newevereiste module: Finansiële Bestuur 214

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

314 (12) Finansiële Beplanning en Beheer (2L)

Standaardisasie van gepubliseerde finansiële state; herklassifisering van items uit finansiële state vir bestuursbesluitneming; toepassing van finansiële beplanningsproses met behulp van finansiële vooruitskatting; berekening van die volhoubare groeikoers; beraming van 'n optimale kapitaalstruktuur; die toepassing van vrye kontantvloei-waardasies; die invloed van inflasie op finansiële jaarstate.

Newevereiste modules:

- Finansiële Bestuur 214, 244 of
- Beleggingsbestuur 254

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

332 (12) Kapitaalinvesterings (2L)

Toepassing van die volgende finansiële seleksiemaatstawwe op groot kapitaalprojekte: terugverdienperiodemetode, metode van die ekwivalente uniforme jaarlikse koste, metode van die netto teenswoordige waarde en die interne-rentabiliteitsmetode; die invloed van inflasie by die beoordeling van investeringsprojekte en die berekening van die koste van kapitaal; prioriteitsbepaling met betrekking tot meervoudige onderling uitsluitende projekte.

Newevereiste modules:

- Finansiële Bestuur 214, 244 of
- Beleggingsbestuur 254

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

352 (12) Navorsing in Finansiële Bestuur (2L)

Identifisering en formulering van finansiële bestuursvraagstukke en/of geleentehede; daarstelling van finansiële navorsingsdoelwitte; identifisering van toepaslike navorsingsontwerpe; toepassing van sekondêre en/of primêre navorsing; ontleding van finansiële data ten einde navorsingsdoelwitte te bereik.

Newevereiste modules:

- Finansiële Bestuur 214, 244 of
- Beleggingsbestuur 254

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

354 (12) Amalgamasies en Oornames (2L)

Prosesse by amalgamasies en oornames; finansiële en strategiese aspekte; teorieë; toepaslikheid van mededingings- en ander wetgewing; empiriese gewens; hefboomuitkope; bestuursuitkope; verdedigingstrategieë; gesamentlike projekte en alliansies; ontbondeling; bestuursriglyne.

Newevereiste modules:

- Finansiële Bestuur 214, 244 of
- Beleggingsbestuur 254

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

59765 Finansiële Beplanning

214 (16) Finansiële Beplanning (4L)

Inleiding tot lewensversekering; inleiding tot korttermynversekering; inleiding tot aftreebeplanning; bemarkingsvaardighede; praktykbestuur.

Newevereiste module:

- Ondernemingsbestuur 113

Voorvereiste modules:

- Ondernemingsbestuur 142
- Renterekening 152
- Statistiese Metodes 176 of
- Statistiek 186 of
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

378 (48) Finansiële Beplanning (4L)

'n Studie van aftree-annuïteite, pensioen- en voorsorgfondse; 'n studie van testamente en boedels; die beleggingsbeplanningsproses; ontwerp en finansiering van werknemervoordele; inleiding tot mediese skemas; inleiding tot besigheidsversekering; gevallestudies wat al die werk van die tweede en derde jaar saamvat.

Slaagvoorvereiste module:

- Finansiële Beplanning 214

Newevereiste modules:

- Beleggingsbestuur 254
- Ekonomie 214, 244
- Finansiële Rekeningkunde 288
- Handelsreg (Handel) 285

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

48550 Ondernemingsbestuur

113 (12) Ondernemingsbestuur (3L, 1P)

Prosedures vir die totstandkoming van 'n nuwe onderneming, die ondernemingsomgewing, sake-etiek, mededinging, idee-generering en entrepreneurskap, keuse van ondernemingsvorm, bepaling van gelykbreekpunt, hulpbronne en mense betrokke by die onderneming, bestuur en bestuurshulpmiddele.

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

142 (6) Die Beleggingsbesluit (1.5L, 1P)

Die beleggingskringloop; rol en werking van die JSE Sekuriteitebeurs SA; beleggingsrisiko's; faktore wat aandelepryse beïnvloed; fundamentele en tegniese analise van maatskappye.

Metode van assessering: Buigsame assessering.

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

59587 Strategiese Bestuur

344 (12) Strategiese Bestuur (1.5L, 0.5P)

Strategiese bestuursuitdagings in komplekse omgewingsituasies; besigheidsmodelle en -strategieë; strategiese omgewingsontleding, strategiese bronne- en vermoënsontleding; strategiese rigtinggewing; strategie-ontwikkeling; kennis, innovasie en kompleksiteitsbestuur; strategie-implementering; prestasie-meting en veranderingsbestuur.

Newevereiste module:

- Ondernemingsbestuur 113 **Nie van toepassing vir studente in die studierigting Boskunde nie.

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

13353 Uitruil semester

342 (60) Uitruil Semester (2L)

Slegs van toepassing vir BCom (Internasionale Besigheid) studente

Studente neem deel aan 'n semester by een van Universiteit Stellenbosch se vennootinstansies. Die netwerk van vennote sluit 'n wye verskeidenheid wêreldstreke in. Alle modules word vooraf goedgekeur deur die verantwoordelike departement om in te pas met die doelwitte en uitkomst van die program.

Tuisdepartement: Ondernemingsbestuur

Skool vir Rekeningkunde

59277 Sake-etiek

214 (8) Sake-etiek (2L)

Inleiding tot etiek, toegepaste etiek en etiese besluitneming; makro-etiese kwessies in sake-etiek; kontemporêre benaderings tot korporatiewe sosiale verantwoordelikheid en korporatiewe beheer; professionalisme en etiek in rekeningkunde; die aard en funksionering van professionele kodes; etiese uitdagings in die funksies van rekeningkunde (d.w.s. audit, bestuur en belasting); bestuurs- en organisasie-etiek; skryfvaardighede, navorsing en die analise van gevallestudies in toegepaste etiek.

Opmerking:

Sake-etiek 214 is 'n uitsluitingsvak met Sake-etiek 314.

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

18287 Belasting

298 (24) Belasting (2L)

Die belastingstruktuur in die Republiek van Suid-Afrika na aanleiding van die Inkomste-belastingwet; die bepaling van die normale belastingaanspreeklikheid en terughoudings-belastingaanspreeklikheid van individue en die berekening van werknemersbelasting.

Slaagvoorvereiste module:

- Finansiële Rekeningkunde 178 of 188 (In laasgenoemde geval moet die interne Finansiële Rekeningkunde-toets wat deur die Skool vereis word, suksesvol afgeleë word.)

Neuwevereiste module: Finansiële Rekeningkunde 278

Tuisdepartement: Skool Vir Rekeningkunde

388 (24) Belasting (2L)

Die belastingstruktuur in die Republiek van Suid-Afrika na aanleiding van die Inkomstebelastingwet; die bepaling van die belastingaanspreeklikheid van individue en maatskappye; opgawes, aanslae en ander diverse administratiewe aspekte wat daarmee verband hou. BTW ingevolge die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde.

Slaagvoorvereiste module: Finansiële Rekeningkunde 178 of 188

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

399 (36) Belasting (3L)

Belastingwetgewing in die Republiek van Suid-Afrika met besondere klem op maatskappye, belasting op toegevoegde waarde, kapitaalwinstbelasting, voorlopige belasting en die belasting van individue.

Slaagvoorvereiste module: Finansiële Rekeningkunde 278

Voorvereiste module: Belasting 298

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

10812 Bestuursrekeningkunde

278 (30) Bestuursrekeningkunde (4L)

Konsepte van strategie en besigheidsrisiko. Tydwaarde van geld; risiko en opbrengs; waardasies; bedryfskapitaalbestuur; finansieringsbesluit; koste van kapitaal en investeringsbesluit. Kostelemente en -begrippe; kostetoedeling en -gedrag; kostestelsels insluitende taakkoste, standaardkoste en proseskosse; mede- en neweprodukte; begrotings; en absorpsie en veranderlike koste.

Slaagvoorvereiste module:

- Finansiële Rekeningkunde 178 of 188 (In laasgenoemde geval moet die interne Finansiële Rekeningkunde-toets wat deur die Skool vereis word, suksesvol afgeleë word.)

Newevereiste module: Finansiële Rekeningkunde 278 of 288

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

288 (24) Bestuursrekeningkunde (3L)

Inleiding tot strategie. Tydwaarde van geld; risiko en opbrengs; waardasie van voorkeuraandeel en effekte; bedryfskapitaalbestuur; finansieringsbesluit en koste van kapitaal. Fundamentele beginsels van koste- en bestuursrekeningkunde; kostetoedeling en -gedrag; taakkoste; standaardkoste; proseskosse; mede- en neweprodukte; begroting en beheer.

Slaagvoorvereiste module: Finansiële Rekeningkunde 188 of

Voorvereiste module: Finansiële Rekeningkunde 178

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

378 (36) Bestuursrekeningkunde (3L)

Waardasies en oornames; ontleding van finansiële inligting in die geïntegreerde verslag; dividendbeleid; besighede in finansiële stres en finansiële risiko. Standaardkoste; optimalisering; prestasiebestuur; koste-volume-winsontleding; risiko en onsekerheid; aktiwiteitsgebaseerde koste; relevante inligting en oordragpryse.

Slaagvoorvereiste module: Finansiële Rekeningkunde 278

Voorvereiste module: Bestuursrekeningkunde 278

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

388 (48) Bestuursrekeningkunde (4L)

Waardasies van besighede; oornames; ontleding van finansiële inligting in die geïntegreerde verslag; verdeling van wins en finansiële risiko. Begroting en beheer; standaardkoste; absorpsie en veranderlike koste; koste-volume-winsontleding; risiko en onsekerheid; aktiwiteitsgebaseerde koste; relevante inligting; deurvoerrekeningkunde en kostebestuurtegnieke.

Slaagvoorvereiste module: Finansiële Rekeningkunde 278 of 288

Voorvereiste module: Bestuursrekeningkunde 278 of 288

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

26883 Finansiële Rekeningkunde

178 (24) Finansiële Rekeningkunde (4L)

Die konseptuele raamwerk van rekeningkunde; inleiding tot internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde; die rekeningkundige proses; opstel en aanbieding van finansiële verslae van maatskappye; beslote korporasies; vennootskappe; rekeningkundige hantering van besendings en takke; likwidasies.

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

188 (24) Finansiële Rekeningkunde (4L)

Teoretiese grondslae in Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde; rekeningkundige stelsels; finansiële verslagdoening van verskillende ondernemingsvorme.

Opmerking

Studente wat nie Rekeningkunde vir matriek geslaag het nie, moet in die eerste semester vir Finansiële Rekeningkunde 188 5 lesings per week volg.

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

278 (32) Finansiële Rekeningkunde (4L)

Voortsetting van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde; inleiding tot groepstate; hantering van intergroeptransaksies en verantwoording vir beleggings in geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings.

Slaagvoorvereiste module:

- Finansiële Rekeningkunde 178 of 188 (In laasgenoemde geval moet die interne Finansiële Rekeningkunde-toets deur die Skool vereis, suksesvol afgelê word.)

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

288 (32) Finansiële Rekeningkunde (4L)

Voortsetting van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde. Finansiële verslagdoening van verskillende ondernemingsvorme.

Slaagvoorvereiste module: Finansiële Rekeningkunde 178 of 188

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

379 (48) Finansiële Rekeningkunde (4L)

Voortsetting van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde; voortsetting van groepstate; komplekse groepe; verkryging en verkoop van filiale; verandering in mate van beheer; buitelandse bedrywighede; ekwiteitsverantwoording van geassosieerde maatskappye en gesamentlike onderneming; en gekonsolideerde kontantvloeiestate.

Slaagvoorvereiste module: Finansiële Rekeningkunde 278

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

389 (48) Finansiële Rekeningkunde (4L)

Gevorderde aspekte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde; voortsetting van groepstate en gekonsolideerde kontantvloeiestate.

Slaagvoorvereiste module:

- Finansiële Rekeningkunde 278 of 288 (Geen derdejaarmodules in Logistieke Bestuur mag in kombinasie met Finansiële Rekeningkunde 389 geneem word nie.)

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

48062 Inligtingstelsels

112 (6) Inligtingstelsels in 'n besigheidsomgewing (1L, 1P)

Praktiese vaardigheid in die gebruik van inligtingstelseltegnologie in 'n besigheidsomgewing. Begrip en praktiese gebruik van bedryfstelsels, woordverwerkers, e-pos, internet, aanbiedings-programmatuur en sigbladverwerkers.

Opmerking

Inligtingstelsels 188 en Inligtingstelsels 112 mag nie saam vir graaddoeleindes aangebied word nie.

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

152 (6) Besigheidstelsels (2L)

Kernbeginsels van operasionele bestuur, voorsieningsketteringbestuur en gehaltebestuur. Etiek en die hantering van etiese konflikte in 'n besigheidsongewing.

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

188 (24) Inligtingstelsels vir rekenmeesters (3L, 1.5P)

Hierdie module is slegs vir BRek, BCom (Finansiële Rekeningkunde) en BCom (Bestuursrekeningkunde).

Algemene inligtingstechnologieskonsepte vir besigheidstelsels (algemene stelselteorie, infrastruktuur, netwerke en elektroniese kommunikasie, inleiding tot die ontwikkeling, bestuur en beheer van inligtingstelsels). Die praktiese gebruik van algemene toepassingsprogrammatuur en 'n gerekenariseerde rekeningkundige inligtingstelsel.

Opmerking

Inligtingstelsels 188 en Inligtingstelsels 112 mag nie saam vir graaddoeleindes aangebied word nie.

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

214 (6) Geïntegreerde Inligtingstelsels (2L)

Die module maak gebruik van 'n gevallestudie-metodologie om op 'n praktiese wyse begrip van die boublokke van besigheidsmodelle en geïntegreerde verslagdoening te bewerkstellig. Hierdie kursus is ontwerp om te voldoen aan die deurlopende vaardighede wat deur toekomstige Geoktrooieerde Rekenmeesters (soos per die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters) en Geoktrooieerde Bestuursrekenmeesters (soos per die Geoktrooieerde Instituut van Bestuursrekenmeesters), benodig word en fokus op integrasie met Bestuursrekeningkunde.

Newevereiste module: Bestuursrekeningkunde 278 of 288

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

242 (6) Geïntegreerde Rekeningkundige Inligtingstelsels (2L)

Die praktiese implementering en werking van kontroles in 'n gerekenariseerde rekeningkundige inligtingstelsel. Hierdie kursus is ontwerp om te voldoen aan die deurlopende vaardighede wat deur toekomstige Geoktrooieerde Rekenmeesters (soos per die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters) en Geoktrooieerde Bestuursrekenmeesters (soos per die

Geoktrooieerde Instituut van Bestuursrekenmeesters), benodig word en fokus op integrasie met Finansiële Rekeningkunde, Ouditkunde en Belasting.

Newevereiste module: Finansiële Rekeningkunde 278

Voorvereiste module: Ouditkunde 288

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

17426 Ouditkunde

288 (24) Ouditkunde (2.5L)

Inleiding en agtergrond tot Ouditkunde; etiek en die wetlike aanspreeklikheid van die ouditeur; die auditproses (vooraanstellings- en beplanningsaktiwiteite); basiese beginsels van interne beheer; interne beheersiklusse en die ontwerp daarvan.

Voorvereiste module: Finansiële Rekeningkunde 178 of 188

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

378 (24) Ouditkunde (2.5L)

Voortsetting van Ouditkunde 288(24)/Ouditkunde 388(24).

Oudit in 'n rekenaarmgewing; die auditproses (auditprosedures, afhandeling en verslagdoening); auditsteekproefneming.

Voorvereiste module: Ouditkunde 288

Neuwevereiste module: Finansiële Rekeningkunde 278 of 288

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

388 (24) Ouditkunde (2.5L)

(Inhoud dieselfde as Ouditkunde 288)

Inleiding en agtergrond tot Ouditkunde; etiek en die wetlike aanspreeklikheid van die ouditeur; die auditproses (vooraanstellings- en beplanningsaktiwiteite); basiese beginsels van interne beheer; interne beheersiklusse en die ontwerp daarvan.

Voorvereiste module: Finansiële Rekeningkunde 178 of 188

Tuisdepartement: Skool vir Rekeningkunde

Skool vir Publieke Leierskap

48003 Openbare en Ontwikkelingsbestuur

114 (12) Oriëntering tot Ontwikkeling, Samelewing en Staat (3L)

Inleiding tot ontwikkeling, samelewing en Staat as fokusse vir Ontwikkelingsbestuur, deur klem op

- kontekstualisering van ontwikkeling (interdissiplinêre aard, armoede en teorieë);
- institusionele rolspelers in ontwikkeling (openbare sektor, privaat sektor, NRO's en vakbonde);
- Ontwikkelingsbestuur in die praktyk (strategieë, insluitend ontwikkelingsbeplanning en openbare deelname);
- Ontwikkelingsbestuur en aksienavorsing.

Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap

144 (12) Openbare Bestuur en Beleid (3L)

Die bestuurstaak van die openbare bestuurder, die openbarebestuursomgewing, openbarebestuursfunksies, beleidmaking, beplanning, organisering, leierskap, motivering, kontrole, evaluering en openbarebestuursvaardighede.

Die aard van openbare beleid, regeerkunde, ontwikkeling, volhoubaarheid en goeie beleidspraktyke (omgewing, sosiale, ekonomiese en politieke ontwikkeling).

Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap

212 (8) Ontwikkelingsteorieë en Paradigmas (1.5L)

Kritiese evaluering van die vernaamste ontwikkelingsteorieë en paradigmas, insluitende modernisasie, afhanklikheid, post-ontwikkeling, volhoubare ontwikkeling.

Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap

222 (8) Regeerkunde (1.5L)

Makro-organisering van die Staat, verdeling van gesag, teorieë van die Staat (“new public management”, netwerkteorieë, ko-operatiewe regering, liberale, radikale en ontwikkelingsteorieë van die Staat), geïntegreerde openbare bestuur, praktiese toepassings op nasionale, provinsiale en plaaslike regeeringsfere, die morele en etiese grondslae van die Staat.

Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap

242 (8) Ontwikkelingsbeleidraamwerke (1.5L)

Fokus op die volgende ontwikkelingsverwante areas wat daarop gemik is om die leerders te laat nadink oor moontlike ontwikkelingstrategieë en beleide wat voorgestel kan word in elke area om positiewe verandering teweeg te bring. Die doel en fokus van die module sal teoreties wees, relatief tot praktiese uitdagings. Geselekteerde makrovlak-ontwikkelingsuitdagings sal op gefokus word. Dit sluit die volgende in:

- ’n Inleiding in makrovlak-ontwikkelingstrategieë in die Suid-Afrikaanse konteks
- Ontwikkelingsdimensies: Ekonomiese en sosiale ontwikkeling en die rol van die Staat in ’n globale konteks: HOP en GEAR
- Stedelike en landelike ontwikkeling – stedelike vernuwing en die landelike ontwikkelingstrategie
- Volhoubare ontwikkeling/die natuurlike omgewing en ontwikkeling

Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap

252 (8) Die Openbare Beleidsproses (1.5L)

Bestudeer openbare beleid en ontwikkelingsbeleid, deur die proses waardeur openbare beleid tot stand kom, die ontleed, insluitend beleidagendastelling, beleidopsiegenerering, beleidimplementering, beleidevaluering, beleidimpakbeoordeling en beleidverandering.

Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap

314 (12) Mikro-ontwikkelingsbestuurstrategieë (1.5L)

Mikrovlak-strategieë vir Ontwikkelingsbestuur-praktyk geïntegreer met toepaslike ontwikkelings-teorie, strategie, bestuur en beleidsbeginsels op 'n holistiese en interdisiplinêre wyse.

Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning (GOP) in die konteks van Ontwikkelingsgerigte Plaaslike Bestuur, deur gemeenskapsontwikkeling, beplanning en projekbestuur op mikrovlak; funksies van veranderingsagente, die Gemeenskapswerker- Program, strategieë vir openbare deelname, die sosiale leerproses, kapasiteitsbou, bemagtiging en volhoubare ontwikkeling op mikro/plaaslike regeringsvlak.

Die relevansie van kwalitatiewe navorsing en inheemse kennisstelsels vir gemeenskapsontwikkeling en projekbestuur.

Slaagvoorvereiste modules: Openbare en ontwikkelingsbestuur 114, 144, 212, 222, 242, 252

Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap

324 (12) Openbare Bestuurstrategieë (1.5L)

Hierdie module ondersoek die strategiese aard en integriteit van wat ook al beplan, uitgevoer en geëvalueer word ten einde goeie regeerkunde te verseker. Die ondersoek fokus op:

- *Strategiese funksie:* Definiëring, beplanning, uitvoering en evaluering van die doel van 'n inisiatief deur middel van strategiese beplanning sowel as program- en projekbestuurstechniek;
- *Hulpbronne:* Strategieë vir benutting van finansiële, menslike en informasiehulpbronne in diens van die doel; en
- *Struktuur:* Die aanwending van organisasie-ontwikkelingstechniek ten einde die toepaslike organisasieraamwerk waarmee die doel gedien word te bekom.

Slaagvoorvereiste modules: Openbare en ontwikkelingsbestuur 114, 144, 212, 222, 242, 252

Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap

348 (24) Geïntegreerde Ontwikkeling, Beleid en Bestuurteorie en Praktiese Sluitsteen (1.5L)

Die bestudering van kritiese vraagstukke in openbare en ontwikkelingsbestuur en geïntegreerde regering, byvoorbeeld aangeleenthede rakende etiek, behuising, openbare en privaat vennootskappe, alternatiewe dienslewering, organisasieverandering, prestasiebestuur, transformasie en regulering, en omgewingsregeerkunde (*capita Selecta*).

Slaagvoorvereiste modules: Openbare en ontwikkelingsbestuur 114, 144, 212, 222, 242, 252

Tuisdepartement: Skool vir Publieke Leierskap

Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

56820 Waarskynlikheidsleer en Statistiek

144 (16) Waarskynlikheidsleer en Statistiek (3L, 3T)

Kombinatoriese analise; basiese telbeginsels; permutasies en kombinasies. Stogastiese verskynsels; steekproefruimtes en gebeurtenisse; waarskynlikheidsaksiomas; die waarskynlikheid van 'n gebeurtenis; gelykkansige seleksie; waarskynlikheidsreëls; voorwaardelike waarskynlikheid; Bayes se reël; stogastiese onafhanklikheid. Diskrete en kontinue stogastiese veranderlikes; verwagte waarde en variansie van stogastiese veranderlike; belangrike diskrete verdelings: binomiaal, Poisson, geometries, hipergeometries, negatiefbinomiaal; belangrike kontinue verdelings; uniform, eksponensiaal, normaal

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap

22853 Wiskundige Statistiek

214 (16) Verdelingsleer en Inleiding tot Statistiese Inferensie (4L, 2P)

Kontinue stogastiese veranderlikes; verwagte waarde en variansie van 'n kontinue stogastiese veranderlike; belangrike kontinue verdelings; uniforme, normaal, eksponensiaal, gamma, beta. Momente en momentvoortbringende funksies vir diskrete en kontinue verdelings. Tweeveranderlike waarskynklikheidsverdelings; rand- en voorwaardelike verdelings; die multinomiaal- en die tweeveranderlike normaalverdeling; Bepaling van die verdeling van funksies van veranderlikes. Die sentrale limietstelling (sonder bewys). Steekproewe en steekproefverdelings: die standaard parametries gevalle. Intervalberaming en hipotesetoetsing: toepassing van hierdie beginsels in die standaardgevalle van parametries inferensie. Datavoorstelling en -beskrywing, berekening en interpretasie van steekproefmaatstawwe.

Slaagvoorvereiste modules:

- Wiskunde 114, 144
- Waarskynlikheidsleer en Statistiek 114 of 144

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap

245 (8) Statistiese Inferensie en Steekproefnemingsteorie (2L, 1P)

Inleiding tot statistiese inferensie. Beginsels van puntberamingdoeltreffendheid, minimumvariensie- onsydige beramers, konsekwentheid. Metode-van-momente-beramers. Maksimumaanneemlikheidsberamers. Die Neyman-Pearson-lemma: bewys en toepassings. Aanneemlikheidsverhoudingtoetse.

Steekproefnemingsteorie: steekproefnemingstegnieke in eindige en oneindige populasies, opnames en sekvensiële analise.

Metode van assessering: Formele assessering.

Slaagvoorvereiste module: Wiskundige Statistiek 214

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap

246 (8) Lineêre Modelle in Statistiek (2L, 1P)

Matriksalgebra. Stogastiese vektore en matrikse. Die meerveranderlike normaalverdeling. Verdélings van kwadratiese vorms. Die enkelvoudige lineêre regressiemodel. Die metode van kleinste kwadrate. Inferensie in die eenvoudige lineêre regressiemodel. Inleiding tot R sagteware.

Metode van assessering: Formele assessering.

Slaagvoorvereiste module: Wiskundige Statistiek 214

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap

312 (16) Statistiese Inferensie en Waarskynlikheidsleer (3L, 1P)

Gevorderde verdélingsleer, rye stogastiese veranderlikes, limietteorie vir rye, voortbringende funksies, steekproefverdélings. Verskillende benaderings tot inferensie. Parametriese beramingsteorie en hipotesetoetsing, passingstoetse, nie-parametriese inferensie. Bayesinferensie. Beslissingsteorie.

Metode van assessering: Formele assessering.

Slaagvoorvereiste module:

- Wiskundige Statistiek 244 of
- Wiskundige Statistiek 245

Voorvereiste modules:

- Wiskundige Statistiek 246 met 'n prestasiepunt van minstens 40%
- Wiskunde 214, 244

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap

316 (16) Regressie en Analise van Variansie (3L, 1P)

Passing van regressiemodelle met behulp van matrikse. Die meervoudige lineêre regressiemodel. Inferensie in die meervoudige lineêre regressiemodel. Residu-ontleding. Analise van variansiemodelle. Die gebruik van R sagteware om modelle in die praktyk toe te pas.

Metode van assessering: Formele assessering.

Slaagvoorvereiste module:

- Wiskundige Statistiek 244 of
- Wiskundige Statistiek 246

Voorvereiste modules:

- Wiskundige Statistiek 245 met 'n prestasiepunt van minstens 40%
- Wiskunde 214, 214

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap

344 (16) Stogastiese Prosesse (3L, 1P)

Inleiding tot stogastiese prosesse. Markov-kettings, Markov-prosesse en hulle toepassings. Markov-sprong-prosesse. Eenvoudige martingaalteorie en toepassings. Brown-bewegings. Hernuwingsteorie.

Voorvereiste module: Wiskundige Statistiek 312/318, 316/318

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap

354 (16) Lineêre Modelle, Variansiekomponente Modelle en Veralgemeende Lineêre Modelle (3L, 1P)

Kovariansieanalise: Toetse vir gelyke faktoreffekte met parallelle en nie-parallelle regressielyne. Variansiekomponente model: Beraming van die verskillende variansiekomponente, hipotesetoetsing. Eenrigting- en tweerigting (met en sonder wisselwerking)-modelle.

Eksponensiële familie van verdelings: Kanoniese vorm, verwagte waarde en variansiefunksie, aanneemlikheidsfunksie. Veralgemeende lineêre modelle: Lineêre voorspellers, skakelfunksies, maksimum aanneemlikheidsberamers, Fisher-tellingsmetode, informasiematriks, iteratiewe geweegde kleinste kwadrate, steekproefverdelings van prestasiestatistiek, m.a.-beramers en deviansie, Taylor-reeksontwikkelings, hipotesetoetsing.

Toegepaste veralgemeende lineêre modelle: Logistiese regressie, Poissonregressie, oorlewingsanalise.

Die gebruik van rekenaartaal R om kovariansieanalise, variansiekomponente modelle en veralgemeende lineêre modelle in die praktyk toe te pas.

Voorvereiste module: Wiskundige Statistiek 312/318, 316/318

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap

364 (16) Tydreekse (3L, 1P)

Stasionariteit, filters vir tydreekse, outoregressief, bewegende gemiddelde, outoregressiewe bewegende gemiddelde en outoregressiewe geïntegreerde bewegende gemiddelde tydreekse, skuifoperatore vir tydreekse, model-identifisering en beraming en diagnostiese toetsing van tydreekse, nie-stasionariteit van tydreekse. Toepassing van tydreekse.

Voorvereiste module: Wiskundige Statistiek 312/318, 316/318

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap

19658 Statistiek

Opmerking

Vir Statistiek as hoofvak vir 'n BCom-graad word die modules Statistiek 186 of Statistiese Metodes 176, Statistiek 214, 224, 244 en Statistiek 318, 348 vereis.

186 (18) Inleiding tot Statistiek (4L)

Lineêre programmering: Grafiese tegnieke om probleme met twee veranderlikes op te los; Skadupryse; Sensitiwiteitsanalise.

Steekproefnemings tegnieke: Eenvoudig ewekansig; Gestratifiseerd; Sistematies; Tros; Waarskynlikheid eweredig aan grootte.

Beskrywende Statistiek: Verskillende datatipes; Stingel-en-blaarvoorstellings; Frekwensieverdelings; Grafiese voorstelling van data (histogramme, veelhoeke, staaf- en sektordiagramme); Beskrywende maatstawwe van lokaliteit, spreiding en verwantskap (gemiddelde, mediaan, modus, persentiele, variansie, standaardafwyking, korrelasiekoëffisiënt); Houer-en-punt diagramme.

Waarskynlikheidsleer: Basiese waarskynlikheidskonsepte (steekproefruimtes, gebeurtenisse, optel- en vermenigvuldigingsreëls, voorwaardelike waarskynlikhede, waarskynlikheidsbome, gebeurlikheidstabelle); Bayes se stelling; Telreëls.

Diskrete stogastiese veranderlikes en waarskynlikheidsverdelings: Verwagte waarde, variansie en standaardafwyking van 'n diskrete stogastiese veranderlike; Kovariansie tussen diskrete stogastiese veranderlikes; Portefeuljebestuur; Die binomiaal- en hipergeometriese verdelings.

Basiese calculus: Inleiding tot differensiasie en integrasie met eenvoudige toepassings.

Kontinue stogastiese veranderlikes en waarskynlikheidsverdelings: Verwagte waarde, variansie en standaardafwyking van 'n kontinue stogastiese veranderlike; Die normaalverdeling.

Steekproefverdelings: Die sentrale limietstelling; Steekproefverdelings van die gemiddelde, 'n proporsie en die variansie; Steekproefverdeling van die verskil tussen twee gemiddeldes.

Inferensiële Statistiek: Intervalberaming en hipotesetoetsing van die gemiddelde, 'n proporsie, die variansie en die standaardafwyking; Intervalberaming en hipotesetoetsing van die verskil tussen twee gemiddeldes en die verhouding van twee variansies; Toepassings van intervalberaming in ouditkunde.

Regressieanalise: Die eenvoudige lineêre regressiemodel; Die metode van kleinste kwadrateberaming; Inferensie omtrent die modelparameters en die korrelasiekoëffisiënt; Residu-analise.

Tydreeksanalise: Komponente van 'n tydreeks; Gladstryking; Kleinste kwadratetendenspassing en -vooruitskatting; Indeksstyfers.

Verskille tussen Statistiek 186 en Statistiese Metodes 176:

In Statistiek 186 en Statistiese Metodes 176 word soortgelyke statistiese tegnieke behandel. In Statistiek 186 word basiese wiskundige tegnieke hersien en uitgebrei wat nie deel vorm van die Statistiese Metodes 176 sillabus nie. Die Statistiek 186 module is 'n geëksamineerde module met drie toetse wat deur die jaar geskryf word en 'n finale eksamen wat aan die einde van die jaar afgelê moet word. Die fokus in die Statistiese Metodes 176 module is meer prakties met

toepassings in Excel wat beklemtoon word met rekenaaropdragte. Hierdie opdragte vorm 'n belangrike komponent, 40% van die module, van hierdie deurlopend geëvalueerde module.

Tuisdepartement: Statistiek en Aktuariële Wetenskap

214 (16) Toegepaste Statistiek (3L, 2T)

Beskrywende statistiek: Verskillende datatipes; Frekwensieverdelings; Gebeurlikheidstabelle; Grafiese voorstelling van verskillende datatipes; Maatstawwe van lokaliteit en spreiding; Houer-en-puntdiagram.

